

# TAAALGENOOT



ATKV  
SOMER 2025



ATKV

*Belê in jouself  
en wees  
die verskil!*



**DRUK JOU STEMPEL AF**

OP DIE ATKV-KULTUURKALENDER

**EN SKRYF IN**

VOOR DIE SLUITINGSDATUMS!



# INHOUD

**5 REDAKSIEBRIEF**

Om tyd te rek

**6 STANDPUNT**

Bela, Afrikaans en die ATKV

**7 VERONIQUE JEPHTAS**

Stories issie dood nie

**8 GERHARD VAN HUYSSTEEN**

Jy kan ook pakansie hou

**9 MARLENE STEYN**

'n Kykie na die binnekant

**14 GODFREY MAJADIBODU**

Kuns het hom gekies!

**18 PEN AFRIKAANS**

Jaco Barnard-Naudé

**20 DANA SNYMAN**

Die storievanger van Kaapschehoop

**24 VOORBLAD: BENNIE FOURIE**

Bennie maak dit beter!

**32 ARABIESE AFRIKAANS**

Die taal met baie wortels

**36 ENGELE**

Engele 'n wesenlike werklikheid?

**40 TIENER-UITBRANDING**

Uitblink of uitbrand?

**44 ONDERWATERFOTOGRAFIE**


Verdrink in kreatiwiteit


**50 TRADISIES**

Saamwees in 'n tyd van verandering

**54 TURKSVY**

Vry van die voorskoot



**58 KATINKA HEYNS**

Katinka, ewige storieverteller

**62 MCCLAREN-GESELSKAP**

Dis een groot sirkus!

**68 KLEURGLASVENSTERS**

'n Blik op die siel

**72 BETTINA WYNGAARD**

Uithou en aanhou, maar nooit bekhou!

**76 SPEEL**

Speel ... nie net vir kinders nie!

**80 HONDEMUSEUM**

Oubaas se honne

**84 MARIÉ HEESE**

Getroue bewaarder van ons geheue

**88 AGRI'S GOT TALENT**

Plase vol talent!

**92 DARRYL SPIJKERS**

Meneer toneel

**96 RUK & RYM**

Gevind: Ware makkers!

**100 ATKV-BÔRDIENGHUISTEATER**

Kunshande gevat in die Boland

**104 LEDEVOORDELE**

Voordele van A tot amper Z!

**108 ATKV-GOUDINI SPA**

'n Wegbreek kort duskant Kaapstad

**113 BLOKRAAI****114 FOURIE ROSSOUW**

Om jou lewe met 'n plank te slaan

PRODUKSIEREDAKTEUR Martie Swart  
SENIOR SUBREDAKTEUR Angie Gallagher  
UITLEGKUNSTENAAR Marelise Scholtz  
TAALVERSORGING Marti Swanepoel

\*Alle foto's soos in die tydskrif gebruik verkry vanaf Adobe Stock tensy anders aangedui.

INTEKENARE Lillian Meyer  
Tel: 011 919 9112  
E-pos: [LillianM@atkv.org.za](mailto:LillianM@atkv.org.za) | [taalgenoot@atkv.org.za](mailto:taalgenoot@atkv.org.za)

BEMARKING & ADVERTENSIES  
*Taalgenoot*-redaksie: [taalgenoot@atkv.org.za](mailto:taalgenoot@atkv.org.za)

**TAALGENOOT**

Vir redaksionele of advertensienavrae  
Posbus 4586, Randburg 2125  
Tel: 011 919 9000  
E-pos: [MarieS@atkv.org.za](mailto:MarieS@atkv.org.za)  
Webwerf: [www.atkv.org.za](http://www.atkv.org.za)

**ATKV-HOOFKANTOOR**

Vir adresveranderings of ledenavrae  
Posbus 4586, Randburg 2125  
Tel: 011 919 9000  
WhatsApp nommer: 082 654 7577  
E-pos: [atkv@atkv.org.za](mailto:atkv@atkv.org.za)  
Webwerf: [www.atkv.org.za](http://www.atkv.org.za)

**BUFFELSPOORT**

Die Oordbestuurder, Privaatsak X222,  
Mooiooi 0325  
Tel: 014 572 1000  
E-pos: [buffelspoort@atkv.org.za](mailto:buffelspoort@atkv.org.za)

**DRAKENSVILLE**

Die Oordbestuurder, Posbus 53, Jagersrust 3354.  
Tel: 036 438 6287  
E-pos: [drakensville@atkv.org.za](mailto:drakensville@atkv.org.za)

**EILAND SPA**

Tel: 015 386 8000  
E-pos: [eilandspa@atkv.org.za](mailto:eilandspa@atkv.org.za)

**GOUDINI SPA**

Die Oordbestuurder, Posbus 47, Rawsonville 6845.  
Tel: 044 601 7200/19/21  
E-pos: [goudini@atkv.org.za](mailto:goudini@atkv.org.za)

**HARTENBOS**

Die Oordbestuurder, Posbus 3, Hartenbos 6520.  
Tel: 044 601 7200/19/21  
E-pos: [hartenbos@atkv.org.za](mailto:hartenbos@atkv.org.za)

**KLEIN-KARIBA**

Die Oordbestuurder, Posbus 150, Bela-Bela 0480.  
Tel: 014 736 9800  
E-pos: [kariba@atkv.org.za](mailto:kariba@atkv.org.za)

**NATALIA**

Die Oordbestuurder, Posbus 11, Winkelspruit 4145.  
Tel: 031 916 4545/6  
E-pos: [natalia@atkv.org.za](mailto:natalia@atkv.org.za)

Besprekings vir enige van die ATKV-oorde kan ook weksdae vanaf 08:00 tot 17:00 by die sentrale besprekingsnommer op hoofkantoor 011 919 9076 of 011 919 9058 gemaak word.

TG word uitgegee deur die ATKV, Posbus 4586, Randburg 2125. Die menings uitgespreek in TG weerspieël nie noodwendig die amptelike standpunt van die ATKV nie. Geen deel van die inhoud mag sonder die toestemming van die redakteur elders gebruik word nie. Alle medewerkers, fotografe en kunstenaars doen afstand van hul outeursreg sodra 'n bydrae in TG gepubliseer is. Bepalings en voorwaardes aanlyn.

TG neem nie aanspreeklikheid vir die taalkorrektheid of voorkeur van die taal van adverteerders of advertensies nie. Die menings en standpunte uitgespreek deur lesers, skrywers en kunstenaars in TG is nie noodwendig die standpunt van die ATKV nie.



Gedruk deur **novus print**, 'n afdeling van Novus Holdings



## OM TYD TE REK

**S**o op die drumpel tussen die ou en die nuwe jaar is 'n mens nogal geneig om tyd in oënskou te neem. Die ou jaar word ondersoek en as ons gelukkig is, maak ons gebruik van die blaaskans in Desember om vir die volgende jaar te beplan en – as ons die moed het – sommer voornemens te maak oor hoe dit anders sal wees.

Albert Einstein het gesê die onderskeid tussen die verlede, die hede en die toekoms is net 'n hardnekkige illusie. In sy relativiteitsteorie het Einstein voorgestel dat tyd nie absoluut is nie, maar eerder 'n mensgemaakte konsep wat ons aardlinge help om gebeure in verhouding tot mekaar te plaas. Tyd op sigself, het Einstein gesê, het nie 'n selfstandige bestaan nie, maar is 'n manier waarop ons die lewe wil orden.

Die fisikus Carlo Rovelli ondersoek hierdie tema in sy boek *The Order of Time*, waarin hy skryf die verskil tussen die verlede en die toekoms lê nie in die fundamentele struktuur van die werklikheid nie, maar in die vae manier waarop ons dinge waarneem.

As volwassene trek ek die geelbaadjie dikwels sommer op die eerste dag van my jaarlikse verloftyd al aan en beny my jonger self die

ellelange Desembervakansies van haar jeug. Ek onthou dit as een slepende kontinuum van fietse. Die dae het voortgesloer en ons het net wanneer ons maag dit dikteer vinnig by die huis ingeglip vir 'n toebroodjie, twee skywe appel en 'n lang glas Oros voordat ons, langasemkrieke, ons weer op twee rubberwiele gaan vergewis het van wat in die buurt nuus is.

Die sekondes van die dae is soos uitgespoegde kougom op die teer teen 'n tekkie se sool uitgerek om minute en ure te word wat ons saans, héérlik uitgeput, op die bank laat wakker ruk het wanneer dit in 'n droom gevoel het of ons van die fiets af sloeg.

Deesdae se verposing is byna altyd te kort en voel of dit gouer verby is as destyds se rekordtyd vir die kougomborrel wat die

langste opgeblaas kon bly. Die rede hoekom ons persepsie van tyd skynbaar verwronge is, het glo te make met die manier waarop ons brein inligting verwerk en nuwe herinneringe vorm. Aangesien die dae van ons jeug tot boordensvol nuwe belewenisse en vaardighede was, moes ons brein bontstaan om alles in hoë resolusie te onthou. Ons onthou dus langer grepe danksy die stortvloed nuwe inligting wat ons moes verwerk.

Namate ons ouer word, meer op gevestigde geheuepatrone staatmaak, minder unieke ervarings het en minder nuwe hoëresolusie-herinneringe geskep word, voel dit of tyd verbyflits. Dit is tog moontlik om tyd effens "uit te rek" wanneer ons as volwassenes ook unieke ervarings opsoek wat ons brein sigself haarfyn laat instel en waarneem. Op 'n manier kan ons ons ganse lewe só uitrek.

Die *Taalgenoot*-redaksie wens elke leser in hierdie feesgety genoeg rus én vrede toe. Mag die rustyd saam met geliefdes so uitgerek en verkwikkend voel soos toe ons klein was. Mag ons elkeen in die nuwe jaar vars dinge in die hoogste rat naspoor dat die speke daarvan sing. **T**

**ANGIE GALLAGHER,  
NAMENS DIE REDAKSIE.**



**SONÉL BRITS**  
**BESTURENDE DIREKTEUR**  
**VAN DIE ATKV-MSW**

# BELA, AFRIKAANS EN DIE ATKV

Moedertaalonderrig is noodsaaklik vir gehalteleer en vir die bevordering van kulturele diversiteit en interkulturele dialoog." Só sê Audrey Azoulay, sedert 2017 die direkteur-generaal van Unesco (die Verenigde Nasies se organisasie vir opvoeding, wetenskap en kultuur).



# STORIES ISSIE DOOD NIE

DEUR  
VERONIQUE JEPHTAS

In Junie 2024 was ek in Rome, Italië, toe ek genooi is deur die Universiteit van Rome om deel te vorm van hul Performing the Postcolonial Colloquium. Dit was 'n geleentheid wat my gewys het hoe ryk Suid-Afrika is met digkuns en literatuur wat ons het.

Ek het besef, soes ek my wêreld lees en deur my keynote speech gaan, dat die reaksies van die geleerde mense in die gehoor duidelik ontstaan het uit 'n plek van verlange. 'n Tipe verlang na 'n eerlikheid wat hulle net in hul wildste drome hoor, sê, beleef en najaag.

Ek besef toe dat ek die literal foreigner in die vetrek is, nie net oor ek Suid-Afrikaans en bruin is, nie net oor ek 'n taal praat wat hulle nie verstaan nie, maar oor ek spoeg en speel en skel in 'n eerlike taal wat selfs met losse vertaling hulle wind ytskop.

Dit bring my by die ryk literêre landskap wat ons as Suid-Afrikane het. Dis 'n spasie waar vroue hul stem dik maak.

In 'n soms te konserwatiewe land soos Suid-Afrika is dit maklik om te veg dat ons soveel vordering gemaak het. Ons eis weer ons regmatige plek op met elke gedig, elke kortverhaal, elke oorvetel en elke teruggaan-en-soek na die komvandaan.

Dis 'n universele dors wat net

geles word met die akt van brood breek oor water, oor tafels en oor spektrum. In die post-koloniale Suid-Afrika hettie literêre landskap geskuiw toe ons begin eerlik praat het – toe skrywers nie net geskryf het oor blomme en kuns en liedjies nie, maar oor gebuigde rûe van Ouma en Mamma, die dronk huismoles van Dadda ná hy gepay het, die swaar van vrou-en-man wies, met 'n man in die huis.

Die ek en jy wat vir ek en jy kan herken in strofes wat soos golwe deur ons elkeen se liggaam en gedagtes vloei.

Dis of ons reën gekry het ná 'n lang droogte, of die grond wind gebreek het en al die saadjies van stories geduldig gewag het om

te groei. Skrywers soos Nadine Gordimer en Mongane Wally Serote was lone wolves virre lang tyd, maar nou is hier 'n hele groep. Skrywers soos Ronelda S. Kamfer, Lynthia Julius, Bibi Slippers, Mia Arderne, Vangile Gantshe en soveel meer staan hul plek vol.

Ek wêreld ek noem baie min name, maar jy verstaan wat ek bedoel. Ek ag myself gelukkig dat ek kan skryf en skep en lees in 'n tyd waar so baie dinge, tale en gebeurtenisse herbedink word deur van die land se beste skrywers en skeppers. Ek is bly ek leef in 'n tyd waar iemand soos Kamfer taal gebruik om resilience in die werkerklas-gemeenskappe te beskryf, waar Arderne fiksie skryf wat amper te naby aan hys is en waar Julius jou Noord-Kaap toe vat met slegs 'n pen op papier.

Die trippie Italië toe het my herinner aan hoe digkuns en literatuur tools is, nie net om oor te vetel nie, maar om te genees en dinge te herbedink. In die hande van die poëte en skrywers wat reëls breek en nuwe reëls maak, voel ek veilig, want niemand lieg meer nie. Niemand is meer bang nie en almal voel dieselle – soos daai mense in Italië gevoel het terwyl ek my poetry perform: veilig.

Dié keer gaan ons stories darem nie saam met ons dood nie. **T**



# JY KAN OOK PAKANSI HOU

DEUR GERHARD VAN  
HUYSTEEN

**d**is somer, dis strand. Dis tyd vir sand, son en ... assimilasië en clichés. In die Suidelike Halfrond is dit vakansietyd.

Ons kry "vakansie" by Nederlands, maar hulle spel dit "vakantie" en spreek dit soms uit as "va.KAN.tsie". Maar meestal net soos ons: "va.KAN.sie". Want sien, om 'n "t" en "s" so langs mekaar aan die begin van 'n klankgreep as "ts" uit te spreek, is eintlik net die fluksste en deftigste onder ons in die bek gelê.

Ons kry daarom tallose sulke gevalle waar ons woorde met 'n "s" skryf-soos-ons-praat, terwyl die Nederlanders nog verbete klou aan die "t". Dink aan ons "polisie" uit hul "politie" of "posisioneer" uit "positioneer"; "kwessie" uit "kwestie". Ons sien presies dieselfde verskynsel in die tale van ander voormalige Nederlandse kolonies: Indonesiese, Papiamentse en Surinaams-Javaanse mense hou almal graag "fakansi". (Die Indonesiërs kan ook "pakansi" hou; dit klink na 'n lekker woord om te gebruik vir die opwindende dae vóór 'n vakansie wanneer jy besig is om te pak en te beplan!)

Maar dis vakansietyd, en hier

hou ek weer skool.

So van skool gepraat, voordat "vakansie" verwys het na 'n tydperk waar daar nie skoolgegaan en gewerk word nie, het dit slegs na 'n skoolvrye periode verwys. En nog voor dit het dit in Middel-Nederlands (in die Middeleeue) na 'n dag of periode verwys waar die gereghoude nie in sitting was nie.

Die skakel met die regswêreld is belangrik, want dit verklaar hoe die Nederlanders "vakansie" via die Romeinse reg uit Latyn loop kry het. In Middeleeuse Latyn het "vacantia" óf vrystelling óf "vry van werk" beteken. Dié woord se bron is *vacō* (om vry te wees), wat ook woorde soos *vakant* en *vakature* ('n vakature is 'n vakante pos; 'n oop, vrye pos),

evakuasie (om te ontruim, vry te maak) en *vakuum* (vry van inhoud) ten grondslag lê.

Die Engelse is ons een voor, want hulle het naas *vacation* ook nog *holiday*. Dié kom al uit die 12de eeu as 'n samestelling van *halig* (*holy*) en *dæg* (*day*) – dus letterlik *holy day*, heilige dag of Sabbat. En aangesien mense toentertyd nie op Sondag en ander heilige dae gewerk het nie het dit al van die 14de eeu ook na werkvrye dae begin verwys. Vandag se mense ken eintlik nie meer regtig die verband tussen *holiday* en *holy day* nie.

In Engels is jy *on vacation* of *on holiday*. Hier is ons weer Engels een voor, want ons sê ewe gemaklik "met vakansie" én "op vakansie". Ja, laasgenoemde is volkome aanvaarbaar; net soos "met verlof" én "op verlof". Terloops, ons "verlof" was in die 1600's in Engels *vorloff*, wat later in *furlough*, oftewel *military leave*, ontwikkel het. Die "lof" in verlof, die *lough* in *furlough* en *leave* is dus almal familie.

Geniet die vakansie en stywe lyne vir die nuwe jaar! **T**

**Gerhard van Huyssteen**  
is 'n taalkundige aan die  
Noordwes-Universiteit.

[gerhard.vanhuysteen@nwu.ac.za](mailto:gerhard.vanhuysteen@nwu.ac.za)

Die droomagtige vormgewing in Marlene Steyn se werk roep elemente van surrealisme op. Hier is sy by *Many Moons Ego* (2024), akriel op doek (140 x 145 x 3,5 cm)



'N KYKIE NA DIE

*binnekant*

Die skilder  
en keramiek-  
kunstenaar  
Marlene Steyn  
gebruik helder  
kleure en  
droomagtige  
beelde om die  
kyker bewus  
te maak van  
sy of haar eie  
vreemdhede  
en drange ...

In 2024 was Marlene Steyn die feeskunstenaar op die Woordfees in Stellenbosch en sy het 'n uitstalling byeengebring van skilderye en kleibeelde. Dit het 'n titel gehad: *Between My I's: Tussen my oë*. Dié uitstalling in die dorp waar sy grootgeword het, het sy as 'n museumuitstalling benader – gewoon omdat die Universiteit Stellenbosch-museum so 'n taaie plek is.

"Ek kon in vier maande nie hierdie ruimte met my werk vul nie," het Marlene tydens die kunstefees in 'n onderhoud gesê, "en daarom is hier werk van die afgelope dekade – sommige is geleen, onder meer by die [Zeit MOCAA](#) in die Kaapse Waterfront en versamelaars in die Kaap en Johannesburg."

Soos beelde is woorde vir haar belangrik. "Baie keer speel ek met woorde en sinne soos met klei – ek breek dit op in kleiner stukkies van klanke en kyk of ek 'wat 'n mens hoor' kan laat bots met 'wat 'n mens lees'. 'n Goeie voorbeeld is dalk *open I's*, wat natuurlik klink soos *open eyes*, maar ook verwys na die gedagte van die meervoudige self of selwe.

"As 'n mens na my skilderye of beelde kyk, is daar altyd meer as een manier om dit te benader – die meervoudige toegange is 'n refleksie van die meervoudige selwe wat ondersoek word: 'n Self weggesteek onder 'n see van ander selwe. Ek probeer die idee van 'n eenvoudige, naatlose self oopbreek en dis vir my belangrik dat my titels dieselfde funksie verrig."

*Vloeibaar*


Die verwysing in die bekendstelling

van Marlene as feeskunstenaar dat "sy graag speel met helder kleure en fantasie om beelde in droomagtige landskappe te skep", is 'n besonder akkurate taksering van haar werk. Speel nie in die opsig dat kunsmaak speel is nie of dat die bedryf nie ernstig opgeneem moet word nie, maar wel dat sy nie 'n kunstenaar is wat beplan of weet hoe haar werke gaan lyk nie.

"Ek maak nie vooraf sketse nie. Wat gebeur op die verfoppervlakke of kleiborde is iets wat uit my vloei. Die proses is vir my speels, want 'n mens moet jouself toelaat om diep binne-in daardie dimensie in te gaan – amper soos 'n kind wat ten volle glo in feetjies en dan in die tuin stories versin om die feetjiewêreld ten volle te betree. Ek neem dié soort speel baie ernstig op ... En dis altyd interessant wat uitkom as 'n mens in daardie vloeiende toestand van speel en ontdek is."

Saam met haar kunsstudie aan die Universiteit Stellenbosch het blootstelling aan die wêreld van die sielkunde en 'n belangstelling in psigoanalitiese teorieë gekom. Die tyd waarin ons lewe, bring volgens Marlene 'n nuwe fokus op ons eie sielkunde en kompleksiteit. "Ons is dalk nou meer as tevore bewus van hoe verskillend ons breine en emosies werk en ons is in 'n mate meer gemaklik met ons eie vreemdhede. Ek dink hierdie nuuskierigheid oor ons psige, onderbewussyn en sielkunde kan mense weer opnuut opgewonde maak oor werke wat ook poog om in te kyk."

Dit is opvallend dat Marlene 100 jaar ná die surrealistiese manifest (in Oktober 1924) verwys na "gemaklik ➤



Written all under her  
face (2024), olie op  
doek (140 x 90 cm)



May Tree Arks  
(2024), keramiek  
en glazuur  
(41,5 x 18 x 14 cm)

[wees] met ons eie vreemdhede", na die rol van die onderbewussyn en die opgewondenheid om in te kyk. Daarby verwys sy deurgaans in haar werk na 'n surrealistiese kunstenaar soos Salvador Dalí (met direkte aanhalings uit sy werk), en daar sou seker ook trekke kon wees van Hieronymus Bosch (as voorloper van die surrealisme), en Frida Kahlo (veral die manier hoe die persoonlike betrek word).

Dit is nie net Marlene se droom-agtige vormgewing wat elemente van surrealisme oproep nie, maar ook haar lewendige kleurgebruik.

## Op soek na simmetrie

Die klem op die speelse en spontane elemente wat die onderbewussyn voortbring, beteken nie dat Marlene se werk sonder beplanning is nie – veral met betrekking tot balans en dikwels simmetrie.

"Ek werk vir ongeveer drie maande aan 'n skildery en daar is dus baie tyd vir al die dele van my brein en psige om gewoonlik die skilderstuurwiel oor te neem," sê sy. "Ek het nog altyd 'n liefde vir wiskunde gehad en soek altyd patrone of 'sin' in die natuur, ander mense en myself. Balans, herhaling, patrone en simmetrie is gereedskap wat ek gebruik om my figure te vleg; in hul omgewing en in die agtergrond. Die beplanning is iets wat in die oomblik gebeur terwyl ek skilder.

"Onbewustelik soek ek gereeld iets wat 'n mens sou kon noem *sacred geometry*, daardie oomblik wanneer dinge in mekaar pas ... 'n liggaam in 'n gesig, 'n vrou in 'n boom. Waar twee dinge saamgesnoer word en 'n klomp

**“BAIE KEER SPEEL EK MET  
WOORDE EN SINNE SOOS  
MET KLEI – EK BREEK DIT OP  
IN KLEINER STUKKIES VAN  
KLANKE EN KYK OF EK ‘WAT ’N  
MENS HOOR’ KAN LAAT BOTS  
MET ‘WAT ’N MENS LEES’.”**

Mother Wood (2024), akriel  
op doek (140 x 110 x 3 cm)



wêreldjies oopbreek.”

Dieselfde soeke kenmerk Marlene se kleibeelde, wat ’n mens ewenwel sou kon lees as 3D-tekeninge; met die moontlikheid om die tekening ook van agter te bekyk.

“Die beelde het ek aanvanklik beskou as figure wat uit my skilderye geval het. Intussen het hulle ’n lewe van hul eie aangeneem. Die negatiewe spasies kan praat oor ons drome en begeertes, asook ons trauma en soeke. Ek dink altyd die toeskouer kan in ’n mate hierdie kleifigure op hul eie manier vul – en hul eie selwe op die werk projekteer.”

Van kleins af was Marlene versot op teken. Dit was haar manier van sin maak van die wêreld. “Dis amper soos daardie geheime alfabette wat jy op skool maak om briewe in kodetaal vir jou maatjies te stuur. Om kuns te maak, is ’n bietjie soos geheime briewe aan myself – om ’n ruimte te skep waar ek kan dink en droom buite taal.”

Aan dié droom het sy vlerke gegee toe die PJ Olivier-kunsskool tydens haar laer- en hoërskooljare ’n “tweede huis” was waar sy aangemoedig en gelei is. En daarna was daar by die Universiteit Stellenbosch, sowel as die Royal College of Art in Londen, waar sy haar meestersgraad in skilderkuns verwerf het, “besondere individue wat my gekoester én uitgedaag het; wat volgens my ’n baie belangrike kombinasie is”.

“Maar net so belangrik was my klasmaats en die stimulerende en kritiese omgewing waarin ons gewerk het.” **T**

**DEUR JOHAN MYBURG  
FOTO’S: VERSKAF**



*Ongetiteld, olieverf en gemengde media op doek (81 cm x 60 cm)*



*Ongetiteld, gemengde media op doek (150 cm x 120 cm)*

# Kuns het

Kunstenaarwees is nie altyd maklik nie, soos Godfrey Majadibodu van Johannesburg kan getuig. Tog het sy hande nog altyd 'n manier gevind om kuns én 'n bestaan te maak ...



*River Dance, akrielverf en gemengde media op Fabriano (100 cm x 70 cm)*



*Godfrey Majadibodu by twee van sy ongetitelde werke. Die medium is akrielverf op Fabriano-papier.*

# hom gekies!

**d**ie begin is maklik, dit is die einde wat moeilik is; wanneer om te besluit die kunswerk is kláár. Godfrey Majadibodu (57) van Diepsloot, Johannesburg, lag maklik en hartlik, maar sy kunspad had vele kronkels en uitdagings. "Dit is 'n moeilike pad, want dit is selde dat jy die pot net met kuns aan die kook kan hou." Dit is eers die laaste paar jaar dat hy heeltyds skilder en hom uiteindelik volkome kan uitdruk in die styl wat hy wil.

Hoewel gebore in Alexandra, Johannesburg, kan 'n beskrywing van sy pad in die kunste lui "Van Regtesloot na Diepsloot". Ja, jy het reg gehoor, sê Godfrey al laggende. Dit is hoe dit destyds bekend gestaan het toe hy op die "diep platteland" in die Hammanskraal-distrik skoolgegaan het.

Dit is een van die vele plekke in Gauteng en Limpopo waar hy hom in die sorg van familieleden of sy grootouers bevind het. Sy enkelouer-ma, Antonia Majadibodu, het as huiswerker in Randburg gewerk.

## **MET 'N BIETJIE HULP EN GENADE**

As 'n skamerige kind was hy altyd besig om te teken – enigiets van krabbels tot strokiesprentkarakters van sy skoolmaats. Toe vra die wetenskaponderwyser op 'n dag in die klas: "Wie kan teken?" Almal het na Godfrey gedraai. In klaskamers waar daar dikwels net een handboek vir ➤



“Met abstrakte  
kuns wys jy vir  
die mense wie  
jy werklik is.  
Dit wat jy  
sien, is wat  
voortvloei uit  
my. Dis ek. Dit  
is soos poësie.”

*I dance for love, gemengde media op  
doek (190 cm x 120 cm)*

meer as 30 kinders beskikbaar was, is sy talente gou ingespan om allerlei illustrasies en grafieke na te teken, en só is sy eerste “kunswerke” as’t ware uitgestal.

Die 14-jarige Godfrey het gevoel hy is nie op die regte plek nie weens ’n gebrek aan geleenthede. Hy het skool verlaat, Randburg toe gegaan en by sy ma gaan bly. Daar het hy rondgeva vir werk en onder meer geholpe geraak by ’n karwasplek.

Op ’n dag het sy ma se werkgever, Lance Ahearn (’n Amerikaner wat in Suid-Afrika gewerk het), gesê Godfrey is te jonk om nié skool te gaan nie, en gevra wat hy (Godfrey) kan doen. Godfrey het geantwoord hy kan met

sy hande werk. “Hy wou weet wat ek met my hande kan doen. Dis toe dat my ma sê ek kan teken.”

Godfrey kon vir Lance ’n paar sketse wys, maar het hom ook vertel van sy sketse vir die skool. “Hy het vir my geld gegee vir vervoer en gesê ek moet dit gaan haal. Die reaksie by die skool toe ek daar aankom en vir my tekeninge vra, was: ‘Wow! Wat?’ Hulle het alles mooi opgerol en netjies verpak en gesê hulle wil dit asseblief terughê.”

Lance het dadelik sy talent raakgesien en gesê hy gaan vir hom ’n kunsskool vind. Makliker gesê as gedaan in die apartheidsjare, maar hulle het uiteindelik by die Federated Union of Black Artists (Fuba) se kunste-akademie in

Newtown beland. "Ons het die kampus besoek en ook 'n draai by die Fuba-galery gemaak, en ek het nogal gedink: Ek kan beter teken..." Hy lag te lekker.

Al het Lance in 'n stadium teruggekeer na die VSA het hy reëlins getref dat Godfrey kan voortgaan met sy studies. Godfrey het na Meadowlands, Soweto, getrek, maar al sy koste is gedek: verblyf, kos, vervoer, studies. In 1987 het hy sy skoolloopbaan voltooi.

Volgens Godfrey het hy tot vandag toe nog kontak met Lance, wat die begin van sy kunspad makliker gemaak het. Dit is daarna dat hy die groot opdraandes begin tref het. "Ek het probeer om van my kunswerke te verkoop. Dit was moeilik!

"Kuns is moeilik. Jy moet dit met iets kombineer. Jy moet al hierdie werktuie bykry om jou te help om te kan oorleef – allerlei verskillende werktuie."

## TER WILLE VAN OORLEWING

Hy het inderdaad oor die volgende paar dekades nie vir 'n oomblik stilgesit nie; by talle plekke aangeklop vir werk, en uiteenlopende kursusse gedoen. Dit het gewissel van 'n jaarkursus in praktiese sake studies by Damelin tot 'n legio kortkursusse in onder meer wiskunde, rekenaarvaardighede en bestuur.

Wat die kunste betref, het hy sy vaardighede opgeskerp in grafiese kuns en programmatuur soos CorelDRAW. "Ek moes leer om met 'n muis te werk. Al die klik-klik-klik."

Sy werkgewers was eweneens uiteenlopend. Kort nadat hy by Fuba klaargemaak het, is hy deur 'n ateljee ingespan wat enigiets gedoen het van die ontwerp en maak van reklameborde tot die inrig en opknop van restaurante en kuierplekke. Daar was ook die tyd dat hy as stoorbestuurder gewerk het, en as junior lid van die kreatiewe span by Young & Rubicam, waar hy advertensies ontwerp het "totdat ek afgelê is omdat 'n rekenaarprogram my werk oorgeneem het".

Hy het deurgaans betrokke gebly by kunstgroepe en galerye soos Artist Proof Studio in Johannesburg en die internasionale CrossPathCulture. 'n Besondere geleentheid was toe hy in 2007 gekies is as deel van Glenfiddich se Artists in Residency-program en drie maande in Dufftown in Skotland deurgebring het.

## VRY VAN VOORSKRIFTE

Sy kunsstyl het oor die jare baie verander. "Ek put steeds inspirasie uit verskillende omgewings, maar my werk is abstrak; ek is nou vry! Wat die wêreld wil hê, is realistiese kuns."

Nou is daar nie meer die druk om te doen wat ander mense wil hê nie, of kuns te skep wat hy as 'n "geklaery" beskryf nie. Hy kies sy woorde versigtig. "By Fuba, daar was baie geklaery. Viva! Power! Politiek het 'n groot invloed gehad. Dit was minder kuns en dit was meer soos 'n geklaery ..."

En, ja, sy kuns gee miskien sommige mense hoofbrekens. "Van die mense in die township dink ek is mal, want hulle verstaan nie wat ek doen nie. Met abstrakte kuns wys jy vir die mense wie jy werklik is. Dit wat jy sien, is wat voortvloei uit my. Dis ek. Dit is soos poësie."

Hy vergelyk dit met die vryheid waarmee 'n vierjarige kind sal teken. "Dit is intuïtief. Dit is interessant. Op sewejarige ouderdom kom meer struktuur by, maar dit is steeds wie jy is. Maar op 40 ... Dan word daar hard gekonsentreer; dit is 'n proses; daar word lank daaroor gedink."

Dit is nie wat Godfrey meer doen nie. Dit was laas voor die Covid-pandemie dat hy ook nog bykomende werk gedoen het (soggens en smiddae leerders vervoer). Gedurende die pandemie het sy pad met die Art Eye-galery in Johannesburg s'n gekruis en nou fokus hy op kuns wat hy op sy manier wil doen. Hy werk met sy gunstelingmedium – olie en akriel, waarby soms houtskool en pastel gevoeg word – en skep kuns "om mense te vermaak; dit moet hulle laat ontspan, dit moet wees soos musiek". Vanaf Februarie 2025 onderneem Godfrey 'n kunstenaarsresidensie by die Schütz-kunsmuseum in Oostenryk.

In sy ateljee in sy motorhuis werk hy laag op laag. Die begin is maklik; dit is om te weet wanneer om op te hou wat die uitdaging is, veral met abstrakte kuns. "Ek 'lees' dit. Beskou dit van alle kante. Draai my kop, maak dalk een oog toe."

Wat die eindproduk wel weerspieël, is " 'n uitgelatenheid; iets van my siel". **T**

**DEUR MARGUERITE ROBINSON**  
**FOTO'S: VERSKAF**

# aan Jaco Barnard-Naudé

**Het jy 'n hoekie of vertrek in jou huis of elders waar jy verkies om te sit en skryf?** Ja, ek het 'n

goed ingerigte studeerkamer. My akademiese werk en my kreatiewe skryfwerk en digkuns vereis dit. Soms skryf ek ook in die winter voor die vuur in ons sitkamer of bibliotekie. My studeerkamer is 'n veilige en geordende ruimte waar ek helder kan dink saam met die tekste tot my beskikking. Dit is ook vir my mooi, met 'n paar kunswerke, baie boeke en 'n groot venster wat op die voortuin uitkyk.

**Moet dit stil wees waar jy skryf? Of moet daar byvoorbeeld musiek in die agtergrond speel?** Soms, as ek

besonder hard moet konsentreer, vereis ek absolute stilte, gewoonlik in die konseptuele beginfasies van 'n gedig of akademiese stuk werk. Daarna luister ek graag na 'n wye verskeidenheid klassieke musiek, van Bach en Wagner tot Max Richter en Philip Glass, wanneer ek afwerking en herskrywing of hersienings doen. Ek het grootgeword met klassieke musiek en is as tjellis opgelei, so die teenwoordigheid van klassieke musiek in my kreatiewe proses is diep ingebed.

**Praat jy met ander mense oor jou werk terwyl jy daaraan skryf? Soek jy raad en insette tydens**

**die skryfproses op of eers ná die eerste weergawe vasgepen is, indien ooit?** Terugvoering is vir my

belangrik en ek het oor die jare die gewoonte ontwikkel om my eerste weergawes vir 'n paar vertrouelinge te stuur. 'n Slegte gewoonte het by my ontwikkel om nie te wag vir my vriende se terugvoering nie en die gedig dadelik nadat ek dit gestuur het, weer te begin hersien. Dan beland verskeie weergawes in hierdie geduldige mense se inbokse. Wanneer my lesers terugvoering stuur, gee ek noukeurig aandag daaraan omdat ek hierdie ander stelle oë implisiet vertrou en weet dat die uiteindelijke gedig beter daaraan toe sal wees.

**Is daar ander kunssoorde wat jou (soms) tot skryfwerk, of in die skryfproses, stimuleer?**

Die skilderkuns – van Velázquez tot Anselm Kiefer – en die fotografiekuns is sterk invloede. Dan beskou ek die filosofie, insluitende psigoanalise, wat ek op 'n daaglikse basis vanweë my akademiese werk moet beoefen, ook as 'n kunssoorde in eie reg. Die lees en denke wat hiermee gepaardgaan, "inspireer" dan ook verskeie gedigte.

**Wat is jou gunstelingboek of 'n onlangse leeshoogtepunt?**

Moeilike vraag, want ek lees



omtrent altyd baie wyd en in verskillende tale. Die Afrikaanse boek wat vanjaar die grootste indruk op my gemaak het, is Ingrid Winterbach se *Onrus op Steynshoop*. Alice Winn se *In Memoriam* was nog 'n hoogtepunt.

**As dié boek(e) 'n maaltyd was, wat sou dit wees?** Ongetwyfeld 'n tradisionele Franse driegang-maaltyd by die café Au Petit Riche in Parys, Frankryk, saam met die verstommend briljante Philippe-Joseph Salazar [buitengewone professor in retoriek en direkteur van die sentrum vir retoriekstudie by die regs fakulteit aan die Universiteit van Kaapstad].

**Wat is jou gunstelingfliek wat op 'n boek gegrond is?** Dit gaan 'n bietjie platterig klink, maar dis Kenneth Branagh se 2017-weergawe van *Murder on the Orient Express*, en dan moet ek as 'n queer mens seker maar ook *Brokeback Mountain* noem.

**Skryf jy soms eerste weergawes van jou werk op papier of werk jy**

**direk op die rekenaar?** Deesdae al hoe meer direk op die rekenaar; voorheen wel op papier in notaboekke ver en wyd verstrooi.

**Lees jy resensies?** Ja; skryf hulle ook soms.

**Wie is jou gunsteling- fiksionele karakter(s)?** Die titelkarakter in Anne Carson se weergawe van Sofokles se *Antigone*, Antigone, die seun wat niks anders op die verhoog doen nie as 'n stom tellery. Sy het hom as 'n addisionele karakter in die drama ingewerk. Sedert ek Olwage se weergawe by die Woordfees gesien het, Ibsen se Hedda Gabler. Parsifal en Brünnhilde in die opera (ek het 'n broertjie dood aan Verdi se patetiese Violetta); ook Hamlet en Macbeth in die teater (Othello sit my altoos af). En ek het 'n sagte plekkie vir Bennie Griessel.

**Waar het jy grootgeword?** Pretoria en Brits in die Noordwes.

**Speel plekke wat jy besoek of beleef 'n rol in jou skryfwerk? Is daar enige plekke wat jy wil uitsonder?** Ja, absoluut. Eindag gaan ek nog 'n boek oor Venesië skryf. En dan is daar die een enkele Parys, die beeldskoon en sexy Madrid – en ons familie se meer as 100 jaar oue strandhuis by Waenhuiskrans.

**As jy nie geskryf het nie, waarmee sou jy graag daardie ure verwyf?** Lees, lees en nogmaals lees; aandagtig na musiek, veral opera, luister.

**Is daar enige skrywers wat 'n groot**

**invloed op jou werk gehad het?**

Loftus Marais, Plath, Hughes, Eybers, Opperman, Auden. Herman Lategan het my finaal die moed gegee om my storie in digvorm vas te lê.

**Watter raad het jy vir jong of ongepubliseerde skrywers?** Lees, lees, lees eers baie en hou dan aan geraas maak. Publikasie is nie die *be-all and end-all* nie; jy word beter met tyd. Gee dit die leestyd, oefen en probeer soveel jy kan. Skryf in die eerste plek vir jouself, vir jou inherente waarde as 'n mens met poëtiese status en vir die inherente waarde van die saak, jou kreatiewe produk.

**As jy vir jou jonger self raad kon gee, wat sou dit wees?** Wees veral geduldiger, maar ook vriendeliker met jouself. Probeer, of jy nou baie of min trauma het, om jou eie beste psigoanalise te wees (maar probeer terselfdertyd so hard jy kan vir 'n eksterne een plek maak). Onthou Eleanor Roosevelt: *What other people think of me is none of my business*. Vertrou die onmeetlikheid, die mirakel van die heelal en jou kortstondige bestaan. **T**

**DEUR CATRINA WESSELS  
FOTO: RETHA FERGUSON**

*PEN Afrikaans bestaan ter wille van uitdrukkingsvryheid en die bevordering van die Afrikaanse woordkuns. In die Vinnige vrae-reeks leer ons telkens een van ons lede van naderby ken.*



# DIE STORIEVANGER VAN KAAPSCHEHOOP

Die joernalis en skrywer Dana Snyman het al die land deurkruis om mense en gemeenskappe se stories te vertel. Uiteindelik het hy die moed gekry om sy eie storie neer te pen, skryf sy vriend Stefaans Coetzee ...



Waaroor droom 'n skrywer as hy reeds veel vermag het? En langs watter water vind jou siel rus as 'n mens soos die voormalige Weg!-joernalis Dana Snyman reeds bykans elke stofpad in

Suid-Afrika verken het? Het die predikantseun die land deurkruis op soek na homself? Is dit hoekom ons so lank gewag het op sy memoir, *Seun*?

Ek het by hom in Kaapschehoop, Mpumalanga, gaan kuier om uit te vind hoe troep 78302494BG – wat nie net in saal 24 opgeneem is nie, maar ook oneervol uit die weermag ontslaan is en werkloos was – oor sy nuutste eerbewyse voel.

Dana is tydens die oorhandiging van die jaarlikse Silwerskerm-toekennings aangewys as beste aanbieder van 'n dokumentêre realiteitsprogram vir sy kykNET-reeks [Grondpad geloof](#). Sy boek [Die binneland in](#) is weer met die kykNET-Rapport-prys vir niefiksie bekroon.

## TOEKENNINGS IN DIE KOMBUIS


Blackie, sy hond, wag kuiergaste op die stoep in. Dana wys na Blackie of hy sy ore wil vryf. "Weet jy, Stefaans, Blackie, my beskermengel, lê nou al drie ... nee, meer ... vier boeke by my voete as ek skryf."


In sy boeke – of was dit tydens een van sy boekbekendstellings? – het ek gehoor dat hy van kleins af daarvan hou om sy neus teen 'n hond se ore te druk.

"Doen dit 'n bietjie, dan hoor jy sulke fyn asemhaaltjies," antwoord hy. "Die absolute breekbaarheid van die lewe is in daardie asemteugies. Hoe het Breyten gesê? Die lewe is net 'n asem lank."

'n Rusbank op die stoep kyk uit oor plante, blomme en die wildeperde wat deur die dorp loop. Dit is daar waar hy soms sit en lees. Sy boekrak, het ek gesien, huisves van Etienne van Heerden se *Gebeente* tot *Twee lewens* van Elise Bishop. Langs sy rekenaar, 'n beker koffie en ➤

**DANA SNYMAN**





“Ek sê dit in alle nederigheid, my boeke verkoop goed, maar ... die grootmense by die hoof tafel, die ernstige literêre mense, neem jou nie ernstig op nie.”

stuk eensame beskuit op sy lessenaar lê *What Are We Doing Here?*, 'n boek essays van die Pulitzer-pryswenner Marilynne Robinson. In die sitkamer staan 'n skildery van Willem Pretorius op 'n houtkissie met goedjies van Dana se oorlede ma in. Dit is daár waar ek die pryse sou uitstal as ek hy was.

“Die ATKV-prys en die Andrew Murray-prys hang in my kombuis,” vertel hy al laggende. Die kykNET-Rapport-prys is eers onlangs opgehang. So halfweggesteek tussen die voordeur en venster.

“Ek het mos nie die wêreld se beste selfbeeld nie. Mens voel half mense neem jou nie ernstig op nie. Ek sê dit in alle nederigheid; my boeke verkoop goed, maar ... maar ...” Hy soek na die regte woorde ... “Die grootmense by die hoof tafel, die ernstige literêre mense, neem jou nie ernstig op nie. Daarom is dit vir my soort van 'n erkenning.”

In die stilte wat volg rus my oë op 'n potloodskets wat Nita Cronjé, aan wie hy *Seun* opgedra het, van sy voorblad geteken het. Ek wil hom herinner aan iets wat ek voor die onderhoud oor hom gelees het. Dat Max du Preez gesê het hy het nog nie in enige taal 'n beter storieverteller en iemand met 'n fyner waarnemingsvermoë teëgekom nie.



### 'N EERLIKE OOPMAAK

In sy memoir *Seun* (Tafelberg, 2024) vertel Dana Snyman van sy militêre diensplig in die 1980's. Hoe hy teen die stelsel rebelleer, in saal 24 opgeneem word vir sielkundige waarneming en oneervol ontslaan word. Hy wonder: Hoe word 'n seun 'n man?

"Nie dat 'n ou windgat is daaroor nie," sy stem is sag. "Die kykNET-Rapport-prys is eerder 'n aanmoediging om beter te word."

Die prys as beste TV-aanbieder, erken hy, was 'n groot verrassing, want hy sien homself nie as 'n aanbieder nie. "Ek praat mos eintlik net met mense."

## NOG STORIES WAT BROEI

En tot voor *Seun*, waarin hy vir die eerste keer oor sy ervarings in die 1980's praat, het hy mense-stories in 12 bundels gedeel. Die mense is so kleurvol geskilder dit het gevoel of ek hulle persoonlik ken.

Met sy nostalgiese vertellings was dit of hy klou aan die verlede; nie 'n verlange na die "goeie ou dae" nie, maar 'n soektog na iets of iemand wat verlore is.

Het Dana homself in die verhare van *Grondpad geloof* gevind? Of was dit eers met die skryf van *Seun*? Hy vra in sy memoir hoe 'n seun wat nie eens 'n meisie se aandag kan trek nie 'n man word. Ek onthou sy kinderlike opgewondenheid toe hy en Nita meer as vriende geword het.

Dana het nie vroeër die moed gehad om *Seun* aan te pak nie. Nie net uit vrees vir die langer skryfformaat nie, maar ook – dalk meer – omdat hy nie oor sy militêre diensplig wou praat nie. Hy was skaam. Het soos 'n slapgat gevoel omdat hy nie sy twee jaar voltooi het nie.

Dit is mistig buite. Reën. Die vuur in die kaggel knetter.

Hy moet nog sy bloeddrukpille drink, maar sy oë glinster soos die eerste keer toe hy my van Nita vertel het. Dit voel langer as 'n jaar gelede. Net nou die dag by die lughawe sien ek hoe hy straal. Ongeag sy depressie tydens lang toere.

"Waar herlaai jy?" Want ons praat gereeld oor die "swart hond".

"'n Mens kry berg- en seemense; my sug is na die berge."

Met soveel pryse, boeke en toneelstukke agter sy naam wonder ek of daar nog iets is wat hy graag sal wil doen. Bereik. Buiten 'n storie wat hy in 'n roman wil vertel, wil hy *Seun* se vervolgskrif. "Daar is eintlik drie vervolgskrifte vir *Seun*. Dalk vier."

Hy het al heelwat eenmanstukke vir Frank Opperman geskryf, maar sou graag 'n goeie drama met meer as een karakter wou skryf. "Ek het 'n paar stories wat broei." Voeg dadelik by: "Sjoe, ek droom wyd. Ek en Frank wil 'n televisiereeks aanpak. Dalk is dit wat ek volgende aanpak." Ek hoor die dringendheid in sy stem. "Ek hoop ek kry die tyd daarvoor. Ek's al 62."

Sy groet is al deel van my hartklop: liefde-liefde. Dit weergalm oor die klippies wat teen die kar se bak skiet. By die huis lees ek my gunstelinggedeelte in *Seun*, op bl. 138:

"Pa verlang na jou, Seun. Ek dink wanneer dit rustiger gaan, moet ek en jy in die Bosveld gaan jag."

"Ek het so lanklaas met 'n geweer geskiet, Pa."

"Ons kan saans lekker by die vuur sit en gesels, ek en jy."

Ek trek my driejarige seun, David, nader. Druk my neus in sy hare, teen sy oor. Die lewe is net 'n asem lank. Ek wil dit só leef dat David, nes Dana, eendag aan herinnerings van Pa kan klou. **T**

**DEUR STEFAANS COETZEE  
FOTO'S: NITA CRONJÉ**

BENNIE FOURIE

# BENNIE MAAK DIT BETER!



**BENNIE FOURIE**



Die akteur en skrywer Bennie Fourie glo daaraan om eerder die silwerrandjie as die onweerswolk te sien, en om dit boonop as 'n skreeusnaakse storie te verpak ...

**h**umor was nog altyd sy manier om sin te maak van die lewe. As die wolke begin saampak en storms van teëspoed begin woed, draai Bennie Fourie die ander wang. Eintlik is die akteur, draaiboekskrywer en komediant min gepla deur die noodlot. Sy grootste wapen is mos sy Minora-lem-skerp humorsin en satiriese uitkyk op ons land en sy probleme.

Met dié talent bring hy ook vir ander lafenis en ontvlugting.

"Ek sien elke grap as 'n soort geskenk," vertel Bennie (36). "Ek sal die geskenk mooi verpak en toedraai. Daardie geskenk gee ek dan vir iemand om oop te maak en daai persoon sal dan weer die grap vat, dit weer mooi toedraai en vir iemand anders gee."

Met sy kenmerkende snor het Bennie die laaste paar jaar diep in aanhangers se harte gekruip. As jy hom in 'n televisiereeks of 'n fliek sien, kan jy maar weet sy karakter gaan jou lagspiere kielie.

"Suid-Afrikaners moet kan lag. Ons het geen ander keuse nie. As ek besig is om aan 'n draaiboek te



skryf, of kopie vir 'n advertensie, dink ek altyd aan wat mense kwaad maak, watter probleme of uitdagings tans relevant is en hoe ek mense die roos, en nie die doringe nie, kan laat sien."

Afgesien van sy sukses as akteur en draaiboekskrywer besit hy en die akteur en sanger Bouwer Bosch die advertensieagentskap Freckle. Hulle is veral bekend vir die skreeusnaakse advertensies wat hulle vir King Price, WeBuyCars en LekkeSlaap optower.

"Met ons advertensies probeer ons 'n 'slim' vinger na Suid-Afrikaners se probleme wys," sê

Bennie. "Vir ons is dit belangrik dat mense besef hulle het nodig om te lag. Die lewe is te kort om jou heeltyd te bekommer oor wat môre mag bring."

## VERMAAK IS SY ROEPING

Bennie het al van jongs af besef dat hy 'n besondere talent het om mense te laat lag. "Ek het geweet ek kan mense se aandag hou en hulle laat lag, maar ek het nie op skool geweet wat ek eendag met my lewe wil doen nie." ➤

**BENNIE FOURIE**







**“AS EK BESIG  
IS OM AAN 'N  
DRAAIBOEK  
TE SKRYF, OF  
KOPIE VIR 'N  
ADVERTENSIE,  
DINK EK ALTYD  
AAN WAT  
MENSE KWAAD  
MAAK, WATTER  
PROBLEME OF  
UITDAGINGS  
TANS RELEVANT  
IS EN HOE EK  
MENSE DIE  
ROOS, EN NIE  
DIE DORINGS  
NIE, KAN LAAT  
SIEN.”**

Hy is die derde van vier kinders en het op 'n kleinhoeve buite Pretoria grootgeword. "My pa was 'n dominee en my ma 'n onderwyser. Jy kan maar amper sê die vermaakbedryf was my roeping. My ma het 'n groot liefde vir Afrikaans gehad en my pa was soos 'n *jokes*-ensiklopedie; hy het altyd die een of ander grappie gehad om te vertel."

Teen die tyd dat hy gematrikuleer het, was Bennie steeds onseker oor sy lewenspad.

"Al wat ek geweet het, was dat ek op Potchefstroom by die Noordwes-Universiteit wou gaan studeer omdat almal in die familie dit gedoen het. Ek het toe besluit om regte daar te gaan swot. Ek het gedink dit is 'n aanvaarbare beroep en ek sal eendag 'n paar rand kan maak.

"Op universiteit het ek improvisasiekomedie begin doen en ook aan koshuistonele begin deelneem. Ek het vinnig besef dat daar geen beter gevoel is as om mense te laat lag nie. Ek het myself volstoom in komedie gegooi."

Die groot en die klein skerm was Bennie nog nie beskore nie en hy het ná sy regstudie eers vir twee jaar in Suid-Korea gaan skoolgee. "Ná my twee jaar oorsee was ek steeds onseker oor wat ek wou doen. Ek het geweet ek wil in film en televisie werk, maar ek was op soek na 'n voet in die deur."

Op universiteit het hy Bouwer en die akteur Tim Theron leer ken en hy het hulle gekontak vir 'n geleentheid.

"Tim het my vertel van die Silwerskermfees. In daardie stadium het ek geen idee gehad wat dit is nie, maar hy het my vertel dat jy geld ontvang om 'n kortprent te

maak. Ek en Bouwer het toe *Vuil wasgoed* ingeskryf en hulle het vir ons finansiering gegee."

*Vuil wasgoed* het in 2014 die prys vir die beste kortprent gekry en kykNET wou 'n televisiereeks, gegrond daarop, vervaardig. "Ek het gevoel *Vuil wasgoed* is meer 'n rolprent as 'n televisiereeks en het dit toe vir kykNET voorgestel. In daardie stadium het ek ook begin skryf aan *Hotel* en in dieselfde asem vir hulle gesê ek het 'n ander idee vir 'n televisiereeks.

"Toe ek weer kyk, was ek besig om aan my eerste rolprent en televisiereeks te werk."

## OP KANTOOR IN 2025

Dit was die vonk in die kruitvat. *Hotel* het van Bennie 'n oornag-sensasie gemaak. Skielik was sy naam op almal se lippe. "Vir my was dit belangrik om myself met talentvolle mense te omring en ná die eerste seisoen was ons almal soos een groot familie."

Sedertdien het Bennie in verskeie reekse en rolprente verskyn, maar dit is veral as draaiboekskrywer en komediant dat hy uitblink.

"Ek besef elke dag net meer hoe belangrik dit is om te lag. Ons land het baie probleme en as jy heeltyd op die negatiewe gaan fokus, gaan jy 'n verskriklike siniese mens word. Ons as Suid-Afrikaners het egter 'n baie goeie humorsin."

Bennie is amper soos 'n tolbos. Hy is heeltyd aan die beweeg, en besig om geraas te maak.

Die jaar 2025 hou baie geleenthede vir hom in. Hy wys

weer gesig in die komediereeks *Magda Louw*, en bied sy realiteitsreeks *Die broer toer* op Via aan. Daar kom ook 'n tweede seisoen van sy skreeusnaakse komediereeks *Taktiek*. "2025 gaan 'n besonderse jaar wees. Ek is ook die hoofskrywer vir die Afrikaanse weergawe van *The Office*."

Laasgenoemde is 'n gewilde Britse en Amerikaanse komediereeks, gegrond op die Britse komedie geskep deur Ricky Gervais en Stephen Merchant. Dié reeks was juis Bennie se groot inspirasie toe hy *Hotel* geskryf het.

"Dit voel vir my amper of dinge volsirkel gegaan het. Ek sou nooit kon dink dat ek aan die Afrikaanse weergawe van een van die invloedrykste reekse in my lewe sou werk nie."

Bennie bevind hom op 'n plek waar nie net sy loopbaan floreer nie, maar sy persoonlike lewe ook.

Hy en sy aktrise-vrou, Mila Guy, met wie hy sedert 2023 getroud is ná hulle vir sewe jaar net vriende was, woon in Bellville en Mila is swanger met hul eersteling – 'n seun wat in Januarie 2025 sy opwagting maak. "Ek het al op hoërskool besef ek wil eendag pa word. Ek het geweet dit gaan my 'hoofberoep' wees, en ek sien uit na hierdie nuwe seisoen in my lewe.

"Daar was 'n tyd dat ek my alie af gewerk het. Nou het ek balans gevind en pluk ek die vrugte van my harde werk." **T**

**Deur JACQUES MYBURGH**  
**FOTO'S: ANDRÉ BADENHORST**  
**GRIMERING: IZELLE DE BEER**  
**PRODUKSIE-ASSISTENT:**  
**CHRIS DOS SANTOS**

**BENNIE FOURIE**



ARABIESE AFRIKAANS

# DIE TAAAL MET BAIE WORTELS




Die eerste Afrikaanse tekste is toentertyd in die Kaap in Arabiese skrif gedruk. Hierdie feit is dalk nie oral bekend nie, maar vereis 'n kopskuif en herbesinning oor Afrikaans se ontstaan ...

die geskiedenis het bewys dat taal nooit in isolasie gepraat word nie; dit is nou gekoppel aan kultuur en identiteit in tye van vrede én konflik. Ons naatlose, grensloos globaalgerigte en migrerende millennium plaas kreoolse invloede op taal en kultuur weer in die kollig. Verstaanbaar, want as die hoofmanier van kommunikasie tussen mense bestaan taal uit woorde wat emosies wek met wyd rimpelende, diepgaande en langdurige gevolge wat ook in ons agterplaas eietydse eise stel.

Op ons vasteland verwys die term "kreools" na enige etniese groep wat tydens die Europese koloniale era gevorm is, met 'n mengsel van Afrika- en nie-Afrika-rasse of kulturele erfenis. Kreoolse gemeenskappe kom voor op die meeste Afrika-eilande en langs die kusstreke waar inheemse Afrikane die eerste keer met Europeërs in aanraking gekom het.

In die Kaap het kreoolse invloed van die Arabiese wêreld, Asië en die res van Afrika die Afrikaanse taal vroeg geslyp en beïnvloed. Die Moslem-slave en arbeiders van uiteenlopende agtergronde het langer as 'n eeu voordat Afrikaans in 1925 amptelike status sou verkry reeds minder bekende vorms van Afrikaans as verbale medium en omgangstaal gebruik. Destyds neerhalend "Kaaps-Hollands" en "kombuis-Nederlands" genoem, is dit hoofsaaklik gebruik om met die slave en arbeiders te praat. ➤



## AFRIKAANS IN ARABIESE SKRIF

Arabies-Afrikaans, 'n vorm van Afrikaans in die Arabiese skrif, is tereg die vaandeldraer van Afrikaans in Afrika. Benewens 'n 16de-eeuse manuskrip in Duits in Arabiese skrif is Afrikaans die enigste ander Germaanse taal daarin. Dié Afrikaans het reeds in 1815 Maleis as onderrigtaal in Moslemskole (madrassas) in Suid-Afrika vervang.

Die eerste Afrikaanse tekste is in 'n variant van die Arabiese alfabet, bestaande uit 36 letters, geskryf en gedruk. Slegs 74 Arabies-Afrikaanse tekste het behoue gebly. Die vroegste, die *Hidyat al-Islam*, dateer van 1845 en die oudste manuskrip met Islamitiese leerstellings van 1868. Daar is ook 'n handgeskrewe Arabies-Afrikaanse Koran met Arabiese vokale van die 1880's.

Die miskenning van hierdie oerwortels kwets reeds lank en walm weer in die taalkryt in die aanloop tot Afrikaans se eeufeesviering in 2025.

Wit Afrikaanssprekendes se strewe na onafhanklikheid sou daartoe lei dat Afrikaans op 8 Mei 1925 Nederlands as amptelike landstaal (saam met Engels) vervang het. Taalstryders soos S.J. du Toit het volk, taal en letterkunde as 'n "drie-eenheid" – 'n simbool van Afrikaner-nasionalisme – saamgesnoer. Dit het ander Afrikaanssprekendes weggestoot, en Afrikaans as taal van die onderdrukker gebrandmerk. Die Soweto-onluste in 1976 – toe swart kinders se verzet om daarin onderrig te word tot lewensverlies gelei het – was 'n draaipunt. Onmin oor wit Afrikaans se "baasskap" het lank geklou.

## 'N WOORDEBOEK IN WORDING

Dit was eindelijk Nederlandse/Afrikaanse geleerdes wat die Kaapse Moslems se linguistiese prestasies sou uitlig. In sy MA-verhandeling in 1991, getiteld *Die Afrikaans van die Kaapse Moslems van 1815 tot 1915* prys Achmat Davids die "dapper Afrikaners" Adrianus van Selms en Piet Muller vir hul "moed om die aandag van Afrikaners te vestig op die Arabies-Afrikaans publikasies tydens die hoogtydae van apartheid in die 1950's en 1960's".

In 2010 belig Dylan Valley se debuut-dokkiefiek *Afrikaaps: The Documentary* die geskiedenis van

Arabies-Afrikaans. Sedertien flikker hoop vir regstelling, vergifnis en vereniging. Inmiddels werk navorsers aan die Universiteit van die Wes-Kaap aan 'n drietalige woordeboek (Kaaps, Engels en Afrikaans).

Die joernalis en skrywer A.W. Misbach, wat in Distrik 6 grootgeword het en nou in Abu Dhabi werk, glo dié woordeboek sal geloofwaardigheid aan die Kaapse taal verleen én haar sprekers se toegang tot die ekonomiese en sosiale lewe verbeter. "Ek hoop dit sluit nie net die oorsprong van Afrikaanse woorde in Arabies en ander tale in nie, maar poog ook vir 'n weergawe in Arabiese skrif – as 'n vorm van respek vir die vroeë Moslem-inwoners, en vir opvoedkundige en sosiale doeleindes."


Misbach (57), wat 'n meestersgraad cum laude aan die Universiteit van Wes-Kaapland en 'n doktorsgraad aan die Universiteit Stellenbosch verwerf het, werk sedert 2008 as 'n Engelstalige kopieredakteur in die Midde-Ooste. In sy doktorsgraad-verhandeling fokus hy op hoe taal kan verenig eerder as verdeel deur verskille as noodsaaklik te aanvaar eerder as opponerende elemente.

## 'N ALTERNATIEWE SIENING

Die Johannesburgse boorling dr. Saarah Jappie, wat in New York woon, is ook 'n kenner van die vroeë taalinvloede op Afrikaans. Met 'n doktorsgraad in geskiedenis aan die Princeton-universiteit ondersoek sy die nageskiedenis van vroeë moderne ballingskap en slawerny in die Indiese Oseaan. Jappie is 'n senior programmeampte by die Social Science Research Council en navorsingsgenoot by die Visual Identities in Art and Design-navorsingsentrum (Viad) aan die Universiteit van Johannesburg.

Jappie verstaan die verwerping van die geskiedenis (en bestaan) van Arabies-Afrikaans. "Dis 'n dominante begrip van die taal binne magstrukture in Suid-Afrika en ontwig mense se sienings van hulself en wyer. Deur te erken dat Afrikaans deur mense van kleur beïnvloed is, dwing dit wit Suid-Afrikaners om die idee van Afrikaans as 'suiwer' as vals te erken, en selfs die broosheid van hul eie rassuiwerheid."

Tog begin baie mense die kreoolse wortels van Afrikaans omarm wat die Arabies-Afrikaans geskrewe tradisie insluit. "Hulle vier die ryk, diverse wortels van die taal en beskou die diversiteit as 'n krag eerder as iets om te vrees of te verwerp. Taalaktiviste, soos in die



dokumentêr *Afrikaaps* uitgelig, was wonderkragte agter hierdie alternatiewe siening van Afrikaans.”

Navorsing wat die geskiedkundige wortels van die taal belig, help om die gety te draai. Uit persoonlike ervaring het Jappie begrip van waarom Afrikaans eens deur baie sprekers van kleur verwerp is – selfs al was dit hul ouers en grootouers se eerste taal. “Hulle beskou dit as ’n onderdrukkingtaal en sien ook nie hulself en hul geskiedenis weerspieël in die dominante voorstellings daarvan nie. Gevolglik weier hulle om dit aan te leer of aan hul kinders oor te dra.”

Sy meen die groter mediabedryf speel ’n kernrol in die regstelling daarvan. Soos in watter soort skryfwerk gepubliseer en versprei word. “As mediahuise meer skrywers publiseer wat in die gemarginaliseerde vorms van Afrikaans skryf, sal dit ’n groter gehoor bereik. Ronelda S. Kamfer bewys uitstekend die krag van skryf en publiseer daarin.”

## MEER GESPREK NODIG

Omdat geen gepubliseerde Arabiese-Afrikaanse tekste sedert die 1950’s (toe die tradisie laas herleef het) gepubliseer is nie, moet ’n nuwe generasie Arabiese-Afrikaanse lesers opgelei word. Dis haalbaar, maar die redes hoekom mense opgehou het om daarin te skryf, is belangrik. “Hulle was in koloniale hoofstroom-onderwysstelsels geïntegreer waarin die Latynse skrif

gebruik is. Arabiese skrif was nie meer sentraal – of selfs voordelig – vir hul daaglikse lewe nie,” vertel Jappie.

Die gebruik van Kaapse Afrikaans is wel behou; dit is net die skrif wat verander het. “Miskien moet ons Kaapse Afrikaans en sy rykdom ondersteun, eerder as om ’n geskiedkundige skrif te laat herleef. Die onderskeid lê tussen taal en skrif.”

Misbach stem saam die hoofstroommedia moet Afrikaans vir die voorsienbare toekoms lewendig hou. “Afrikaans het die steun van ’n kragtige deel van die uitgewers- en uitsaaibedryf, én ’n betalende gehoor.”

In sy doktorsale proefskrif, en deur die gebruik van wyle Davids se werk, probeer Misbach die “hibriditeit” van Afrikaans saamvat met ’n kreatiewe samesmelting van verskeie tale – Engels, Afrikaans, Kaaps, Arabies en Duits, gekombineer in Latynse en Arabiese skrif.

Sy idee van Afriaaps Weltliteratur (“wêreldliteratuur”) is ’n inklusiewe benadering wat ’n leser aanmoedig om by die onbekende betrokke te raak. Hy gebruik die Arabiese, Jawi-, Urdu- en Ottomaanse Turkiye-sleutelborde om sinne in Afrikaans te skryf. Misbach vat dit in een woord saam: Afriaaps.

“Die Arabiese letters saamgesmelt in die woord Afriaaps is “en”. Dit is fonetiese vervangings vir die Engelse letters ‘c’ en ‘k’. Die woord Afriaaps self is ’n kombinasie van drie woorde: Afrika, Afrikaans en Kaaps.”

Misbach steun die bevordering van Kaaps. “Soos die BBC gedoen het met Nigeriese *pidgin*.” Hy glo die verlies van tale is natuurlik. “Ons moet egter een taal en een kultuur se oorheersing keer.” Taal is ideologies gekodeer, beaam hy. “Soortgelyk aan wat in Engels gebeur het, kan ’n taal in ’n verskeidenheid van vorms omhels word om elemente van ’n bepaalde kultuur uit te druk. Dit moet ons aanmoedig.”

Groter gesprekke vir meer konsensus oor Afrikaans se oorsprong is ook nodig vir inklusiwiteit en versoening. Afrikaans se kreoolse wortels in die ontwikkeling as volwaardige taal moet gevier word. Dit hou die taal relevant. Eens se doodswyg van Arabiese-Afrikaans as “Mohammedaanse propaganda” eis regstelling. In die strewe na saam beter doen, is die skil van die taalturksy ononderhandelbaar, want taal bly ’n lewendige deelding met simboliese seine wat eietyds móet eggo. **T**

**DEUR SONNETTE LOMBAARD**  
**ILLUSTRASIE: OCTAVIA ROODT**

# Engele

**'N WESENLIKE  
WERKLIKHEID?**





As misterieuse  
hemelwesens  
sonder 'n vaste  
vleeslike vorm  
bewoon 'engele'  
in ontelbare  
getalle en as  
onsigbare skare  
saam met ons  
die heelal, skryf  
Mariëtte Crafford.

**S**edert die drie engele duisende jare gelede aan die Bybelse Abraham verskyn het, word engele beskryf, besing en beleef.

Maar dat engele bestaan, is nog nie empiries deur wetenskaplike navorsing bewys nie. Tog is engele 'n aanvaarde en geliefde "werklikheid".

Dit was juis in menslike gedaante dat engele die eerste keer verskyn het. Met dié eerste verskyning 3 000 jaar gelede het Abraham (tóe nog Abram) drie "mans" hartlik ontvang en met verversings bedien. Sedertdien maak engele as vertroosters deel van die lewe uit.

Wanneer dit met mense goed gaan, prys hulle beskermengele; wanneer mense hartseer is en na vrede, leiding en vertroosting hunker, word waak- en beskermengele aangeroep.

Skrywers, digters en kunstenaars beeld engele en hul verskynings met woorde, beelde en skilderye uit en musici besing hul lof – van klassieke komposisies tot die lirieke van eietydse poptreffers. Engele dien selfs as inspirasie vir kos en drank se benaming (van "engeltjiepiepie" tot "engelevreugde").

*Só ruik 'n engel*

Dikwels word 'n ekstra plek aan tafel gedek ingeval 'n engel (dalk in menslike gedaante) onvoorsiens met etenstyd opdaag. Al maak

engele deel van ons huishouding en geestelike wêreld uit, het nog min mense een in lewende lywe gesien.

*Ek het 'n engel gesien* is die titel van 'n boek wat die mediapersoonlikheid Amore Bekker saamgestel het van mense se vertellings. "Ek het nog nie 'n engel gesien nie," sê Amore, "maar ek het al 'n engel geruik".

Haar ouma Corrie Bekker was 'n liefdevolle mens met 'n mollige lyf. "Ek kon teen haar sagte lyf gaan vertroosting soek," sê Amore. "Sy het altyd 4711-scent gedra. Nou, wanneer ek deur moeilike tye gaan, ruik ek my ouma Corrie. Ek ruik haar 4711 en dan voel ek gelukkig en weet my ouma is by my. My beskermengel bring haar geur na my toe.

"Ek dink engele gebruik 'n mens se sensitiefste sintuig om aan jou te verskyn. My reuksintuig is baie goed en daarom ruik ek engele. My ma het gerook en soms ruik ek die geur van uitgeblase rook en dan weet ek my ma is by my.


"Wanneer 'n engel by jou is – in watter vorm ook – ervaar 'n mens ongelooflike liefde en vrede."

*'n Engel se posbeskrywing*

"Engel gryp van vroeg af mense se verbeelding aan," sê prof. Jannie le Roux van Somerset-Wes. Hy is 'n emeritus predikant en professor in menslikehulpbronbestuur.

"Veral omdat hulle ons laat wonder oor die nog nie bekende kant van ons huidige en hemelse werklikheid.

*"Ek dink engele gebruik 'n mens se sensitiefste sintuig om aan jou te verskyn. My reuksintuig is baie goed en daarom ruik ek engele."*



"Ons moet waak teen twee uiterstes: Die een is 'n obsessie met engele; en die ander die ontkenning van die werklikheid van engele.

"Want dit mag dalk God self wees in verengelde vorm."

Deurdat die hooftake van die Abrahamiese godsdienste – die Christendom, Islam en Judaïsme – engele erken, word geestelike geloofwaardigheid in getuienis en geskrifte aan die wesens verleen. Al drie godsdienste beskryf en getuig in onderskeidelik die Bybel, die Koran en die Hebreeuse bybel, Tanakh, die bestaan van engele. Daarbenewens word engele in verskeie ander godsdienste en filosofieë gehuldig.

In die Bybel word byna 300 keer na engele, hul aard, hul doel en take verwys. Heiliger as mense, is engele deur God geskape.

Dié "ontelbare" geestelike wesens van verskillende ordes, range en opdragte staan in diens van God. Engele tree onder andere as lofsangers en tussengangers op, en hulle voer ook take namens God uit.

In Genesis hou 'n engel met 'n brandende swaard wag oor die Tuin van Eden en een van die aartsengele, Gabriël, verskyn later aan Maria en deel haar mee dat sy Jesus in die lewe sal bring. Eweneens sal engelbasuine aankondig dat die Oordeelsdag aanbreek het.

Om as boodskapper van God op te tree, is een van die engelskare se vernaamste take. "Boodskapper" is juis wat "engel", sowel as "angelos" en "angelus" uit

onderskeidelik die Laat-Griekse en Latynse woordeskat, beteken.

## Pofadder se pad-engel

"Engele verrig hul taak en gaan voort sonder om 'n merk te laat," skryf rabbi Abraham J. Twerski in sy boek *Angels Don't Leave Footprints*. Soos byna 25 jaar gelede toe ek en my (tôé agtjarige) dogter, Mariella, tussen Klein Pella en Kakamas in die Noord-Kaap onderweg was.

Lewensveranderende gebeure het ons gesin die voorafgaande paar weke getref. Ongeag daarvan moes ek werkgewys byhou. Pas het ek en 'n span koskollegas dae lank op 'n Klein Pella-plaas 'n groep wêreld- en kosreisigers op Boesmanlandse en Namakwalandse streekkos trakteer. Tussen vleisbraaivure en pruttende potte het ons nie grondgevat nie. Ek was sielsmoeg.

Kort ná ons vertrek het die uitputting my naby Pofadder ingehaal.

"Ek is so moeg," het ek vir Mariella gesê. "Gesels met my."

Van haar stories oor Klein Pella se boktrop en die mak plaasmeerkat het ek net flenters gehoor. My oë het getraan. Ek was lighoofdig. 'n Harde klapgeluid het my die stuurwiel laat vasklem. Ek was skielik helder wakker. 'n Voël het seker teen ons motor vasgevlieg, het ek gedink. Maar of 'n onsigbare hand my oë gelei het, het ek na die spoednaald gekyk: 150 km/h. In die truspieëltjie het

ek 'n motor se remligte gesien. Die motor se kantspieëltjie het aan flarde gehang.

Ek het ingesluimer terwyl ek bestuur, het ek met 'n skok besef. Behoedsaam het ek afgetrek. Die pad se skouer was smal en hoog. Die ander motor het omgedraai en voor ons stilgehou. 'n Lenige jong man het uitgeklim. Of hy sy naam gesê het, weet ek nie, want op daardie oomblik het ek sy motor se beskadigde kantspieëltjie gesien. Ek is oorweldig deur die wete dat ek al slapende op hom afgelyk het – maar dat net twee speëls daarmee heen is.

"Ek sal vir jou gebreekte speël betaal," het ek onbeholpe aangedring en my foonnommer vir hom neergeskryf. Hy het niks gesê nie en na sy motor teruggestap. Toe draai hy hom en sê dat hy nie verder kón uitswaai nie; die afgrond was te naby.

Daardie vroeglentedag het ons 'n wonderwerk op die godverlate pad tussen Pofadder en Kakamas beleef, glo ek en my dogter steeds. "Ek dink 'n engel het haar vlerk tussen ons en die ander motor ingedruk," het Mariella gesê.

Dié aand het ons tante van Pofadder gebel. "Dit sneeu hier! Of dalk is dit kapok. Maar die vlokkies daal so fyn soos die donsveertjies van 'n engelvlerk neer."


Op Pofadder het dit glo sover enigiemand weet nog nooit gesneeu nie. En toe sneeu dit die dag dat 'n engel haar vlerk oor ons sprei. **T**

**DEUR MARIËTTE CRAFTORD  
ILLUSTRASIE: OCTAVIA ROODT**



# UITBLINK OF UITBRAND?

In die era van sosiale media ervaar kinders toenemend prestasiedruk van alle kante – ouers, skole, vriende én daardie eie stemmetjie wat sê hulle is nie goed genoeg nie. Hoe kan die gemeenskap 'n vangnet teen uitbranding span?



ouers, onderwysers, skole en die gemeenskap word dikwels aandadig gehou vir bomenslike prestasiedruk op kinders. Is dit met opset of uit onbeholpenheid dat juis die versorgers van kinders hulle dikwels in duie laat stort?

Voortdurend word die prestasievlam gestook sodat dit hoër brand, maar as die hout opraak, kan die vuur uitbrand.

Daarby woed 'n veldbrand van mededinging op sosiale media wat eweneens sensitiewe siele kan knou.

Vaar 'n kind goed, kan hy of sy vervuld voel en geluk vind in die taak wat voortreflik afgehandel is. Sukses dien as motivering om 'n droom te verwesenlik of 'n loopbaan na te jaag.

Daarenteen kan prestasie dodelik wees. Gevaarlike angsvlakke, depressie en dwelmmisbruik onder kinders wat uitblink, is aansienlik hoër, toon navorsing. Dié gevolge van uitermatige prestasiedruk kan selfs tot selfdood lei.

## MEDALJES EN TROFEË IS NIE ALLES NIE

"Prestasie raak giftig wanneer ons ons hele wese en waardes met ons prestasie verweef – wanneer jy moet presteer om saak te maak," skryf Jennifer Breheny Wallace in haar topverkoperboek *Never Enough: When Achievement Culture Becomes Toxic – And What We Can Do About It*.

Historici, sakelui en sosioloë is dit eens prestasiedruk is veel hoër as voorheen vanweë die makro-ekonomiese kragte wat ter sprake is. Ouers se ego en drome, onderwysers en skole se verbete gejaag na prestasie-aansien en die gemeenskap en portuurgroepe se verheerliking van presteerders plaas bomenslike druk op kinders. Hulle hoor dag ná dag hul prestasie bepaal hul waarde as mens.

Dr. Clarissa Pinkola Estés skryf in haar boek *Women Who Run with the Wolves* oorlewing en prestasie behoort nie die middelpunt van 'n mens se bestaan te wees nie; 'n mens moet daarna streef om in alle opsigte te gedy. Dis juis die gebrek aan 'n vol, ryk lewe wat Jennifer by welgestelde kinders in die hoërmiddelklas-inkomstegroep in skole met aansien in Amerika teëgekom het.

Hoewel hulle "alles het" voel dié kinders dikwels hulle is nooit goed genoeg nie.

## DIE NODIGE HULP

Oor die gevolge van voortdurende prestasiedruk sê Cerise Rabie, 'n opvoedkundige sielkundige van Pinelands, Kaapstad: "Dit raak 'n siklus vir kinders: 'Ek mag nie rus nie.' In die gang van die lewe is daar altyd normale, konstante stressors wat mense kan hanteer, maar geleidelik raak dit meer en meer en dit raak oorweldigend. Dis wanneer uitbranding plaasvind."

Sy beklemtoon dat die uitdagings vir kinders wat in armoede of onder moeilike huislike omstandighede leef van 'n ander aard is, maar hulle steier eweneens onder die uitdagings en druk. Vir dié kinders is dit dikwels 'n prestasie om net by die skool uit te kom – om van akademiese of sportprestasie nie eens te praat nie.

"Geen kind kies sy of haar omstandighede nie," skryf Jennifer. "Daarom is dit ons taak as die grootmense in hul lewe om iets daaraan te doen." Die gesegde lui

## LET OP DIÉ TEKENS

- Kinders **onttrek** hulle van skoolwerk en buitemuurse bedrywighede.
- Hulle **verloor belangstelling** in dinge wat hulle voorheen geniet het.
- Kinders begin **sosiale situasies en geleenthede vermy** waarvan hulle voorheen gehou het, soos oorslaap by vriende en groepaktiwiteit.
- Daar is **fisieke tekens van stres** soos maagpyn, hoofpyn, huilbuie en bewerasie.
- 'n Kind se gesindheid verander na 'n oorwegend **negatiewe ingesteldheid**.
- Hulle **sukkel om te fokus**, hetsy in die klas of met huiswerk.
- Kinders raak **maklik geïrriteerd of gefrustreerd** oor klein probleme.



juis "dit verg 'n hele gemeenskap om 'n kind groot te maak".

Dit is te verstane dat ouers besorg is oor hul kinders se welstand – emosioneel en materieel. Gevolglik rus 'n reusetaak nie net op ouers se skouers nie, maar ook op onderwysers en die gemeenskap: Enersyds om kinders aan te moedig om hul volle potensiaal te verwesenlik en andersyds om hulle as weerlose individue geborge en aanvaar te laat voel.

In die meeste gevalle wil ouers hul kinders net aanmoedig en ondersteun, bevestig Cerise, maar ouers is dikwels onbeholpe in hul benadering. "n Kind ly soms aan uitbranding al verag die ouers nie dat hy of sy móét presteer nie. Maar die ouers verwoord ook nie die teenoorgestelde nie."

Ouers en onderwysers moet 'n voorbeeld stel deur vir kinders van kleins af te leer om hul emosies en bekommernisse te verwoord. Sodoende krop 'n kind nie vrese vir verwerping of mislukking op nie, maar noem dit op die naam, en sodoende kan hy of sy betyds hulp kry.

Uitbranding kan rampspoedige gevolge later in kinders se lewe hê deurdat hulle nooit weer op dreef kom nie. Maar as geliefdes, onderwysers en die gemeenskap saamspan, kan die kind 'n belangrike lewensles daaruit leer, sê Cerise.

## GESONDE MOTIVERING

Ben Coetzee (18), die afgelope twee jaar die dux-leerling by die Hoërskool Linden in Randburg, vertel sy ouers gee nie om of hy eerste staan of bó 90% kry nie. "Hulle was bly wanneer ek goeie punte kry, maar daar was geen druk van hulle kant af nie.

"Ek dink die gesondste bron van motivering is wanneer dit jysélf is wat mik na jou eie doelwitte en nie omdat jy ander mense probeer tevrede stel nie. Daarby was my grootste bron van motivering dat ek van kleins af 'n dokter wou word en ek het geweet dat ek hard moet werk daarvoor."

"Gesonde strewers," noem Jennifer kinders wat sukses behaal sonder dat hulle onder druk verkeer. Dié kinders weet dat hulle geliefd is en dat hulle saak maak. "Hulle voel dat hulle gewaardeer word deur hul gesin, hul vriende en hul gemeenskap ongeag hul prestasies."

Die kinders wat die swaarste kry, is die kinders wat glo dat hulle net aanvaar word wanneer hulle uitblink. Wyle Suniya Luthar, 'n gesiene veerkragtigheidsnavorsers, het dit só gestel: "Beperk kritiek tot die minimum. Stel toegeneetheid heel eerste. Die huis moet vir ons kinders 'n toevlugsoord wees waar hulle van die druk kan herstel en waar hul waarde nooit in twyfel getrek word nie." **T**

DEUR MARIËTTE CRAFTORD  
ILLUSTRASIES: REGARDT VISSER



# VERDRINK IN *Kreatiwiteit*

Ilse Moore se onderwaterfoto's laat jou verwonderd oor die moontlikhede wat water bied. Daar's 'n gewigloosheid in haar kuns wat die kyker losmaak van dit wat hom of haar op die aarde hou ...

**S**y is een van net 'n handjievol onderwaterfotograwe in Suid-Afrika. Dis 'n spesialisveld – van die ateljee en toerusting tot die kennis en vaardighede wat nodig is om onderwaterdroombeelde te kan optower. Dit voel boonop of 'n mens na beelde uit teaterstukke kyk. Daar word opgetof en aangetrek, gegriem en dan, soos 'n akteur op die verhoog stap, raak die model deel van die “onderwaterteater”.

Ilse Moore (43) lag. “Ja! Dit is presies hoe ek baie keer voel. Ek is deel van die gehoor, ek is die buitestander, en sien die teaterstuk voor my afspeel. Dit is altyd onvoorspelbaar, en hoewel ons vooraf beplanning doen, kan jy nie beheer hoe die model in die water beweeg nie.

“Water is vir my 'n simboliese geboorteplek. Ek kan probeer om dit te beheer, maar dit het 'n lewe van sy eie. Dit verander in 'n ander dimensie, soos 'n droom; onwerklik, maar diep gewortel in ons wese. As 'n kunstenaar wil ek water ondersoek as simbool wat ons psige voed, of dit negatief of positief is. Ek is lief vir die verrassingselement wat die water bring.”

## DIE PARADOKS VAN WATER

In die Etienne Rousseau-teater in Sasolburg hang van haar werke groter as lewensgroot. Dis onderwaterportrette wat sy vir die Spaanse dansproduksie *Recuerdos* geskiet het – 'n produksie deur Carli Spanish Dance Productions in samewerking met die gevierde kitaarspeler James Grace. Spaanse dansers in hul volle glorie – frille, blomme, kastanjette; James met sy kitaar.

In jou gedagtes sien jy hoe die water beweeg, hoe die swaar Spaanse dansrompe nou gewigloos skommel in die watermassa. En dan, 'n magiese oomblik vasgevang deur die druk van 'n knoppie. 'n Mens wil net kyk en kyk ...

Daar is 'n hele paar kommersiële en spesiale projekte waaraan Ilse ook gewerk het, soos die onderwatertonele in die musiekvideo vir Spoegwolf se liedjie “Flikker”, asook die voorblad van die roman *We Are Water* deur die Amerikaanse skrywer Wally Lamb.

Ilse lig die paradoks uit. “Ons het water nodig. Tog pas ons as spesie nie in water nie – dié ding wat lewe gee. Vir nege maande is jy in water voordat jy gebore word. En dan, skielik, pas jy nie meer in daardie medium nie. Dis so



vreemd dat ons so afhanklik van iets is, maar terselfdertyd nie daar inpas nie. Dit kan ons doodmaak. Ons kan verdrink. Vir my lê die mooi en vreesaanjaende daarvan in die balans om in te pas en terselfdertyd nie in te pas nie, en om juis dit vas te vang in my kuns.”

Kyk 'n mens na die foto's, lyk dit of dit iewers baie diep en geheimsinnig geskiet is. Dis presies die effek wat Ilse wil skep, maar die proses vind plaas in haar en haar man, Sean (49), se ateljee in Beverley Gardens, 'n piepklein voorstad van Johannesburg. Die tenk waarin sy skiet, is so groot soos 'n 6 meter lange skeepsvraghouer en deur ingenieursvriende vir haar ontwerp.

Eerstens moes dit só ontwerp word dat die waterdruk nie te veel vir die panele is nie. Die panele moet op hul beurt uiters goed seël. En daar is 'n glaspaneel waardeur Ilse kan skiet wanneer sy nie saam met die model in die

water is nie. Voordat sy die tenk laat bou het, was dit nogal 'n gesoek na gepaste swembaddens!

## VRYHEID!

Water het haar nog altyd bekoor, vertel Ilse. Dis deel van haar wese. Water "voed, streel en is gevul met misterie" en gee haar die geleentheid om 'n wêreld van haar eie te skep.

Met onderwaterfotografie skep sy iets wat almal verbind met die waarneembare: Die dinge wat mense laat leef, asemhaal, voel en bestaan. Haar foto's vertel van die heilige band tussen ma en ongebore baba; van vrywording en innerlike krag. Ja, en soms is daar mense wat onderwaterfoto's laat neem net omdat dit "iets anders is". Maar altyd word hulle geraak deur die proses: Die eenword met die water en die skep van kuns.

"Ek doen moeite om die persoon voor die tyd 'n bietjie beter te leer ken: Wat is die rede vir die foto's; wat wil hulle daarmee doen; watter tema en gevoel wil hulle hê; is die redes baie persoonlik en intiem; hoe lyk die kleurskema ..."

Vir baie mense is die Vrystaatse dorpie Deneysville,

op die oewer van die Vaaldam, 'n naweekspeelplek, maar vir Ilse en haar drie sibbes was dit huis. Die water van die Vaaldam was haar speelterrein. Haar oupa Hans van der Willik het die seiljaghawe Willik Marina (deesdae Anchor Creek Marina) in die laat 70's gestig.

"Ons kinderjare was gevul met avontuur. Ons het geswem, geski, met die boot gery – 'n paar keer het van die bote omgeslaan in storms en moes ons land toe swem! As kind kon ek nie vir beter gevra het nie."

## KUNS EN KENNIS ONTMOET


Komende van 'n kreatiewe familie het haar liefde vir kuns en water verstrengel geraak. Toe dit tyd was om hoërskool toe te gaan is Ilse na die Hoërskool Sasolburg, waar sy in die koshuis gebly het. Kuns was een van haar matriekvakke.

"Die onderwysers het my altyd aangemoedig om vry te wees in my kuns. My werke het altyd bietjie van 'n edge ➤





*"Water is vir my 'n simboliese  
geboorteplek. Ek kan probeer om dit te  
beheer, maar dit het 'n lewe van sy eie."*



gehad."

Ná skool het sy kunsklasse aangebied terwyl sy heeltyds gewerk het. Eers later het sy besluit om beeldende kunste deur Unisa te studeer. Een van haar dosente het voorgestel sy begin met fotografie speel en sy het nog nooit teruggekyk nie.

Sy maak gebruik van 'n Nikon D4 in 'n spesiaal ontwerpte, waterdigte kas. "Dit is baie groter as gewone DSLR (digitale enkellensrefleks)-kameras en daarom moes ek my eie kas laat bou. Ek is versot op die lae-lig-vermoëns van die kamera," sê Ilse.

Sy skiet die meeste van haar onderwaterwerk met 'n 16 mm-visooglens. Ietwat onkonvensioneel, want dit verwring die beeld, maar Ilse ken haar lens en redigerings tegnieke en weet presies wat sy wil hê. Sy is ook baie spesifiek oor beligting en maak nie van 'n kameraflits gebruik nie, maar van ateljeeligte sodat sy totale beheer oor die beligting het.

"Ek is baie opportunisties en instinktief in my styl en sien dikwels nuwe moontlikhede raak terwyl ek skiet. Dié vryheid laat my toe om selfs meer passie en kreatiwiteit in my werk te stort. Dieselfde spontaneïteit vloei oor in my redigeringsproses. Dit is diep vervullend wanneer 'n foto wat ek geskep het – wanneer ek daarna kyk – die begeerte in my wakker maak om so gou moontlik weer in die water te klim.


"Kuns begin by 'n idee. Om iets te kan sê deur dit wat jy skep, is wat jou 'n kunstenaar maak. Om te weet hóé om dit op die beste moontlike manier te sê, is waar vaardigheid en kennis intree. Kuns wat beweeg, inspireer, maar ook uitdaag. Dit kan ons denke, maar ook ons perspektief uitdaag. Ek glo nie kuns het 'n vaste vorm nie." **T**

Besoek [ilsemoore.com](http://ilsemoore.com).

**DEUR MARETHA BOTES  
FOTO'S: ILSE MOORE**

# SAAMWEEES

## IN 'N TYD VAN VERVREEMDING



Wat is die dinge wat gesinne doen om gesonde gesinsbande te bou wat elke lid geliefd en geborge laat voel? En hoe keer 'n gesin dat sy lede wegdryf van mekaar?

Soos die geur van varsgebakte brood wat uit 'n kombuis vervaag, het baie van die "rituele" wat Afrikaanse gesinne eens bymekaar gehou het, begin verdwyn. 'n Tafel wat vroeër gedek was met lag, gebed en gesinspraatjies word nou vinnig skoongemaak, met 'n tikkende horlosie wat die laaste woord spreek.

Wat gebeur wanneer die tafel leeg is? Waar lê die emosionele ankers wanneer die kos lankal op is en die sout-en-peper-gebruike verdwyn?

## As gesinstradisies verdwyn

Marguerite Theron, 'n sielkundige by Psych Central in Rivonia, Johannesburg, verduidelik dat gesinsrituele dikwels om godsdienstige praktyke gesentreer is, soos gebed voor ete en kerk op Sondag.

Hierdie tradisies dien nie net as religieuse praktyke nie, maar as bron van kontinuïteit en sekuriteit. Rituele bied stabiliteit, wat veral in vandag se vinnige, tegnologiegedrewe wêreld broodnodig is. Marguerite wys daarop soos gesinne minder

godsdienstig raak, verdwyn baie van hierdie rituele. Dit laat 'n leemte wat gesinne se gevoel van samehorigheid aantast.

Sy glo tegnologie het selfs die aard van gesinsrituele beïnvloed. Waar gesinne eens saam geëet en gesprekke om die tafel gevoer het, is dit nou nie vreemd dat elkeen voor 'n skerm sit nie. Die gesinsdinamiek verbokkel wanneer gesinne nie meer rituele deel wat deur almal as waardevol beskou word nie.

Moderne gesinsaktiwiteite, soos om saam sport te kyk, saam te draf of selfs saam te kook, kan as nuwe gesinsrituele dien, maar slegs as die hele gesin dit geniet. Die sleutel tot 'n suksesvolle gesinsritueel, verduidelik Marguerite, lê daarin dat dit aan almal 'n positiewe ervaring bied en emosionele ankers vorm wat herinnerings en gesinsbande versterk.

## Uit die huis uit praat

Jacomie Horn (69), 'n ouma van Bronkhorstspuit met vier kinders en agt kleinkinders, meen rituele soos Bybel lees, gebed en kerkbywoning help om 'n grondslag van rustigheid en geloof in die gesin te bou. Hierdie praktyke bied nie net morele riglyne nie, maar skep ook 'n veilige plek


waarin gesinslede hulself kan wees.

Vir Jacomie lê die waarde van gesinsrituele nie net in die oomblik nie, maar in die langtermyn-effek. Sy voel sterk daarvoor dat die band tussen grootouers en kleinkinders diep gewortel moet wees en dat families meer geleenthede moet skep sodat hulle saam kan kuier.

Mia du Preez (47), 'n ma van drie van Klerksdorp, sien rituele soos gesamentlike ontbyt en aandete as 'n ankerpunt in haar gesin. Selfs wanneer daar net een kind tuis is, hou hulle by hierdie roetine, wat 'n gevoel van rustigheid en struktuur in die dag skep. Die gesin maak ook 'n punt daarvan om Saterdag aan die plaaslike Parkrun deel te neem en tydens vakansies saam te oefen.

Mia beklemtoon ook die belang van geloof en huisgodsdienste as fondament vir haar gesin se waardes en leefstyl. Hulle vier ook graag verjaardae op 'n spesiale manier omdat hulle glo dit herinner hulle aan die "geskenk" van elke nuwe jaar, en van die waarde van elke gesinslid. Hierdie eenvoudige, maar betekenisvolle rituele help om die gesin in moeilike tye bymekaar te hou.

Mia en Jacomie meen albei hedendaagse mense leef dikwels by mekaar verby. Kinders en ouers is al hoe meer geneig om hul aandag na hul slimfoon of ➤



## “WAAR GESINNE EENS SAAM GEËET EN GESPREKKE OM DIE TAFEL GEVOER HET, IS DIT NOU NIE VREEMD OM ELKEEN VOOR 'N SKERM TE SIEN NIE.”

ander toestelle te verskuif, wat interaksie beperk. Hierdie gebrek aan gesinskommunikasie kan lei tot 'n gevoel van vervreemding; die gesinslede is nie meer ten volle bewus van mekaar se doen en late nie en dit skep 'n afstand wat soms

moeilik is om te oorbrug.

Marguerite sê dis noodsaaklik dat gesinne doelbewus tyd maak vir kommunikasie en samehorigheid. Gesinsrituele wat saam ervaar word, soos om ete voor te berei of net die dag se gebeure te bespreek, vorm emosionele bande. Dit mag eenvoudig lyk, maar dit help om die gesinsdinamiek gesond te hou.

### *'n Nuwe manier van saamwees*

Marguerite wys daarop rituele kan aangepas of nuwes geskep word om by die moderne gesin se leefstyl aan te pas. Dit is nie net die ou gebruike wat gesinne definieer nie, maar die manier waarop nuwe tradisies geskep word.

'n Gesin kan nie meer elke aand om die tafel sit nie, maar hulle kan 'n ander tyd en plek vind om saam te wees. Hierdie aanpassing is veral belangrik vir gesinne wat nie die tradisionele gesinsmodel volg nie of waar fisieke afstand 'n faktor is.

Marguerite benadruk dat 'n ritueel waardevol is as dit die gesin bymekaarbring en emosionele sekuriteit bied. In 'n gesonde gesin skep rituele geleenthede vir konneksie, aanvaarding en 'n gevoel van belangrikheid – elemente wat nie elders verkry kan word nie.

Die tafel, al staan hy soms leeg, bly 'n simbool van hoop. Dit is die plek waarheen gesinne altyd kan terugkeer; 'n anker wat nooit werklik verdwyn nie. Deur nuwe tradisies en rituele te skep, het ons die krag om die leë plekke aan tafel weer vol te maak met emosionele ankers wat gesinsbande versterk. Hierdie nuwe maniere van saamwees bied dieselfde sekuriteit en stabiliteit van ouer rituele.

Die uitdaging vir die moderne gesin is om oomblikke van saamwees te bou, of dit nou by die etenstafel of by 'n gesinsgeleentheid is. Die waarde van saamwees bly tydloos. **T**

**DEUR JANNES ERASMUS  
ILLUSTRASIE: WILLEM SAMUEL**



# DIGIPROJEKTE

**ATKV-DigiProjekte bied iets vir elkeen – boonop het jy net toegang tot 'n rekenaar, tablet of slimfoon en 'n internetverbinding nodig om in te skryf en deel te neem.**



Skryf jy graag in Afrikaans?

**DIGISKRYF**



Is jy gekonfynt in Afrikaanse gesegdes, idiome, spreekwoorde en vergelykings?

**DIGI-IDIOME**



Wil jy jou spelling toets en verbeter?

**DIGISPEL**

**DIGIPRAAT**



Is daar 'n standpunt wat jy eenvoudig móét verdedig?

**DIGISPANPRAAT**

**DIGITONEEL**



Wil jy jou spel vir die kamera ontwikkel?

**DIGIVOORDRAG**

Wou jy mense nog altyd met jou helder voordragstem beïndruk?

**DIGIKUNS**

Soek jy na 'n platform om jou kuns ten toon te stel?



**ATKV-DigiProjekte bied iets vir elkeen – boonop het jy net toegang tot 'n rekenaar, tablet of slimfoon en 'n internetverbinding nodig om in te skryf en deel te neem.**

Om meer uit te vind oor ATKV-DigiProjekte, skandeer die QR-kode langsaan.





# Die mense agter 'n inisiatief wat begin het as 'n feministiese nuusbrieff oor genderrolle in Afrikaans wil die weg na nog projekte en gesprekke baan, en die ATKV stap saam ...

In Mei 2022 het die vriendinne Azille Coetzee en Bibi Burger, albei jong feministe en akademici, 'n inisiatief bekendgestel wat feminisme in Afrikaans wou karteer en boekstaaf. Hulle noem dit Turksvy. Dit het begin as 'n aanlyn publikasie via die nuusbrieffplatform [Substack](https://substack.com).

Hulle het Afrikaanssprekende skrywers, kunstenaars en denkers genooi om in die vorm van 'n brieff (wat aan enigiemand gerig kon word) te skryf of andersins te besin oor feminisme en gender in Afrikaans. Bydraers het ingesluit Ronelda S. Kamfer, Marita van der Vyver, Chase Rhys, Diana Ferrus, Lynthia Julius en Ingrid Winterbach.

Elke tweede Sondag het 'n nuwe brieff oor feministiese temas in intekenaars se posbus beland.

## Vrae oor gender

Dit was 'n manier om 'n aanlyn ruimte te skep vir gesprek oor die onderwerp; om 'n feministiese gemeenskap in Afrikaans te kultiveer, en om die woordeskat vir feminisme in Afrikaans – in al die variëteite daarvan – te begin uitbou, vertel Azille en Bibi, vir wie dit belangrik was dat die briewe iets van die plaaslike konteks weerspieël, eerder as dat dit 'n klakkelose herhaling van gesprekke elders ter wêreld is.

Hulle wou al lank in Afrikaans iets feministies doen, vertel dié twee navorsers, wat hulle ook in hul akademiese werk in feminisme verdiep. Bibi, ná jare as dosent by die Universiteit van Pretoria, doseer tans Afrikaans en Nederlands by die Universiteit van Kaapstad. Azille, wat feministiese filosofie as primêre vakgebied het, is nadoktorale navorser in die Universiteit Stellenbosch se sielkundedepartement en navorsingsgenoot in die filosofiedepartement.

Teen die middel van 2023 is die laaste brieff in die Turksvy-brieffwisseling gepubliseer en daarna is al die briewe byeengebring in 'n gratis tydskrif (of *zine*) wat op [Klyntji.com](https://klyntji.com) afgelaai kan word.

Dit was nie vir Bibi en Azille, wat teen daardie tyd 'n lojale en groeiende mark gevind het, die einde van die projek nie. Dit was duidelik dat daar belangstelling is in feministiese en queer-samesyn in Afrikaans, en dat daar bestaande gemeenskappe is waarby hulle kon aansluit.

Turksvy is groter as enige spesifieke projek, meen Azille. "Ons sien dit as 'n vervormbare struktuur waardeur ons die vrae oor gender wat ons akademies bestudeer in die regte wêreld kan verken saam met ander vroue en mense wat nadink oor en worstel met dieselfde dinge."

## Andersoortige begrafnis

Daar volg 'n aantal fisieke byeenkomste, soos 'n "begrafnis van tradisionele vroulikheid", wat in September 2024 in Kaapstad plaasgevind het. Daarmee het hulle hul aangesluit by die simboliese begrafnis van tradisionele vroulikheid wat die Amerikaanse feminis Shulamith Firestone en die New York Radical Women in 1968 gereël het as deel van die breër protesaksie teen die oorlog in Viëtnam, vertel Azille.

"Die idee was om bewustheid te skep van hoe stelsels van onderdrukking met mekaar oorvleuel en deurkruis, en die begrafnis het gedien as 'n soort verklaring deur die vroue dat hulle nie langer passief sal toekyk op ongeregtigheid nie, maar hulself polities sal laat geld, al verg dit ongehoorsaamheid aan hul mans en die reëls wat gestel word vir 'ordentlike' vroulikheid. ➤



*Heel bo, v.l.n.r.: Elodi Troskie, medeorganiseerder van die begrafnis van tradisionele vroulikheid, saam met Azille Coetzee en Bibi Burger, die feministe agter die Turksvy-inisiatief.*

*Bo en regs bo: Die kunstenaar Nicolene Burger omskep die objekte wat vroue na die geleentheid gebring het in 'n kunswerk en het ook op die aand 'n lewendige vertoning gelever.*

"Die byeenkoms het onderstreep hoe die onderdrukkende stelsels van nasionalisme, kapitalisme en kolonialisme afhanklik is van vroue-onderdanigheid, en hoe die tradisionele vrou dus inherent medepligtig is aan ongeregtigheid. Die verwerping van tradisionele vroulikheid maak feministiese solidariteit oor grense van ras en klas moontlik en het die potensiaal om bestaande vernietigende magstrukture te destabiliseer."

By die Turksvy-byeenkoms was daar optredes deur Lorin Sookool, Veronique Jephtas en Nicolene Burger. Janke Mostert was seremoniemeester, oftewel "dominee", met 'n begrafnislied deur Robyn Reid. Die begrafnisgangers is gevra om 'n klein voorwerp te bring wat vir hulle verteenwoordigend is van tradisionele vroulikheid. Op dié manier is die vraag oor die definisie van tradisionele vroulikheid oopgestel aan Afrikaanssprekende vroue van alle rasse.

"Mense het allerhande fassinerende objekte gebring,

**“TURKSVY IS VIR ONS GROTER AS ENIGE SPESIFIEKE PROJEK. ONS SIEN DIT AS 'N VERVORMBARE STRUKTUUR WAARDEUR ONS DIE VRAE OOR GENDER WAT ONS AKADEMIES BESTUDEER, IN DIE REGTE WÊRELD KAN VERKEN SAAM MET ANDER VROUE EN MENSE WAT NADINK OOR, EN WORSTEL MET, DIESELFDE DINGE AS ONS.”**

en ons het Nicolene gevra om dit bymekaar te sit en 'n kunswerk daarvan te maak,” vertel Azille. “Die objekte val veral in twee kategorieë: Dinge wat verband hou met die skoonheidsideale wat vir vroue gestel word, soos haarverwyderingswaks, wimperkrullers, lipstifflie en haarverlengings; en dan dinge wat te doen het met die huishoudelike rol wat vroue speel, soos 'n doilie, 'n houtlepel en 'n jammerlappie.

“'n Paar vroue het objekte saamgebring wat hulle by hul ma of oumas geërf het. Daar was dus ook 'n klem op die manier waarop vroue hierdie dinge oordra van een generasie na die volgende, die manier waarop ons as vroue aandadig is aan ons eie onderdrukking binne patriargale stelsels. Deur 'n klomp vroue en queer mense op hierdie manier bymekaar te bring, was daar dus 'n gevoel dat ons mekaar toestemming gee om die reëls te verbreek en onself te probeer bevry van ou patrone.”

## *Kom deel jou storie*

Solidariteit en samesyn is nagestreef, maar samesyn wat nie gemedieer word deur die patrone en vereistes van heteroseksuele familie en voortplanting, en dus die prisma waardeur tradisionele vroulikheid tipies en grootliks in die kulturele milieu gedefinieer word nie.

“Die Turksvy-briewe was al 'n poging om feministiese samesyn in Afrikaans aan te wakker, maar daar is iets aan fisieke byeenkomste, van 'n gesellige ruimte, musiek, iets te

ete, rituele en net beliggaam saam wees wat teks nie kan bereik nie,” sê Azille. “Ons hoop ook dat die byeenkomste op 'n meer direkte manier sal veroorsaak dat verskillende Afrikaanse feministe mekaar ontmoet en sodoende sal lei tot nog baie ander projekte, samewerkings en inisiatiewe, sommer heeltemal apart van Turksvy.”

In 2025 word daar, onder die vaandel van Turksvy en met die finansiële steun van die ATKV, 'n aand beplan waartydens vroue en mense van die queer-gemeenskap sal byeenkom om stories oor hul lewe in Afrikaans te hoor en te deel.

“Storievertelling is 'n erkende feministiese en kruiskulturele manier van kennisskepping en Afrikaans is 'n taal met 'n ryk geskiedenis van oraliteit – iets wat vandag steeds met groot vrug ingespan word deur die inisiatiewe van Afrikaanse kultuurorganisasies soos die ATKV,” vertel Azille. “Dit is deur stories dat ons die politieke, geskiedkundige en praktiese beter verstaan. Stories skep verbintenisse en solidariteit tussen mense; ons gebruik stories om onself sigbaar en verstaanbaar te maak; om ons ervaringe met die ervaringe van ander te verbind.

“Stories vervul ook 'n belangrike politieke funksie: Ons gebruik stories om sin te maak van ons plek in die samelewing, en onself in verhouding met ander te verset teen die onderdrukking wat ons sien en ervaar. En dan is stories ook net mooi, snaaks en hartseer.” **T**

**DEUR CATRINA WESSELS  
FOTO'S: VERSKAF**

KATINKA HEYNS

# KATINKA,

*ewige*

Katinka Heyns het as regisseur en vervaardiger baanbrekerswerk gedoen met trefferflics soos 'Fiela se kind' en 'Paljas'. Sy kyk terug oor 'n leeftyd se hoogtepunte, en vertel hoe die bedryf verander het ...

# storieverteller

m

a, eggenoot, aktrise, kunstenaar, storieverteller, rolprentvervaardiger, regisseur en kampvegter vir Afrikaans. Katinka Heyns is 'n vrou van vele talente en 'n juweel in die

Suid-Afrikaanse skatkis.

Haar en Sonneblom Ateljees se nuutste projek, in samewerking met LitNet en die Dagbreek Trust, is *Luisterverhale*, waarin bekende kortverhaalskrywers se werk deur stemkunstenaars voorgelees word.

Dié storieverteller het as kind haar eie stories opgemaak, en haar eerste "amptelike" konsert is in haar ouerhuis aangebied. "Die kinders moes 'n tatie betaal en die ouers 'n sjieling," vertel sy. "Die opbrengs was een pond twaalf en ses. My ouma Kat, 'n wonderlike storieverteller, was betrokke by die SAVF [Suid-Afrikaanse Vrouefederasie] en dié allemagtige bedrag is geskenk aan hulle. As bedanking het ek 'n lepeltjie ontvang wat ek steeds het."

Katinka het gereeld opgetree in skoolkonserte en aan kunswedstryde deelgeneem. "Ek is aanvaar by die Afrikaanse Hoër Meisieskool [in Pretoria]. Daar is ons blootgestel aan goeie dramas en operas. Sodoende is die tafel gedek om drama by Tuks te studeer."

Die eerste rolprent wat haar dosent Truida Louw – sy het later Katinka se mentor geword – hulle gewys het, was *The African Queen* (1951) met Katharine Hepburn en Humphrey Bogart.

"Ek was totaal gefassineer toe sy praat oor die osmotiese proses tussen die twee karakters. Ek het alles neergeskryf en dié aand in my koshuiskamer elke woord gememoriseer.

"Die jare as klein dogtertjie het my voorberei om 'n soort fotografiese geheue te ontwikkel."

Nadat sy haar graad verwerf het, het sy oudisies geslaag om by die destydse Transvaalse Raad vir die Uitvoerende Kunste (Truk) of Kaaplandse Raad vir die Uitvoerende Kunste (Kruik) aan te sluit.

"Ek het by albei gewerk en 'n lewensdroom is bewaarheid toe ek teenoor Cobus Rossouw speel. Ek het 'n oudisie vir Jans Rautenbach gedoen en my eerste fliekrol in *Katrina* (1969) losgeslaan. Daar was nie 'n draaiboek nie en hy het op stel besluit hoe die skoot sal lyk en wat die speler sal sê of doen. Die visuele het dus die inhoudelike bepaal."

## 'N BLOMTYDPERK IN DIE BEDRYF

Katinka het haar werk by Truk bedank en heeltyds saam met Cobus begin werk. "Hier het my en Koos Roets se paaie gekruis. Ek het die teater verlaat vir rolprente. Ons is getroud en ek het vir die SAUK leer oorklank in 'n klein ateljee wat ons in die motorhuis ingerig het. Koos was my tegniese leermeester."

Sonneblom Films is gestig en hulle het dokumentêre programme en dramareekse vervaardig en rolprente gemaak. Truida het vir Katinka ingestaan met oorklanking terwyl sy en Koos hul eerste fliek saam, *'n Rand 'n droom* (1977) verfilm het.

"Dáár is die besigheid gebore. Ons seuntjie Reghard is gebore en ek het tuis ons oorklankingsbesigheid opgebou. Dit was 'n fantastiese sukses. Die bedryf het gegroei en ons in staat gestel om dramareekse te vervaardig. Van 'n handjievol akteurs het ons gegroei tot 'n honderd akteurs per week."

Met die oorklankingsmaatskappy kon Katinka vir haarself werk en projekte kies. 'n Politiek interessante verwikkeling was toe Sonneblom in 1994 *The Lion King* vir Disney in Zoeloe oorgeklank het. Die politieke toneel by die SAUK het verander en die koms van kykNET was nie 'n oomblik te vroeg nie. "Om vir kykNET oor te klank; dokkies, reekse én vollengte flieks te maak, was louter genot."

Intussen het Katinka en Koos se huwelik tot 'n einde gekom. Sy is in 1978 weer getroud, met die skrywer Chris Barnard, wat al die draaiboek vir haar rolprente geskryf het. Haar eerste vollengte fliek as regisseur, *Fiela se kind*, is saam met Edgar Bold vervaardig vir Ster-Kinekor. Hoewel Chris reekse soos *Phoenix & Kie* (1979) vir Sonneblom geskryf het, was *Fiela se kind* (1988) sy eerste volwaardige draaiboek vir die wye doek.

"My en Koos se vriendskap is nooit beëindig nie, ook nie ons professionele verhouding nie, hoewel hy toe self begin flieks maak het. *Koöperasiestories* was sy eerste wegholsukses," vertel Katinka.

Sy, Chris en Koos het jare lank saamgewerk en soos die tegnologie verbeter het, het Koos hulle tegnies bygestaan en "opgevoed". *Die wonderwerker* (2012), die laaste fliek waarvan Katinka die regisseur was, is juis deur hulle saam aangepak. Chris en Simon Barnard (sy en

Katinka se seun) het saam *Die rebellie van Lafras Verwey* (2017) se draaiboek geskryf en Simon het ook die regie behartig, met Katinka as vervaardiger. Chris het nooit die eindproduk gesien nie, want hy's in 2015 oorlede.

## ALLES BEGIN MET 'N GOEIE STORIE

Oor die jare het die fliekbedryf se tegnologie ingrypend verander. "Vandag het jy onmiddellike toegang deur monitors," vertel Katinka. "Eers met die koms van televisie was die regisseur in 'n posisie om met video te verfyn en eksperimenteer. Tog het TV vir my as regisseur goeie geleenthede gebied om te leer totdat ek in 'n posisie was om 'n *Fiela se kind* of 'n *Klara Viljee* te verfilm."

Katinka sê in *Katrina* het dit haar gepla dat 'n wit aktrise die naamrol vertolk. "Dit het alles te make gehad met identiteit. Toe *Fiela* oor my pad kom, het ek geweet 'n jare lange droom om dié regstelling te maak, is bewaarheid. Ek sal nie sê my films fokus net op vrouebemagtiging nie; die stories vind my. Min mense het geweet dat *Die storie van Klara Viljee* (1992) deur Dalene Matthee geskryf is.

"Chris het die draaiboek geskryf, soos al die ander. Ek dink dis waarom die balans tussen die mans- en vrouedynamiek nooit geforseerd was nie. Dit het die storie gediën en nie een of ander politieke standpunt nie. Ek is nie 'n politieke dier nie; ek verorber goeie stories.

"Deesdae is die jongmense geweldig rekenaarvaardig en blootgestel aan die beste in die wêreld. Ek verstom my aan die talent. Om finansiering te kry, is nie maklik nie en die toneel het verander en horisonne verbreed na die buiteland."

Katinka meen daar is beslis belangstelling in ons land en sy stories. "Die uitdaging lê altyd by die bron. Ons het goeie draaiboekskrywers, maar om die tree te gee, lê beslis in Engels.

"Mense se lewenstyl het verander en lewenskoste het drasties gestyg. 'n Rolprent moet baie aandag trek voordat mense hul huise en luukse grootskermse gaan verlaat. Dit dwing die fliekmakers om gehalte te lower. Wat my betref, is die storie en karakters alles.

"Afrikaans sal nooit uit die mode raak nie, maar solank die werk 'asemhaal' en plek het vir alle rasse, kleure en geure sal Afrikaans bly voortleef. Dit bly 'n unieke taal en ons mag nie toelaat dat dit vervaag of besoedel word nie."

## 'EK DROOM SOMMER'

Haar loopbaan sluit vele interessante oomblikke in. Katinka sê elke projek was op sy tyd die interessantste. "Die olifante in *Fiela* en die duin in *Klara Viljee* was uitdagend. Die sirkus en wilde diere in die middel van die Klein-Karoo met *Paljas* was 'n uitdaging, asook die bobbejaan in *Die wonderwerker*. Die weer was 'n groot faktor, veral in *Klara* by Waenhuiskrans. Ons is byna in die grot vasgekeer as gevolg van 'n woeste see."

Wat die toekoms betref, wil Katinka betrokke bly as vervaardiger, maar nie as regisseur nie.

"Dit vra geweldig baie energie van 'n mens. Letterlik en figuurlik. Ek is darem nou 77 jaar oud en is op 'n sekere vlak; 'ouskool' as dit kom by die tegnologie. 'n Mens moet op 'n fliekstel kan vlieg!"

Sy drink steeds haar eerste koppie koffie op Onrusrivier, waar sy woon, wanneer die haan kraai, voer haar fisante, gaan stap met haar hond en broei oor projekte. "Ons het goeie draaiboekskrywers, maar rolprente ding deesdae mee met stromingsdienste. My kinders, Reghard en Simon, stories en die natuur is maar waar my passie lê. Ek luister graag na musiek en geniet my nabye vriendinne. Baie water het in die see geloop. Baie Afrikaanse woorde het die see laat dans; sag, rof, seer, oneindig mooi. Ek dink aan I.D. du Plessis se woorde:

'Geheimnisvolle oseaan.

Wat meen jou ewige kom en gaan? Jou rustelose gees?

Ek vrees jou weergalose krag. Jou liefde allermees."

Onlangs het 'n besoeker aan huis haar erepenninge van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, die UP Laureaat-prys en eredoktorsgraad opgemerk. "'Haai, maar ek onthou jou as Pennie in *Idie 1976-TV-reeks Willem!* Jy was darem vrek onnosel! En wat doen jy deesdae?"

"Ek het amper vir hom gesê, soos Hettie Smit in *Sy kom met die sekelmaan*: 'Ja, Oom. Ek droom somer, Oom. Ek droom somer.

"En as ek tyd het, dan het ek lief. Ek het mense lief en ek het Afrikaans lief." **T**

**DEUR YOLANDA DU TOIT  
FOTO: VERSKAF**

# DIS EEN GROOT SIRKUS!

As die enigste  
oorblywende  
reisende sirkus in  
die land verseker  
die McClaren-  
geselskap dat oud  
en jonk steeds  
die bekoring van  
hierdie kwynende  
vorm van vermaak  
kan geniet ...



die sirkustent is die eerste ding wat jy sien as jy Klerksdorp vanuit Potchefstroom se rigting binnery. Dit toring bo die vaal vlaktes van die Noordwes, so of dit 'n

baken is van onskuld, nostalgie en 'n eenvoudiger tyd toe sosiale media, selfone en tegnologie nie kinders se hoofbron van vermaak was nie.

Nog voordat jy by die tent ingaan, hoor jy al die kinderlaggies en die gejl. Stoot jy die tentflap opsy, word jy begroet deur vrolike musiek, helder ligte en die reuk van springmielies.

Die tent is volgepak en in die sirkel staan twee hansworse. Hulle lyk dik die josie in vir mekaar. Die een gooi kamma 'n hou na die ander

en dié tuimel grond toe. 'n Meisietjie in die gehoor snak na haar asem en sê vir haar ma: "Is hierdie deel van die *show*?" Haar ma stel haar gerus.

Later het twee leeus en twee Bengaalse tiers die gehoor in vervoering. Met die klap van 'n sweep deur die temmer spring al vier elkeen op 'n stoel. Daar sit hulle en wag vir instruksies. Een van die leeus gee 'n diep brul. Met nog 'n klap van die sweep spring die katte af en loop lui-lui in sirkels voordat hulle soos skimme agter die tentflappe verdwyn.

## VAN DORP TOT DORP

Daar is min mense wat kan sê hulle was nog nooit by 'n sirkus

nie. lewers in jou geheue draal die smaak van spookasem, die trompetter van olifante en die manewales van hansworse. Slegs die McClaren-sirkus toer nog die land plat. Die bekende Boswell-sirkus het in 2001 amptelik vir die laaste keer sy tentpenne uitgetrek.

"Die sirkus is een van die oudste kunsvorms," sê David McClaren (41). "Die mens is nog altyd gefassineer deur die vreemde en die absurde." David is die sirkusbaas en het die sirkus sowat 20 jaar gelede begin.

"Dit het als begin toe ek as vierjarige vir die eerste keer na 'n sirkus toe is. Ek sal dit nooit vergeet nie. Ek was in verwondering en het daarna 'n hele paar keer weer die sirkus besoek en gedroom om eendag my eie sirkus te hê," vertel hy.

Ná skool het hy as straatmusikant begin optree. "Ek wou baie graag 'n entrepreneur word en het 'n klomp los werkies gedoen. Later het ek en my broer, Duncan, besluit om in 'n klein tent in Kaapstad ons eerste sirkus te begin. Dit was bitter klein, maar dit is waar alles vir ons begin het."

Vandag toer David en sy geselskap die land vol. "Ons bly ten minste 'n week op 'n dorp. Daar is nie 'n dorp in Suid-Afrika wat ons nog nie besoek het nie. Ons het agtergekom dat mense oor die feestyd nie noodwendig die sirkus wil besoek nie. Hulle spandeer tyd saam met hul gesin by die huis. Dit gee ook vir ons kans om 'n bietjie asem te skep en te rus."

## VERMAAK VAN TOEKA TOT NOU

David meen die sirkus is eintlik die ware realiteitsreeks. "Net soos realiteitsreekse op televisie het die sirkus daardie element van humor en drama. Mense kom na die sirkus toe om te sien of die temmer deur die leeu opgevreet gaan word. 'n Sirkus is onvoorspelbaar."

Aan die begin het David slegs van plaaslike kunstenaars gebruik gemaak, maar deesdae het hy ook internasionale kunstenaars wat saam toer. Tans is 'n groep Mongoolse akrobate deel van die McClaren-sirkus. "Die industrie is so klein dat almal vir almal ken. Ek sluit gewoonlik 'n tweejaar-kontrak met kunstenaars omdat dit omtrent so lank vat om deur die land te toer." ➤





Hul "taak" om mense, en veral kinders, te vermaak, raak al hoe moeiliker. "Kinders is baie aandag-afleibaar en dit is te wyte aan selfone en tablette. Hulle wil nie meer so lank sit nie. Dit maak dinge vir ons ook moeilik, maar ons probeer by die tegnologie aanpas en die vertonings korter maak. Ons probeer ook die gehoor betrek en sal met baie van die vertonings mense in die gehoor nooi om deel te wees van die vertoning."

Daar is goeie 'n rede hoekom die sirkus se verhoog altyd sirkelvormig is. "Só betrek jy die gehoor. Dit laat hulle voel of hulle daar in die middel van die aksie is. Dit het als begin by die vader van die moderne sirkus, Philip Astley."

Astley, 'n voormalige sersant-majoor in die weermag, het in 1768 in Engeland mense begin vermaak deur op sy perd te staan terwyl dit in 'n sirkel galop. Kort daarna het hy harlekyne en ander kunstenaars betrek. "In die 1800's was diere die hooftrekpleister," sê David. "In die 1900's was dit meer van 'n kombinasie. Jy het diere

gehad, maar ook kunstenaars soos hansworse en akrobate. Dit is min of meer nou dieselfde."

## EEN GROOT, GELUKKIGE FAMILIE

David het al kritiek van diereregte-aktiviste ontvang, maar dit skeel hom min. "My diere word goed na gekyk. Ek het die Dierebeskermsvereniging (DBV) al genooi om te kyk waar ek my diere aanhou en hulle kon niks fout vind nie. Die ding is, as 'n poedel deur 'n hoepel by 'n winkelsentrum spring, is dit vir mense baie oulik, maar as hy dit in 'n sirkus doen, is dit dieremishandeling."

David besit 'n stuk grond buite Meyerton, in die Vaaldriehoek, wat hy gebruik as veilige hawe vir sy diere wat "afgetree" het.

"Dit gebeur kort-kort dat aktiviste wil keer dat ons in 'n betrokke dorp optree. Dit het weer nou die dag in Barberton gebeur. Ek nooi

enigiemand om te kom kyk; my diere word goed versorg."

Duncan (45) is ook een van die lawwe harlekyne wat die kinders laat skaterlag. "Daar is vir my niks lekkerder as om 'n kind te hoor lag nie," sê hy. "Vir daardie paar oomblikke bring jy vir hulle vreugde."

Hy verduidelik elke werknemer van die sirkus het meer as een werk. "Hier doen ons almal alles. Ons is een groot familie. Ek kan myself nie in 'n kantoor sien sit nie. My lewe is om mense te vermaak."


David beaam dit en voeg by: "Die sirkus bied vir groot en klein ontvlugting. Die sirkus sien nie ras of geloof nie. Hier in die gehoor sal jy mense van verskillende agtergronde kry. Op die ou end gaan dit oor die fassinasie en onskuld van 'n kind, en selfs grootmense ervaar dit vir 'n uur of wat weer." **T**

Om meer uit te vind oor toerdatums, besoek [www.mclarencircus.co.za](http://www.mclarencircus.co.za)

**DEUR JACQUES MYBURGH  
FOTO'S: ANDRÉ BADENHORST**

**"NET SOOS REALITEITS-  
REEKSE OP TELEVISIE  
HET DIE SIRKUS  
DAARDIE ELEMENT VAN  
HUMOR EN DRAMA.  
MENSE KOM NA DIE  
SIRKUS TOE OM TE SIEN  
OF DIE TEMMER DEUR  
DIE LEEU OPGEVREET  
GAAN WORD."**





*Die indrukwekkende  
vensters van die  
Moederkerk in  
Stellenbosch vertel nes  
hul eweknieë oor die  
wêreld heen stories.*

Kleurglasvensters word gewoonlik met die luisterryke katedrale van Europa vereenselwig, maar hierdie interessante vensters word ook in Suid-Afrika gevind; dikwels met baie simboliek daaragter ...

# 'N BLIK op die siel

**S**ommige mense sê dit was Robert Frost, ander sê dit was Alexander Lawrence Posey, maar hoe ook, een van hulle het gesê elke kunswerk moet eerstens 'n storie vertel. Dit is immers die doel van kuns, en een kunsvorm wat daarin slaag om 'n storie te vertel, is kleurglasvensters.

Daar is talle kerke en katedrale oor die wêreld heen wat met hierdie vensters spog. Dis moeilik om te sê wie die baasbrein daaragter was, want daar is bewyse dat die Egiptenare én die Romeine artikels van gekleurde glas, soos koppies en vase, gemaak het. Dit blyk dat die eerste kleurglasvensters deur die maak van juwele en mosaïek geïnspireer is. Kleurglasvensters het tussen 1150 en 1550 baie gewild in Europa geword en was 'n kenmerk van katedrale, stadsale en adellikes se huise.

Dit het sommer gou 'n manier geword om stories te vertel, soos die uitbeelding van Bybelverhale. Dit is waarom hierdie vensters ook "die arm man se Bybel" genoem is. In die Middeleeue was mense meestal ongeletterd en kon nie Bybels bekostig nie; die vensters met Bybeltonele en morele lesse was vir hulle soos 'n prentboek. Elke kleur was ryk aan simboliek [*sien kassie*].

Die eerste beskrywing van hoe die vensters gemaak is, word in die skrywes van 'n Duitse monnik met die skryfnaam Theophilus gevind. Hy het reeds in die 12de eeu in *Oor die verskeie kunste (De Diversis Artibus)* die vervaardigingstappe beskryf. In daardie tyd is die ontwerp

van die vensters met kryt op houttafels geteken omdat papier eers van 1400 vrylik beskikbaar was. Dieselfde tafels is later gebruik om die vensters aanmekaar te sit.

Teen die 12de eeu was Chartres in Frankryk die plek waar die meeste kleurglas vervaardig is en die Chartres-katedraal is vandag nog bekend om sy besonderse vensterontwerpe. Die Renaissance was 'n tyd van oplewing en innovering en kleurglasontwerpe het ook in daardie tyd 'n nuwe baadjie gekry. Die styl het van Goties na klassiek verander en meer kleure het hul verskyning gemaak.

Tydens die Hervorming is baie kleurglasvensters vernietig en met gewone glas vervang. Die kuns van kleurglaswerk het in die 19de eeu herleef danksy 'n hernude belangstelling in Middeleeuse kerke, en baie geboue is gerestoureer. In die 20ste eeu is daar nuwe glastegnieke bekendgestel, insluitende Gemmail. Dit is 'n metode wat deur die Franse kunstenaar Jean Crotti ontwikkel is en waarin stukke kleurglas oor mekaar geplaas word sonder om lood te gebruik. Ontwerpe het ook minder godsdienstig van aard geword en meer abstrak, soos in die Katedraal van Brasilia in Brasilië met sy blou, groen, wit en bruin glas.

## VOORBEELDE IN SA

Chris Boshoff, 'n kleurglaskunstenaar van Centurion, het 'n groot liefde vir die kunsvorm en probeer om veral loodglasvensters wêreldwyd te bevorder. Dit kom van ➤

## KLEURGLASVENSTERS



sy kinderjare, toe hy hom in die NG kerk Eendracht in Evander (deesdae Thuli Fakude) aan die loodglasvensters verwonder het.

"Die kerk se loodglasvensters is ongelukkig in 'n storm beskadig en met gewone matglas vervang," sê hy.


Chris, wat sy eerste loodglaskuns in die jare tagtig geskep het, doen baie restourasiewerk, soos lampskerms, deure en kerkvensters en doen ook opdragwerke. Een van sy gunstelingprojekte was toe die Voortrekkermonument hom in 2022 gevra het om 'n 4 m hoë uitbeelding van die

Gelofte vir die Senotaafsaal te maak.

"Loodglas is gekleurde glas wat in patrone gesny en met lood aanmekaargesit word," vertel hy. "Gebrandskilderde glas is glas waarop daar geskilder word, en dan word die glas teen 'n baie hoë temperatuur gebak sodat die verf insmelt. Die glaspaneel word dan óf met lood óf met sement aanmekaargesit om die geheelbeeld te vorm."

Die mees besondere voorbeelde van loodglas is vir hom in die Paleis van Justisie in Pretoria, en dis boonop van die oudste glaskunswerke in die land. "Die NG Moedergemeente in Lyttelton se loodglasvensters is baie dieselfde as wat ek as kind by Eendracht ervaar het," sê Chris.

"Die NHK Pretoria-Oos se vensters is weer in dieselfde styl as die NG Moedergemeente in Stellenbosch. Die 'Ou Bosmankerk' [Bosmanstraat-kerk] in Pretoria het baie mooi loodglasvensters en 'Paul Kruger se kerk' [Gereformeerde kerk Pretoria], wat nou 'n kerkmuseum is, het ook baie ou loodglasvensters. Daar is ook heelwat Engelse kerke wat



veral gebrandskilderde glas het. Die Anglikaanse kerk (St. George-katedraal) in Kaapstad is 'n voorbeeld hiervan."

## STELLENBOSCH-SIERAAD

Die Moederkerk in Stellenbosch is bekend om sy pragtige glasvensters. Daar is 'n allemintige 17 van hulle en op die 2024-Woordfees is *Kleurglasvensters van die Moederkerk* deur die orrelis en pianis Zorada Temmingh daar aangebied. Besoekers kon hulle nie net aan die vensters verwonder nie, maar meer daarvan leer én Zorada se orrelmusiek geniet.

"Die aanbieding by die Woordfees is uitstekend ontvang," sê sy. "Van die toehoorders het opgemerk dat hulle al jare in die Moederkerk is, maar sekere vensters nog nooit raakgesien het nie, en beslis nog nooit daaroor gedink het nie. Ander het gesê dat dit vir hulle soos 'n geloofsreis gevoel het."

Zorada doen al sedert die grendeltyd navorsing oor die Moederkerk se vensters, spesifiek oor 'n nuwe interpretasie van die simboliek in die ontwerpelemente. "Die intrinsieke kunswaarde van die vensters is werklik besonders en daag eintlik die toeskouer uit om dieper te kyk, en om verbande te trek tussen die vensters en ons geloofswêreld. Om elke Sondag die vensters te 'ervaar', is verrykend en inspirerend."

Die Moederkerk se vensterprojek het 52 jaar geduur.

Ds. Attie van Wijk, wat van 1958 tot sy dood in 1976 betrokke by die kerk was, het graag gereis. Hy het groot bewondering vir die kleurglasvensters in Europese katedrale gehad en wou iets soortgelyk in Stellenbosch sien. Hy het die idee al in 1962 ter tafel gelê, min wetende dat die projek uiteindelik 'n halfeeu sou duur.

Leo Theron (1926-2010) was die glaskunstenaar wat vir die vensters verantwoordelik was. Sy handewerk kan in ontwerpe in 137 kerke en openbare geboue in die land gesien word. Leo het in die dalle de verre-tegniek gespesialiseer. Dit behels brokke gekleurde glas wat in beton geset word. Die Moederkerk het dus nie "gebrandskilderde" of "loodglas"-vensters nie, maar kleurglasvensters.

Die Moederkerk se eerste vyf vensters is in Maart 1973 geïnstalleer en die laaste in 2014 deur Leo se opvolger, Fanus Boshoff. Die Moederkerk se 17 vensters vertel elkeen 'n ander verhaal. Daar is beelde van die son en sterre, duiwe en druiwe, visse en vlamme, 'n windpomp en weerlig, kandelaar en kerse. Een prominente venster verwys byvoorbeeld na die "son van geregtigheid" en die môrester word ook daarin uitgebeeld. **T**

**DEUR ZERELDA ESTERHUIZEN  
FOTO'S: MARTIE SWART**

**VIND MEER UIT OOR KLEURGLASVENSTERS BY:**

**chrisboshoffstainedglass.co.za en lees oor**

**Stellenbosch se Moederkerk by [moederkerk.co.za](http://moederkerk.co.za).**

## Die simboliek van gekleurde glas

**ROOI:** Dit verteenwoordig die bloed van Christus of die martelaarskap van heiliges. Dit kan ook sterk emosies soos liefde en haat oordra.

**BLOU:** Word met die lug geassosieer en simboliseer die hemel, hoop, opregtheid en piëteit, soos die Maagd Maria.

**GROEN:** Die kleur van gras en die natuur verteenwoordig groei en hergeboorte.

**VIOLET:** Dit simboliseer liefde, waarheid, passie en lyding.

**PERS:** Dit simboliseer dikwels lyding en uithouvermoë en word ook gebruik om God die Vader en vorstelike uit te beeld.

**WIT:** Dit verteenwoordig onskuld en die reinheid wat met

God geassosieer word.

**SWART:** Min gebruik omdat dit die dood verteenwoordig.

**GEEL:** Dis dikwels die kleur waarmee Judas se verraad uitgebeeld word, maar dit word ook gebruik in die ligkrans van heiliges en die hemelpoorte. Dit simboliseer krag, goddelikheid en glorie.

**GRYS:** Dit word gebruik as 'n simbool van nederigheid en lyding en kan ook die onsterflikheid van die gees uitbeeld.


**BRUIN:** Dit word as 'n simbool van spirituele dood en wêreldversaking gereken.

**REËNBOOG:** 'n Uitbeelding van God se verbond met die mensdom.

# UITHOU EN AANHOU, MAAR NOOIT *bekhou!*

Bettina Wyngaard het al die mantel van prokureur, skrywer en aktivis gedra, maar deurgaans bly sy getrou aan haar beginsels van harde werk en regverdigheid ...

**BETTINA WYNGAARD**



**S**y was 'n stil en teruggetrokke kind, sê Bettina Wyngaard. Eintlik is sy dit steeds.

Sy het as jong meisie eendag skelm fotoboekies by haar neef se huis gaan lees (want in haar ouerhuis was *Die wit tier* en al sy trawante verbode). Heelwat later die dag het sy besef haar tante-hulle het skoon vergeet sy is daar en Somerset-Wes toe gery vir inkopies. Sy was so verdiep in die avonture van *Die ruiter in swart* sy het nie agtergekom hulle het die pad gevat nie.

Dis wie sy is: lewers, tjoepstil, neus in 'n boek. Maar, ja, sê sy met daai lekker Bettina-lag, op die oog af seker minder beskeie. Op die oog af, ja, want dis hoe die wêreld haar sien: aktivis, doener, *fighter*.

In graad 4 het sy die eerste maal ervaar hoe dit voel om onregverdig behandel te word; die verskil tussen reg en verkeerd duidelik uitgespel. 'n Onderwyseres het haar beskuldig van iets wat sy nie gedoen het nie en al antwoord wat sy gehad het, was trane.

In 1985, op hoërskool, het sy besef dat protesoptrede dinge kan verander. Al was sy te bang om deel te neem, het sy die gevolge van protes aan eie bas gevoel – sy kon nie skool toe gaan nie, al wou sy. Nog later, as Matie, word sy met eiers en vrot tamaties bestook omdat sy saam protesteer vir oop koshuise, en toe die Veiligheidspolisie betrek word, besef sy, iemand gaan moet opstaan en praat.

En dit sal sy wees.

## DEEL VAN DIE GEMEENSAP

Bettina voel haar nie genoep om binne 'n sekere groepering 'n spesifieke kultuur of tradisie te volg nie. Iets waaroor sy sterk voel, is om haarself te posisioneer op die regte plek. Sy identifiseer as swart eerder as bruin en is deesdae minder gemaklik met 'n beroepstatus.

Haar lewe as prokureur (die eerste vroue-een in Grabouw, *mind you*), as direkteur van The Women's Legal Centre én as uitvoerende hoof van die Regshulpraad (op 29 die jongste tot nog toe) het plek gemaak vir harde werk in die gemeenskap.

So indrukwekkend soos haar CV lyk, wou sy nie meer dinge probeer verander uit die oogpunt van 'n spesifieke professionele agtergrond nie. As jy iemand se hart kan verander, reken sy, sal die regte dinge gebeur, en status het min daarmee te make.

Helaas, die kleur van jou vel maak steeds saak, sê sy. Sommige mense luister na haar, want sy is 'n swart vrou. Die teendeel is ewe waar.

Sy maak mense kwaad, dié stil kind. Hulle haat haar somer by voorbaat, nog voordat hulle enigiets gelees het. In haar rubrieke op LitNet (nou ook in boekvorm as *Wat sê Bettina?*) krap sy redelik gereeld op plekkies waar dit nie leuk nie. Sy lok altyd reaksie uit, sy vra die vrae wat min mense durf vra. En sy sal jou aanvat, maak nie saak wie jy dink jy is nie.

Haar pa het nie geglo in lyfstraf nie; sy en haar broer, Hazlette, het altyd die

geleentheid gehad om hulself uit die moeilikheid te redeneer. Daar het sy geleer om haar eie opinie te vorm; om stylvol en slim te argumenteer. Glo dit as jy wil, maar sy haat konfrontasie.

Regverdigheid is haar *game*. En skryf, natuurlik.

## MEER AS 'N 'ONE-HIT WONDER'

Haar eerste groot droom was om 'n argeoloog te word sodat sy die geheime van die Asteke en die Majas kon ontrafel. Sy het nooit drome gekoester om die wêreld te verander nie. Sy wou ook dokter of ruimtevaarder word. 'n Skryfloopbaan was nie eens amper in die sterre te vind nie, al was sy 'n voorslag-opstelskrywer op skool.

Nooit kon sy raai dat haar eerste boek, *Troos vir die gebroekenes*, gepubliseer sou word nie, wat nog van pryse kry! Van nog skryfwerk was daar ook nie regtig sprake nie; totdat sy so tussen die lyne gehoor het mense praat van haar as 'n *one-hit wonder*...

Die eerste Nikki de Wee-roman, 'n speurverhaal getiteld *Vuilspel*, sien in 2013 die lig en op die koop toe word sy as daardie jaar se Woordfees Woordkunstenaar aangewys. Nou skryf sy heeltyds, want sy kan. As jy nie bo jou vermoëns lewe nie, kan 'n mens tog 'n bestaan maak van die geskrewe woord; rustig daar in Grabouw, waar sy nog die grootste deel van haar lewe bly.

Was die stil meisie van die

Overberg gelukkig?

Baie, sê sy sonder om te huiwer. Al wat régtig sleg was, was die trauma om haar pa se dood toe sy maar tien jaar oud was. Daai pyn ten spyt was sy, haar ma en Hazlette *happy* en oukei en geborge. Sy en haar ma het tot nou die dag nog saam gewoon, tot laasgenoemde se dood vroeër vanjaar.

Hazlette is nog altyd haar grootste ondersteuner; hulle WhatsApp mekaar elke dag en kuier 'n paar maal 'n week – die geborgenheid steeds daar. Lojaliteit en vriendskap is baie belangrik, al sien sy van haar vriende gans te min. Tuinwerk oor naweke, speel met haar liewe Jack Russell, Angel, en fliek is haar plesiertjies. Lees vir die lekker gebeur amper nooit nie, want daar is nie genoeg ure in die dag nie, maar 'n stukkie fantasie of wetenskapsfiksie in 'n oudioboek, dáai is ontspan.

## GEEN ASPRISGEIT NIE

Sy waag haar hand nie aan fantasie nie, maar is bedrewe in verskeie genres. Niefiksie is heelwat makliker, want die inligting is reeds daar. Fiksie kos heelwat meer bedoeling en harde werk, of dit nou 'n speurverhaal of 'n Christelike storie is, sê sy. Altyd met 'n gelaaide tema; iets wat sinvol is; dinge wat mense bewus maak van goed.

Elke slag as sy klaar is met 'n boek dink sy "nooit weer nie", maar daar is immer 'n storie te vertel, en daar is altyd nog iemand wie se hart sy kan raak. Met *Troos* het etlike mense na haar gekom en gesê dit is die eerste keer dat hulle by 'n boekwinkel ingestap het om 'n boek te koop. Hulle kon iets in haar skryfwerk vind wat maak dat hulle daai drumpelvrees oorwin. Dan hou 'n mens seker maar

aan met skryf, nè?

Diep gelowig, ewig besig om die wêreld en sy mense te bevraagteken; diensbaar. En dalk 'n bietjie aspris?

"Nee, wat," antwoord sy met 'n lag, "Ek sou eintlik op my gelukkigste gewees het as almal net 'Kumbaya' kon sing en *happy* met mekaar wees, maar dis nie die lewe nie, is dit? Ek is nie moedswillig nie; ek sê nie enigiets wat nie getrou is aan my net om reaksie uit te lok nie."


Een van die lekkerste goed van skrywerwees is hoe mense hul opinie van haar verander wanneer hulle haar ontmoet. "Hulle kom so opgepof aangestap, en ná 'n rukkie besef hulle, maar sy is eintlik baie *nice* en vriendelik!"

Só sê Bettina.

**DEUR NADINE PETRICK  
ILLUSTRASIE: LEIGH LE ROUX**

Bettina Wyngaard se skrywersloopbaan skop in 2009 af met die publikasie van haar boek *Troos vir die gebroekenes*, waarvoor sy die Jan Rabie-Rapport-prys vir vars, vernuwende prosa in 2010 ontvang. Nog boeke volg: *Vuilspel* verskyn in 2013, *Slaafs* in 2016, *Jagter* in 2019, *Onverskrokke vroue: uitdagings en oorwinnings van Bybelse tye tot vandag* in 2021, en in 2023 verskyn *Lokval* en *Grietjie se loutering*.

In 2024 word Bettina se 50 gunstelingrubrieke vir LitNet, waar sy sedert 2014 haar opinie oor die sake van die dag lug, byeengebring in *Wat sê Bettina?* Bettina sê oor haar rubrieke: "My rubrieke is nie bedoel om net nog 'n eggokamer te wees waar mense nêr dit weerspieël sien waarin hulle glo nie. Juis nie. Wat ek hoop om elke week te doen, is om mense aan die dink en aan die gesels te kry." **T**



**SPEEL**



# SPEEL... NIE NET VIR KINDERS NIE

Speel jy nog? Jy móét, meen gedragskenners. Om te speel of jy weer kind is, hou talle voordele vir liggaam én gees in, skryf Maretha Botes.



**n**Vriendin met jong kinders vra onlangs wanneer laas ek probeer rekspring het, want sy moes inderhaas weer al die rekspringbewegings opswot sodat sy haar dogtertjies kon leer. "En hoeveel pret was dit! Amper my alie gesien, maar ons het so lekker gelag," sê sy. "Hoekom speel ons grootmense so min?"

Janine Roos is bestuurder van die Geestesgesondheid-inligtingsentrum van Suid-Afrika op die Universiteit Stellenbosch se Tygerberg-kampus. "As volwasse mense voel ons dikwels dat ons aan sekere samelewingsnorme en verwagtinge moet voldoen," sê sy. "Dit kan ons verhoed om ons speelse kant te toon omdat ons bekommerd is oor wat ander van ons sal dink.

"Saam met volwassenheid kom verantwoordelikhede, soos werk en gesinsverpligtinge. Hierdie verantwoordelikhede kan ons laat voel dat ons nie tyd of ruimte het om te speel nie.

"Jou *inner child* is die deel van jou wat speels en kreatief is. Deur hierdie konneksie te behou, kan jy jou kreatiewe vermoëns aanwakker en 'n gelukkiger, meer vervulde lewe lei. Jou innerlike kind kan jou herinner aan die vreugde van eenvoudiger dinge. Dit kan jou help om te ontspan en stres te verminder deur jou te herinner om die klein dinge in die lewe te waardeer."

## SPEEL EN SLIMMER EMOSIES

Volgens dr. Ronél le Roux, terapeut en lewensafrigter wat op emosionele intelligensie (EI) fokus, is een van die belangrikste vaardighede die positiewe hantering van stres. Sy sê langdurige spanning is 'n derduiwel, aangesien dit ons bykans in elke area van ons lewe benadeel.

"Deur te speel, verlig ons die spanning vir daardie paar minute, veral as ons uitbundig kan lag. Die waarde van lag kan nie oorbeklemtoon word nie, want dit is 'n kragtige hulpmiddel vir liggaam en gees. Dit versterk jou immuunsisteem, verbeter jou bui en bou sterker verhoudings.

"Hierdie eenvoudige handeling het diepgaande voordele wat fisieke gesondheid, emosionele veerkragtigheid en sosiale binding bevorder. Kortom, lag is 'n natuurlike manier om gesonder en gelukkiger te leef!"

Ronél verduidelik dat speel ons uit ons gemaksone kry, veral as ons gewoonlik terughoudend is. Dit gee ons die geleentheid om nuwe terreine te verken en onbekende aktiwiteite aan te pak.

"Ons moedig mense aan om in die oomblik te kan funksioneer; sonder om te gereeld terug te gaan na die verlede of om oor die toekoms bekommerd te wees. Speel is die ideale wyse waarop ons ten volle in die oomblik betrokke kan wees. Dit haal jou uit die verlede en toekoms en wys jou hoeveel vreugde daar in die 'nou' kan wees."

Boonop is daar 'n sterk verband tussen hormone en ensieme wat vrygestel word tydens speel en jou emosionele intelligensie. "Tydens speel of enige aktiwiteit wat genot verskaf, stel die liggaam hormone en ensieme soos

dopamien, endorfiene en oksitosien vry," sê sy. "Dopamien bevorder geluk en motivering, endorfiene help om stres te verminder en oksitosien versterk sosiale bande en vertroue.

"Hierdie chemiese reaksies help om 'n positiewe stemming te skep en bou 'n fondament vir beter emosionele beheer, empatie en sosiale interaksies. Dit is nie net die sosiale verhoudinge wat hierdeur bevoordeel word nie, maar ook jou liggaam wat daarby baat vind."

## HOE SPEEL 'N GROOTMENS?

Volgens Anke Kühn, 'n geregistreerde berader by Humanitas-berading in Pretoria, lyk speel vir volwassenes anders vir elkeen. Dit hang af van wat jou opgewonde, geïnteresseerd en kreatief laat voel, skryf sy in die artikel "The Power of Play and Creativity in Adulthood: Why it matters" op Humanitas se webwerf.

"Vir sommige is dit om te dans, karaoke te sing saam met vriende, bal te speel met die hond, op die trampolien te spring saam met jou kind en kaartspeletjies. Die goue draadjie wat al hierdie aktiwiteite verbind, is die gevoel van katarsis of vrywording wat die aktiwiteit jou gee. Dit kan vir jou voel dat jy vry is om te lag en net jouself te geniet; om die kind in jou te ontdek.

"Om tyd in jou week opsy te sit vir jou persoonlike speeltyd kan 'n tydelike én blywende impak op jou lewe hê," skryf Anke.

Volgens die National Institute for Play in Amerika word die situasies wat 'n toestand van speelsheid by


**“SPEEL IS DIE IDEALE WYSE WAAROP ONS  
TEN VOLLE IN DIE OOMBLIK BETROKKE KAN  
WEES. DIT HAAL JOU UIT DIE VERLEDE EN  
TOEKOMS EN WYS JOU HOEVEEL VREUGDE  
DAAR IN DIE ‘NOU’ KAN WEES.”**

ons aanwakker, bepaal deur hoe jou brein by geboorte bedraad is, asook vroeë lewenservarings. 'n Objek, 'n persoon, aktiwiteit of 'n kombinasie van al hierdie dinge kan ook as sneller vir jou speelsheid dien. Daar is verskeie algemene snellers, soos 'n glimlag of 'n babahondjie wat sy stert swaai. Dit is alles kort oomblikke van speelsheid.

## DR. RIAAN EN SY LEGO

Dr. Riaan Writes is 'n kliniese patoloog van Vereeniging. Sy Lego-versameling laat jou mond oophang. Hy “speel” Lego. Hy bou nie slegs volgens instruksies nie, maar het al 'n paar projekte self ontwerp.

Op die vertoonkas in sy Lego-kamer staan 'n model van die Atlas Cheetah E-vegvliegtuig wat gedurende die 80's en vroeë 90's deur die Suid-Afrikaanse Lugmag gebruik is, gebou op 'n skaal van 1:24. Dit is die enigste ter wêreld, ontwerp deur Riaan, en met 'n hele paar uitdagings om die regte blokkies in die hande te kry. Hy het die bloudrukke van die vliegtuig aanlyn gekry en daarvolgens gewerk. Dit het hom nege maande



geneem om te voltooi.

Riaan sê die Lego User Group (LUG), waarvan hy lid is, het hom gesteun tydens die projek (soos om te help om al die blokkies in die hande te kry) en was instrumenteel in die opskerp van sy vaardighede.

“Ek is geweldig trots op die finale produk en dit verskaf my geweldige genot om daarna te kyk. Ek geniet die uitdaging, ontspanning en ontsnapping wat Lego bied. Daar is die element van pret wanneer ek besig is met Lego, maar dan is daar ook 'n ernstiger element van beplanning en blokkies sorteer.”

Langs die Cheetah staan 'n hoogs gedetailleerde, bloedrooi Ferrari Daytona SP3. Hoewel dit nie gemotoriseer is nie, het dit 'n handratkas en 'n V1-enjin met suiers wat kan beweeg. En dan is daar 'n model van James Bond se ikoniese Aston Martin DB5 – mét 'n uitskietstoel. Riaan geniet dit dat hy uitgedaag word om blokkies op 'n innoverende manier te gebruik wat nie noodwendig is waarvoor hulle aanvanklik gemaak is nie. Kreatiwiteit en innovasie word in oorvloed gevoed.

Janine sê om gereeld en vrylik te speel, kan jou help om te dink, te leer, probleme op te los en 'n emosionele balans te geniet.

“Dit kan geheue verbeter en angs of depressie verminder. Dis 'n doeltreffende manier om stres te verlig en laat jou toe om te ontsnap van daaglikse druk en jou gedagtes op iets positief te fokus. Speel kan ook fisieke aktiwiteit insluit wat jou liggaam help om gesond te bly.

“Speel met ander, bou verhoudings en bevorder sosiale interaksie. Dit kan jou 'n gevoel van behoort gee, wat noodsaaklik is vir geestelike welstand.” **T**

**DEUR MARETHA BOTES  
ILLUSTRASIE: REGARDT VISSER**

HONDEMUSEUM



Oubas

**K**arel van der Vyver (foto links) is die kurator van die Hondemuseum, wat hy in Julie vanjaar by Keeromstraat 95 in Kaapstad geopen het. Karel wou sy liefde vir honde kombineer met sy voorliefde vir museums.

"Die idee is al lank in my agterkop," vertel hy. "Ek het natuurlik met honde grootgeword; ek het al ses in my kort lewe gehad. Ek het begin dink hoe kan 'n mens dié liefde meer konkreet uitbeeld, en toe op die idee van 'n museum gekom, want ek was nog altyd lief vir museums ook. Maar ek wou 'n bietjie iets anders doen."



Hierdie 25-jarige hondeliefhebber, oorspronklik van die Oos-Kaap, het begin droom van 'n "informele" museum, maar met ernstiger uitstallings wat 'n impak maak. Karel beplan om van tyd tot tyd spesiale uitstallings oor bepaalde honderasse te hou.

"Baie [museums] fokus byvoorbeeld op die evolusie van mense of diere, of hul interaksie in die natuur, maar nie op 'n emosionele verbintenis nie. Ons museum laat ook mense toe om hul eie stories te deel. Só word hulle by die museum betrek, wat dit superspesiaal maak."

Die ligging van die museum is ook besonders, siende dit in 'n geskiedkundige gebou is. "Die gebou, met sy ou klipwerk, is absoluut pragtig en het 'n warm, gesellige atmosfeer wat dit makliker maak om iets moois daarbinne tot stand te bring. Ek hoop mense sal besef hoe honde elke aspek van ons land, geskiedenis, kultuur en daaglikse lewe beïnvloed het, en steeds beïnvloed." ➤

Hondeliefhebbers kan nou 'n unieke museum in Kaapstad besoek waar die rol van die mens se beste vriend in ons lewe en geskiedenis gevier word ...

se honne

Karel hoop die museum inspireer besoekers om hul eie Wagter 'n stywe drukkie te gee. Hy wil besoekers ook motiveer om bydraes vir hondeskuilings te lewer "wat soveel doen om honde wat baie swaar kry se lewe te verbeter".

## VERERING DEUR VERHALE

"In hierdie stadium word mense se snaakse, hartseer- en ongewone verhale oor honde saam met voorwerpe wat daardie verhale uitbeeld, asook beeldhouwerk en fotografie, uitgestal."

Onder die uitstallings, vertel Karel, geniet besoekers veral die storie oor 'n driebeenskaaphond wat op die Nasionale Skaaphondkampioenskap koning gekraai het. Hy sê die verhale in die museum herbevestig die ongelooflike band tussen mens en hond. "Die kunswerke speel 'n ander rol: Dis minder emosioneel, maar verbeeld die prag van honde. Mense geniet dit om daarna te kyk."

Die museum huisves 'n wye versameling uitstallings: Die geskiedenis van honde in Suid-Afrika; die invloed van honde op kultuur; persoonlike verhale oor hoe honde mense beïnvloed het; 'n fotografie-uitstalling deur Emma O'Brien; 'n keramiekuitstalling deur Tania Babb; beeldhouwerke deur Carol Slabolepszy en Mervyn Dragsund; 'n uitstalling oor die honde van die Withuis; en kortprente van oor die wêreld heen. Baie van die kuns is te koop.

In die portaal is 'n notaboek waarin besoekers hul eie hondestories kan neerpen. "Ons kry ongelooflike stories. Besoekers van Frankryk, Australië en Brasilië het ook al in die boek geskryf. Ek dink dis vir hulle lekker om te weet hul verhaal van hul verhouding met hul hond(e) is ook in Afrika vertel."

Karel sê hoewel baie stories al daarin verewig is, is die boek lywig en daar is nog baie plek ...

## MEER AS NET 'N MUSEUM


Mense het ook die geleentheid om hul hondestories aanlyn te deel. "Elke honde-eienaar het 'n storie oor sy hond en, soos met kinders, glo elkeen sy hond is die slimste of beste wat daar is!"

Karel sê omdat die keuring in 'n mate subjektief is, het hy en sy span – sy ma, Irma, en broer, Leon van der Vyver, asook Seroya Bauman, die museum-assistent – al 'n goeie idee van watter stories mense se aandag trek en in die museum vertel kan word. "Party laat mense lag, ander laat hulle 'n traan weggee, en ander laat hulle hul kop in ongeloof skud. In elkeen moet die hond egter sentraal staan, en die rede wees hoekom die storie vertel word."

Vir besoekers wat iets kleiner as kunswerke wil koop, bied die museumwinkel 'n paar opsies. Daar word eg-Suid-Afrikaanse produkte verkoop, alles natuurlik met 'n hondetema. Op die rakke pryk van kralehalsbande, Ridgeback-koffie en honde-yskasmagnete tot hondebeddens, hondejassies en kinderboeke met verhale oor honde. "Dit is interessant hoeveel toeriste ook instap en dit geniet. Dit is 'n ander manier om Suid Afrika se verhaal te vertel."

Die museum speel ook gasheer vir musiekkonserte, werksessies, akademiese praatjies en fliekaande waarvoor 'n mens nie bykomende

**"ELKE HONDE-  
EIGENAAR HET  
'N STORIE  
OOR SY HOND  
EN, SOOS MET  
KINDERS, GLO  
ELKEEN SY  
HOND IS DIE  
SLIMSTE OF  
BESTE WAT  
DAAR IS!"**



toegangsgeld hoef op te dok nie. Hoewel hierdie geleenthede aangebied word om besoekers te lok, hou Karel voet by stuk: "Uitstillingsgewys sal daar altyd 'n hond iewers in die prentjie wees."

Die museum is gewild en lok baie besoekers, sê hy. "Mense hou van wat hulle daar sien en lees. Vir die ernstiger kunsliefhebbers is daar egter heelwat uitstillings van hondekuns, soos beelde en foto's."

## MEER OOR DIE MUSEUM

**Interaktief:** Belangstellendes wat stories oor hul honde met die museum wil deel, kan hulle [webwerf](#) besoek.

**Toegang:** R100 vir volwassenes, R50 vir kinders onder 16 en gratis vir kinders onder 10.

**Besoektye:** Dinsdae tot Sondag van 10:00 tot 17:00. Opgeleide honde aan leiband word in die museum toegelaat, maar eienaars moet hul troeteldiere lief van keramiekware en waardevolle uitstillings weghou.



## KAREL DIE KURATOR

Karel, wat met regsgrade van die Universiteit Stellenbosch (US) en die Universiteit van Amsterdam spog, sê hy wou eerstens sy hart volg. "Miskien gaan werk ek nog eendag in die regte! Partykeer het 'n mens 'n idee wat krap, en om dit te probeer navolg is altyd die regte besluit. Die lewe is kort."

Wanneer Karel nie by die museum is nie, verken hy die wêreld. "Ek was al in 43 lande en het al veel meer as honderd museums besoek. Museums is vir my rustige plekke waar 'n mens die ongelooflikste kennis kan opdoen en soveel kan leer."


Hy het internskappe by die Suid-Afrikaanse Joodse Museum en Iziko Suid-Afrikaanse Museum in die Moederstad gevolg. Hy reken die geheim van 'n goeie museum is om deur te loop en dit te probeer sien soos "iemand wat nou net by die deur ingekom het".

"Vra jouself af: Hoe vind jy dit? Maak die vloei van die museum vir jou sin? Hoe lank wil jy tyd in die museum spandeer? Dis nie iets wat jy kan leer nie, maar iets waaraan 'n mens alleenlik self kan werk."

Dis vir Karel "ongelooflik" dat sy droom bewaarheid is, maar hy glo die harde werk begin nou eers. "Ek is dankbaar vir elke mens wat die museum besoek. Ek droom van die gereelde wisseling van stories en genoegsame gewildheid van die museum om langer besoektye te regverdig. Ons wil ook al hoe meer gaste van die land en wêreld kry." **T**

**DEUR GERDA-MARIÉ VAN ROOYEN  
FOTO'S: VERSKAF**





# GETROUE BEWAARDE VAN ONS GEHEUE

Die skrywer Marié Heese geniet dit steeds om in die spore van lank vergete mense te stap en hul stories oop te skryf. In haar jongste geskiedkundige roman val haar fokus op die mense van Pompeii ...

**K**ort ná haar 82ste verjaardag op 27 September verskyn Marié Heese se jongste roman, *Die laaste dae*. Dit handel oor die vulkaan Vesuvius se uitbarsting in 79 n.C. Sy gee 'n lewensgetroue beeld van die laaste dae van Pompeii en Herkulaneum voordat dit onder lava en as begrawe is en eeue lank uit die mensdom se geheue verdwyn het. In haar boeiende vertelling stel Marié die inwoners van dié stede self aan die woord: sakemanne, prostitute, gladiators, slawe, politici en 'n bokwagter.

Sy woon saam met haar man, Chris, in Stilbaai, en dit is daar dat sy die eerste eksemplare van haar boek op 24 Oktober ontvang het – die dag ➤

waarop Vesuvius 1 945 jaar gelede sy katastrofiese verwoestingswerk gedoen het.

## MET 'N MA SOOS AUDREY

Marié het veral naam gemaak as die skrywer van geskiedkundige romans in Afrikaans en Engels. *The Double Crown*, wat handel oor die vrouefarao Hatsjepsot van 1 500 v.C., is byvoorbeeld in 2010 aangewys as die wenner in die Statebond se Afrika-skrywerskompetisie.

Haar prehistoriese roman *Vuurklip* (2013) is geïnspireer deur die Stilbaai-omgewing, waar daar reeds 100 000 jaar gelede mense gewoon het. Sy moes 'n unieke taal vir die oermense skep en daarvoor het sy van Anton Prinsloo se woordeboek *Annerlike Afrikaans* gebruik gemaak.

Marié se skrywersloopbaan het in 1967 begin toe sy as plaasvervangende rubriekskrywer vir haar bekende ma, Audrey Blignault, moes instaan. Marié se ouers was in 'n ernstige motorongeluk; Andries is dood en Audrey was lank in die hospitaal. Audrey se rubriek in *Sarie Marais* van destyds het die titel "Uit die dagboek van 'n vrou" gehad. Marié het dit in dieselfde trant voortgesit deur menslike swakhede en die daaglikse, klein rampe met humor te beskryf. Dié rubrieke is in 1972 onder die titel *Tokkelspel* gepubliseer.

Haar eintlike ambisie was om 'n roman te skryf. Vier jaar later, in 1976, verskyn die uiters suksesvolle *Die uurwerk kantel*, wat nie net 26 jaar lank op skool voorgeskryf was nie, maar ook vier keer oor die Afrikaanse radiodiens voorgelees en vir die verhoog verwerk is. Dit is die familiegeskiedenis van 'n vrou wat oor vier geslagte heen strek, van 1897 tot 1972. Hoewel dit 'n geskiedkundige roman is waarin onder meer die Anglo-Boereoorlog en die Tweede Wêreldoorlog 'n belangrike rol speel, kon sy ook outobiografiese gegewens daarin verwerk.

In 'n koerantonderhoud met Amanda Botha sê sy: "Hierdie roman was vir my baie bevredigend. Die feit dat ek sekere ervarings kon verwerk – onder meer die dood van my pa – was vir my baie belangrik."

Marié skryf ook kinder- en jeugverhale, waarvan *Die Pikkwouters van Amper-Stamperland* vir televisie verwerk is. En om te wys presies hoe veelsydig sy as skrywer is, verskyn in 1997 'n bundel haikoes in Engels, *Haiku for*

*Africa*. Volgens haar is die uitdaging van 'n haikoe – wat uit net drie versreëls en 17 lettergrepe bestaan – die intense belewenis en vaslegging van 'n betekenisvolle oomblik, die *haiku moment*. Hier is "Bushveld Afternoon":

*Into the dry cup  
of the hot day the rainbird  
pours its liquid note.*

Marié was ook akademikus verbonde aan verskeie universiteite, met die Engelse letterkunde en leesvaardigheid as haar vakgebied. Ewe suksesvol as haar eerste roman is die handleiding in die studie van die letterkunde, *The Owl Critic*, wat sy saam met Robin Lawton geskryf het.

Oor die belang van 'n akademiese opleiding in die letterkunde vir 'n skrywer antwoord sy soos volg: "Ek dink nie dis nodig nie. Dit kan selfs lei tot *analysis paralysis*; dan skryf jy niks. Maar jy moet baie lees. Heeltyd. *The Owl Critic* kan jou help om nadenkend te lees."

Haar liefde vir die Engelse letterkunde is deur haar ma aangewakker. Audrey het soggens aan ontbyttafel vir haar gedigte voorgelees. Sy kon ook talle klassieke verse – soos dié van Keats – uit haar hoof opsê. Dit is iets wat Marié ook graag doen.

## DIEPGAANDE NAVORSING

Haar liefde vir geskiedkundige romans het die grootste deel van haar skrywersloopbaan in beslag geneem. Oor die navorsing wat sy moes doen vir *Die laaste dae* vertel sy: "Ek het agtergrondkennis gehad omdat ek al jare in die onderwerp belangstel. Maar ek moes steeds baie navors. My bronnelys word agterin die boek verskaf. Die Stilbaai-biblioteek het gehelp met interbiblioteeklenings van universiteitsbiblioteke.

"Daar is 'n geweldige verskil van mening, selfs onder deskundige geskiedskrywers, oor verskeie sake én oor die korrekte datum van Vesuvius se uitbarsting. 'n Mens moet dan maar tot jou eie slotsom kom. En ek het gesukkel om inligting te kry oor twee groepe inwoners wat dikwels geïgnoreer word – prostitute en slawe."

Sy skryf nooit oor 'n plek as sy nie self daar was

**“DAAR IS 'N GEWELDIGE VERSKIL VAN MENING, SELFS ONDER DESKUNDIGE GESKIEDSKRYWERS, OOR VERSKEIE SAKE ÉN OOR DIE KORREKTE DATUM VAN VESUVIUS SE UITBARSTING. 'N MENS MOET DAN MAAR TOT JOU EIE SLOTSOM KOM.”**

nie, daarom het sy geloop in die strate van Pompeii en Herculaneum, en afgekyk in die krater van Vesuvius.

Sy tipeer die vertelling as 'n “mosaïekroman”.

“Dis aanmeekaargesit uit 'n klompie individuele eerstepersoonvertellings, met [ware] muurskrifte van Pompeii tussenin, gedeeltes geskiedskrywing deur my, aanhalings van gedigte, geskrifte van Plinius die Ouere en briewe van Plinius die Jongere, albei op die rekord. Daarmee probeer ek 'n geheelbeeld van die gebeure skep, soos 'n mosaïekkunstenaar met sy blokkies maak.”

Veral die graffiti op die mure van Pompeii verskaf insiggewende en soms vermaaklike flitse van wat in die inwoners se gemoedere geleef het. Die volgende een bevat, natuurlik onbedoeld, 'n voorspelling dat die stad self ook in die vergetelheid kan versink:

\*Niks kan vir ewig duur nie.  
Hoewel die son goud skyn  
Moet dit weer in die see verdwyn  
En selfs die maan, nog pas so silwerblink,  
Sal ook vergaan.”

En hierdie kritiese een sal veel plesier verskaf:

“Ek bewonder jou, muur, dat jy nog nie inmeekaargesak het van al die vervelige gekrabbel van soveel skrywers nie.”

Die roman bevat ook Romeinse resepte, byvoorbeeld vir gebraaide heuningdadsels gevul met amandels. Ten slotte word 'n wenk verskaf: “Moenie jou gaste voorberei op die amandel nie. By 'n Romeinse fees is die verrassingselement van die uiterste belang.”

Marié se belangstelling in die uitheemse kookkuns

het reeds in 2010 gelei tot die boek *Die honger reisiger*. Dit bestaan uit reisverhale oor onder meer Túrkiye, Eritrea, Ethiopië, Egipte, Frankryk, Skotland, Swede en Rusland, met unieke resepte van elke land.

Deesdae waag sy weer haar hand aan gedigte – dié keer kwatryne in Afrikaans, wat haar 'n bietjie meer beweegruimte gee as die besonder beknopte haikoe. Oor haar ma het sy jare gelede die volgende gedig geskryf:

Afskeid

My ma, sterwend, neem my hand en sê:  
Dankie dat jy gekom het. Ek waardeer dit.  
Sy weet nie wie ek is nie.  
Maar ek weet  
wie sy is.

Marié Heese se skryfwerk is grotendeels 'n boekstaving van die verlede. Sy tree op as 'n bewaarder van ons kort geheue. **T**



**DEUR DANIEL HUGO  
ILLUSTRASIE:  
LEIGH LE ROUX**

*Die laaste dae*,  
eerste uitgawe 2024,  
246 bladsye,  
Turksvy Publikasies  
[turksvypublikasies.co.za](http://turksvypublikasies.co.za)

# Plase vol talent!

'n Kompetisie waarmee talent in die landbousektor ontgin word, maak nie net deure vir plaasarbeiders oop nie, maar rus hulle ook met lewensvaardighede toe ...

maar hulle is soveel meer as net werkers. Die kompetisie het reeds in 2014 begin en Hortgro was die eerste jaar of twee die alleenborg. Mettertyd het meer rolspelers bygekom en vandag word die kompetisie deur Hortgro, die Wes-Kaapse departement van landbou, die Sitruswekersvereniging van Suid-Afrika, die Suid-Afrikaanse Tafeldruifbedryf (Sati) en SA Wine aangebied.

Die groei het hulle verstom, vertel Thea, wat van die begin daarby betrokke is. "Dit het vinnig van 'n Wes-Kaapse kompetisie tot 'n landwyse kompetisie gegroei en mense (in die vrugte-, sitrus- en wynbedryf) van die Paarl tot Mbombela neem deel. Ek is baie lief vir hierdie projek, want ons werk hier waarlik met die hart van landbou – en dit op 'n baie persoonlike vlak. Dis wonderlik om die impak van die kompetisie op mense se lewens te sien."

Werkers kan via WhatsApp of e-pos inskryf. Hulle stuur 'n klankgreep wat deur 'n paneel beoordeel word en 25 finaliste word gekies. Die finaliste se klankgrepe ➤

**m**oenie iemand op sy baadjie (of oorpak!)

takseer nie. 'n Mens kan dit nie verhelp om aan hierdie uitdrukking te dink as jy hoor en sien watter talent al in die kompetisie Agri's Got Talent (AGT) ontdek is nie. Jy sal dalk nie na musiektalent op 'n plaas, in 'n kantoor of in 'n wynkelder soek nie, maar dié kompetisie wys dat ons land hope talent het – en dat daar nog baie onontdekte talent skuil.

AGT bied 'n platform vir

landbouwerkers om hul sangtalent ten toon te stel en te ontwikkel, en dis iets om te aanskou.

## Landbouwerkers kan inskryf

Die kompetisie was die geesteskind van Anton Rabe, uitvoerende hoof van Hortgro, 'n sagtevrugtebedryfsliggaam. Hy het die idee gehad om 'n platform vir positiewe nuus in die landbousektor te stig om landbouwerkers se talente te vier, vertel Thea van Zyl, projekkoördineerder van AGT.

Volgens Thea word landbouwerkers maklik in 'n boksie gedruk,

## AGRI'S GOT TALENT

*Chester Fisch van Wolseley (links) 'n seisoenale werker in die wynbedryf, was vanjaar se Agri's Got Talent-wenner, terwyl Chanthel Boonzaaier van Franschhoek tweede was in dié kompetisie.*



word dan aan die stemafrigters Frieda van den Heever en Francois van der Merwe gestuur, wat die tien finaliste kies. Hierdie tien kry nie net stem- en verhoogopleiding nie, maar hul lewensvaardighede word ook ontwikkel.

"Die finaliste word in 'n week se tyd vir die kompetisie voorberei en die grondslag daarvan is 'n sosiale-ontwikkelingsprogram," sê Thea. "Ons wil nie noodwendig mense uit landbou haal nie, ons wil liever hul liefde vir landbou ontwikkel en hulle terselfdertyd help om hul persoonlike doelwitte en drome na te jaag."

Elke finalis moet twee liedjies sing en baie van hulle was nog nooit op 'n verhoog nie. Hulle word dus daarvoor opgelei, terwyl hulle ook werksessies bywoon wat deur Procare aangebied word. Procare is 'n organisasie vir maatskaplike werkers van Wellington wat daaglik met landbouwerkers skakel.

"Hulle kry die kans om hul kommunikasievaardighede te ontwikkel, konflik- en ander hanteringsvaardighede aan te leer en ook om hul persoonlike ideale en talente te ontwikkel," sê Thea. "Ons wil deelnemers terug plaas toe stuur met meer vaardighede as wat hulle gehad het. Ons wil hê die impak van die kompetisie moet deursypel na hul gesinne en kollegas om 'n groter impak te maak.

"Dis wonderlik om ons deelnemers se talente ten toon te stel en dit te vier, maar vir ons is sosiale ontwikkeling die kern van die projek."



*Chanthel Boonzaaier van DGB (Ltd) in Franschoek was vanjaar die Agri's Got Talent-naawenner.*

## Soveel meer as 'n sangkompetisie

Dis ook nie net die deelnemers wat dit as verrykend ervaar nie. Frieda sê die kompetisie is elke jaar vir haar 'n hoogtepunt. "Ek kry soveel daaruit om deur soveel potensiaal omring te word – met mense wat na aan die aarde leef en wat hierdie goddelike gawes het wat rou en onontdek is. Elke jaar dink ek daar kan nie nog talent wees nie, en elke jaar word ek verstom en dink dis die beste talent nóg!

"Dis nie net 'n sangkompetisie nie, daar word werklik gepoog om die deelnemers in hul volle menswees te ontmoet. Ek probeer altyd om hierdie mense wat my so inspireer 'n platform te bied, soos by die afgelope Woordfees, sodat ander mense hulle ook kan hoor."

Dis merkwaardig om die groei van deelnemers tydens die kompetisie en ná die tyd te sien, sê Thea. "Van ons vorige deelnemers was algemene werkers en is nou produksiebestuurders op plase. Ons wil glo dat AGT vir hulle 'n



*Sandile Mathebula van die Macdaring-plaas in Mbombela was vanjaar derde.*

hupstoot in die landbou gee, want hul selfvertroue het gegroei, hul vaardighede het ontwikkel en hulle het 'n ander soort blootstelling gekry wat hul loopbaan bevorder het.

"Ons het al 'n paar wat hul eie musiek vervaardig. Daar is mense soos Jason Baartman, wat in 2017 tweede was, en Bradwin Jonas, wat in 2020 die derde plek behaal het. Hulle stel gereeld nuwe musiek bekend en maak vir hulle 'n naam in die musiekbedryf terwyl hulle steeds op die plaas woeker.



*Chester het die beoordelaars in die eindronde verstom met sy weergawe van Michael Jackson se "The Way You Make Me Feel" en Sam Cooke se "A Change Is Gonna Come".*

"Ayabonga Mhobo was ons eerste AGT-wenner en hy is 'n operasanger wat al 'n paar keer oorsee met sy talent was. Kyk, dit is alles hûl harde werk, hul uithouvermoë en hul baklei om hul musiek verder te vat. Ons is baie trots op hulle en op die klein rol wat ons in hul loopbane gespeel het."

Vir Thea is dit lekker om die deelnemers ná die kompetisie weer op die verhoog te sien, soos tydens die 2024-Woordfees in Stellenbosch. Van hul ouddeelnemers het daar saam met Frieda en sterre soos Coenie de Villiers en Laudo Liebenberg opgetree.

"Dit was 'n wonderlike geleentheid en ons is baie dankbaar daarvoor. Ons tree nie as agente vir

ons deelnemers op nie, dis hulle wat self hul loopbane verder vat. Ons toptienfinaliste van 2024 het juis hul eie Kersvertoning gereël wat op De Doorns gaan plaasvind. Dis hul inisiatief en hulle ondersteun mekaar."

## 'n Jaar om te onthou

Thea vertel dat die 2024-deelnemers hulle baie verras het. "Hulle was almal baie goed en so gemaklik op die verhoog. Almal het sterk stemme gehad en met selfvertroue opgetree, en dit was baie moeilik vir die beoordelaars om die weners te kies. Daar was ook 'n wonderlike kameraderie onder die deelnemers en hulle was mekaar se grootste bewonderaars."

Thea hoop dat die 2025-kompetisie nog groter sal wees. "Ons sal graag nog borge hierby betrokke wil kry om meer werkers hiervan deel te maak. Op die oomblik word net die vrugte- en wynbedryf verteenwoordig, maar ons sal graag alle bedrywe daarby betrokke wil hê. Dis ook vir ons belangrik om alle kulture te verteenwoordig. Die wonderlikste ding van hierdie kompetisie is dat musiek universeel is en grense afbreek. Jy kan 'n admin-klerk of 'n plaasbestuurder wees; musiek breek mure tussen mense af."

Chester Fisch, 'n seisoenale werker in die wynbedryf van Mountain Ridge, Wolseley, was vanjaar se wenner, terwyl Chanthel Boonzaaiër van DGB (Ltd) in Franschhoek tweede was en Sandile Mathebula van die Macdaring-plaas in Mbombela derde. Lungelo Sithole

van KMI Farming, ook in Mbombela, is as die beste sanger in 'n inheemse taal bekroon.

Chester kan nie uitgepraat raak oor wat die kompetisie vir hom beteken het nie. "Dit was lekker uitdagend, maar dit was regtig 'n seën om daaraan deel te neem. Dit was so lekker om soveel talent bymekaar te sien en te sien hoe mense in soveel verskillende genres sing. Dit was ook lekker om mense te ontmoet wat van soveel verskillende plekke en plase af kom. Dit was vir my 'n wonderlike ervaring."

Chester, wat Michael Jackson se "The Way You Make Me Feel" en Sam Cooke se "A Change Is Gonna Come" in die eindronde gesing het, het die gehoor en beoordelaars met sy talent verstom. Hy hoop om sy musiektalent nog verder te ontwikkel.

"Ek sal baie graag 'n suksesvolle musiekloopbaan wil bou en sal graag my eie en ander mense se musiek wil opneem. Dis my droom om jongmense met my storie te inspireer. Dis vir my belangrik om goeie boodskappe na ander uit te dra."

Chester moedig landbouwerkers aan om vir 2025 se kompetisie in te skryf, "want dis werklik 'n inspirerende ervaring". "Dis lekker om te sien dat die landboubedryf na plaaswerkers kyk en hulle help om te groei." **T**

**Nog nuuskierig? Besoek**  
[agrigottalent.com](https://agrigottalent.com) of  
stuur 'n e-pos na  
[info@agrigottalent.com](mailto:info@agrigottalent.com).

**DEUR ZERELDA ESTERHUIZEN**  
**FOTO'S: WILLEM FOSTER**

# DARRYL SPIJKERS



737 D. SPIJKERS

DARRYL

ATKV-SKOLETONEL

DIRECTOR

WAARDES

# MENEER TONEEL

Vir sy leerders is Darryl Spijkers veel meer as net 'n drama-onnie en Tienertoneel-regisseur. Hy is 'n inspireerder, aktiveerder en medereisiger op hul toneel- en lewenspad ...

2024 was vir Darryl Spijkers 'n jaar vol hoogtepunte. Sy betrokkenheid by toneelspel, musiek en sy studente is sterker as

ooit ná 'n vierde ATKV-Tienertoneel-oorwinning agtereenvolgens.

Hoewel onderwys nie aldag kinderspeletjies is nie, is dié drama-onderwyser van die Hoërskool Parel Vallei deurgaans bewus van die verantwoordelikheid wat op sy skouers rus. Volgens hom speel taal, musiek en toneel 'n groot rol in die bou van 'n kind se karakter en is dit 'n voorreg om deel van die proses te wees.

Nadat hy Engels en sielkunde aan die Universiteit van KwaZulu-Natal studeer het, is hy aanvanklik as 'n joernalis by *Die Bolander* aangestel, waarna hy 'n pos as Engels-onderwyser by die Hoërskool Hottentots-Holland aanvaar het. Vandag is hy reeds sewe jaar lank by Parel Vallei, waar hy hoof van kultuur is. Hy is ook regisseur en vrywilliger by die Playhouse-gemeenskapsteater in Somerset-Wes – 'n organisasie sonder winsbejag wat met kinders van die plaaslike gemeenskap werk.

## JY MOET IEWERS BEGIN

"Dit kom van my ma af," sê Darryl oor sy liefde vir teater. Sy het daaglik haar *Phantom of the Opera*-, *Evita*- en *Cats*-plate gespeel en hom en sy sussie gereeld teater toe geneem. Hy vertel ook hoe ene mev. Barnes, sy geskiedenis-onderwyseres, sy grootste inspirasie op skool was. Sy ➤

het verskeie gedagtes om politiek, menswees, die mensdom en die wêreld by hom aangewakker. Darryl se ontdekking van teater is aan Athol Fugard te danke. Die eerste toneelstuk waarvan hy in matriek die regisseur was, was dié dramaturg se *People are Living There*.

"Ek is mal oor teater – van dansteater tot opera tot drama op die straat," vertel Darryl. Hy meen dit "praat" met 'n mens: Dis iets waardeur mense hul stories kan vertel; dit help ons om die wêreld 'n

bietjie beter te verstaan; probleme te pak en uit te sorteer. Juis daarom sit Darryl self gereeld in die gehoor. Sy doel is om jaarliks na 100 vertonings te kyk.

Toe Darryl hom by Parel Vallei aansluit het, was hy onseker oor wat sy pos as drama-onderwyser sou behels. Hy was bewus van die waarde wat ATKV-Tienertoneel tot taal en kultuur toevoeg en dit het die weg vir nog 'n "eerste" gebaan – 'n toneelstuk getiteld *Die lang pad huis toe* (2018). Die produksie

het 'n paar pryse losgeslaan, maar volgens Darryl was die grootste les wat hy geleer het bloot: "Jy moet iewers begin!"

Die daaropvolgende jaar het hy sy toneelstuk *Vlug* geskryf en as regisseur opgetree. Met dié produksie het hy en sy span die Tienertoneel- nasionale eindronde in die Adam Small-teater in Stellenbosch gehaal waar hulle onder die topvyf geëindig het.

"Die een ding van die ATKV-Tienertoneelprojek is dat hulle



*“Dis iets waardeur mense hul stories kan vertel, dit help ons om die wêreld 'n bietjie beter te verstaan, probleme te pak en uit te sorteer.”*

baie goeie mentors en beoordelaars inkry wat baie goeie terugvoering gee,” sê Darryl. “Jy moet oopkop wees, want hulle sê nie wat jy wil hoor nie. Hulle sê wat hulle moet en deel hul gedagtes. Jy moet hulle professionele opinie in ag neem.”

## **VIR TIENERS, DEUR TIENERS**

Toneelstukke kan maklik te na aan 'n regisseur se lyf, te volwasse of baie abstrak wees – iets wat Darryl soms dink die tieners nie eens heeltemal verstaan nie. “Jy moet lekker speel, maar in die ruimte van die tienerwêreld. Dit moet mooi kan afspeel op die vlak van 'n tiener, maar dit moet ook met die gehoor praat. Dit moet iets wees wat tieners sal wil kyk.”

Daarom motiveer hy sy studente om met hul eie idees vorendag te kom. Hy hou oudisies en bly op die uitkyk vir talent. Dan leer hy hulle ook 'n bietjie beter ken. “Wat maak jou hartseer? Wat maak jou gelukkig? Het jy iets of iemand verloor? Is daar iemand wat al 100 keer getrek het? Dan doen ons 'n toneelstuk daaroor!” Deur saam te dink en idees uit te

ruil, kom hy en die kinders op die beste temas af waarby nie net hy nie, maar ook die kinders aanklank vind.

Een van die drie produksies wat Darryl die afgelope jaar geskryf het, is deur 'n matriekdogter en haar mede-orkesmaats se talent en die Wes-Duitse popgroep Nena se 1983-treffer “99 Luftballons” geïnspireer. Ongeag daarvan dat die stuk handel oor iets wat die kinders nooit beleef het nie (die Koue Oorlog), was dit vir Darryl weer duidelik dat musiek 'n manier is om tyd te oorbrug. Dié produksie het eindelijk sewe pryse losgeslaan en nasionaal tweede geëindig.

“Die ATKV skram nie weg van die realiteite wat ons kinders daagliks beleef nie en daar is baie diep en rowwe temas vir die Tienertoneelstukke,” vertel Darryl. “Kinders kan realiteite soos dwelmmisbruik en bendes op die verhoog uitbeeld.”

## **DRAMA SE LESSE**

Daar steek baie meer in drama as vak as net pret en plesier. “Ek glo

as die vak as geheel werklik goed doen, kan jy dit sien in resultate, foto's, video's en geleenthede wat deur die dramadepartement geskep word. Drama kan nie dood wees nie. Jy kan nie sê ons bied teater, maar jy tree nie eintlik op nie.”

Die impak is tasbaar, sê Darryl. “Ek sien dit elke dag in my kinders. Vir my gaan dit oor die geleentheid, en dis waar jy die kinders se karakter sien ontwikkel.”

Kinders wat bymekaarkom en iets mooi maak, is die ware wen, meen hy. Blootstelling aan toneelwerk is volgens hom baie belangrik vir die ontwikkeling van 'n kind. “Dit leer 'n kind so baie. Dit leer hulle meer as wat hulle in die klas gaan leer. Dis 'n lewensles.”

Hy vertel hoe hulle selfs met die mees onlangse wenproduksie, *Vir Spot*, moes leer om weer te probeer nadat dit maar 14de geëindig het op die jaarlikse Playhouse-fees in Somerset-Wes. Die toneelstuk was aanvanklik net nie goed genoeg nie, en hulle moes teruggaan en hard werk. “Die ontwikkeling van die produksie was 'n les: Jy moet saam stories kan vertel en jy moet luister na ander se opinies.”

Vir Darryl is Afrikaans 'n mooi en wonderlike taal en hy geniet dit om produksies daarin te skryf. Sy liefde vir toneelspel en taal is tasbaar en hy meen as jy 'n sukses van Tienertoneel wil maak, moet jou huis 'n gemors wees en jou lessenaar soos 'n bomontploffing lyk, “want daar is baie om te doen”. **T**

**DEUR RENATE ENGELBRECHT  
FOTO'S:  
WILLEM FOSTER**

*Die supergroep  
Dierbaar na die  
Maan het met die  
louere weggestap  
in vanjaar se Ruk en  
Rym-kompetisie.*

# GEVIND: WARE MAKKERS!

Die tweede Ruk en Rym-kompetisie het nie net weer waardige wenners opgelewer nie, maar 'n ware ontmoetingsplek vir alternatiewe Afrikaanse musiekmakers geword ...

**E**ers was daar die Musiek-en-liriek-beweging waarin jong en opkomende kunstenaars soos Anton Goosen, Koos du Plessis, Jannie du Toit en Laurika Rauch verdieping en verset gebring het teen 'n kunsvorm wat andersins konserwatief was.

Kort daarna is Afrikaanse musiek wéér op sy kop gekeer deur Johannes Kerckorrel, James Phillips en Koos Kombuis wat tydens die apartheidsjare vir jongmense 'n uitlaatklep en ontvlugting gebied het.

Die vroeë en middel-2000's is ingelui deur Fokopolisiekar, wat uiting gegee het aan die frustrasie met boomryke buurte, vooropgestelde en konserwatiewe idees van 'n vergange era, en eksistensiële angs. En wéér het andersdenkendes gejubel, gejuig en ge-headbang op die maat van die "bende van Bellville" se krag-akkoorde.

Jare het gekom en gegaan. Die TV-musiekkanaal MK bestaan nie meer nie. Rockers en hippies het in 2018 die laaste keer hul tentpenne by Oppikoppi ingeslaan. Die alternatiewemusieklandskap was nog nooit weer dieselfde nie, ondanks groepe soos Spoegwolf se bydrae.

## GAWE GELEENTHEID VIR DIE AWEREGSES

Die laaste twee jaar het die wind van verandering opgesteek. Milde reën het uitgesak oor die dor landskap – en dit is alles te danke aan *Taalgenoot* se musiekkompetisie Ruk en Rym.

In 2024 is Ruk en Rym die tweede keer aangebied nadat hierdie geesteskind van die ontslape *Taalgenoot*-redakteur Johan Jack Smith in 2023 die eerste keer 'n eksklusiewe platform aan alternatiewe musikante gebied het. Die groot getal inskrywings wat vanjaar ontvang is, is 'n bevestiging van hoe groot die behoefte is.

Die wenner en naaswenner was dit nogmaals eens. Ruk en Rym is 'n viering van kreatiwiteit en alternatiewe denke.

En bowenal 'n plek waar daar nie gediskrimineer word nie; 'n gemeenskap vir 'n ieder en 'n elk.

Volgens die kletsrymer Jaco van der Merwe, kreatiewe regisseur van die kompetisie, was daar "baie meer inskrywings as die vorige jaar en daar was heelwat meer vrouekunstenaars, veral in die halfeind- en die eindronde".

Hy meen ook die 2024-kompetisie het 'n groot verskeidenheid genres gebied. "Dit het net weer gewys dat Afrikaans nie 'n musiekgenre is nie, maar 'n taal, en met die taal word daar musiek in elke genre geskep.

"In die eerste plek is dit 'n ontdekkingsreis. Die deelnemers raak skielik bewus van mekaar en ontdek mekaar se musiek. Tweedens gaan dit oor gemeenskap. Dit was wonderlik om te sien hoe ondersteunend die klomp was en hoe hulle mekaar se musiek kan waardeer. Soms het jy vergeet dit is 'n kompetisie."

## DIERBAAR NA DIE MAAN

Vanjaar se wenner was die supergroep Dierbaar na die Maan, wat 'n samesmelting van die groep Dierbaar en Francis na die Maan is.

Volgens Janke Mostert, voorbok, was hulle "aangenaam verras". "Daar was fantastiese kunstenaars by die finale. Dit was nooit vir enigiemand duidelik wie gaan wen nie."

Hulle het weggestap met die geleentheid om snitte op te neem en 'n musiekvideo te maak. Janke sê Ruk en Rym het nie vir hulle soos 'n kompetisie gevoel het nie. "Dit was meer van 'n ontdekkingsreis waar jy al hierdie cool, alternatiewe kunstenaars ontmoet wat mooi en omvattend in Afrikaans musiek maak wat met die hart praat."

Vir hulle is dit belangrik om inklusief te wees en ander kunstenaars te ondersteun. "Ons wil 'n ruimte skep in Afrikaans wat die swartskape ook verwelkom en glad nie voorskriftelik is oor hoe jy jouself moet uitdruk nie."

## DIE FAKBOIZ

Die Fakboiz het die beoordelaars en die gehoor aan die praat gekry met hul testosteroonbelaaide elektroniese klanke. Hulle was vanjaar se naaswenner.

Andrew Veldman, wat deel uitmaak van dié trio, sê hulle het nie een keer getwyfel daaroor dat hulle moet inskryf nie. "Vir alternatiewe Afrikaanse musiek is daar nie baie geleenthede nie. Ruk en Rym is een van die min platforms waar jy jouself kan uitleef."

Hy beskryf hul musiek as "'n elektroniese aanval op jou brein". Hulle vorm deel van die Afrikalt-musiekbeweging, waarmee Janke-hulle hul ook vereenselwig. ➤



*Die FakboiZ, naasweners van Ruk en Rym 2024, se elektroniese musiek het die gehoor op hul voete gehad.*



"Dit is 'n veilige heenkome vir andersdenkendes en alternatiewe kunstenaars. Met Afrikalt wil ons 'n helpende hand bied vir opkomende kunstenaars en 'n platform skep waar daar geen pretensie of oordeel is nie," verduidelik Andre.

Hy sê hulle het tydens die kompetisie goeie vriende gemaak en dat daar onder die deelnemers nou geleenthede vir samewerking is. "Ons het so baie ongelooflike kunstenaars ontmoet; mense saam met wie ons 'n pad wil stap."

## JUST MIA

"Die feit dat Ruk en Rym fokus op oorspronklike Afrikaanse lirieke en die alternatiewe genre was vir my 'n groot groen vlag wat my beslis oortuig het om in te skryf," vertel Mia Malherbe van Wyngaardt. Just Mia het algeheel derde geëindig.

Volgens Mia was die hele proses vir haar opbouend en inspirerend. "Dit was van begin tot einde vir my 'n *magical* ervaring; alles het net reg gevoel. Almal het mekaar bankvas ondersteun; die gees was mooi en sterk."

Sy is totaal onkant betrap toe Jaco haar naam uitlees.

"Ek was dadelik oorweldig met dankbaarheid, want die talent was uit die boonste rakke en ek het nie verwag om dit tot so ver in die kompetisie te maak nie."

Mia is besig om haar nuwe oorspronklike liedjie "Ligter" te laat opneem en wil dit in 2025 uitreik. "Vorentoe wil ek net soveel optree en musiek uitreik as wat ek kan. Ek is baie dankbaar om my droom te kan uitleef en my doelwit is om elke jaar te verbeter."

## DIE BOM EN DIE STER

Die kletsrymers Die Bom en die Ster het algeheel vierde geëindig en Cudwill Kampher, een helfte van dié duo, meen Ruk en Rym het hulle geslyp.

"Dit was 'n platform waar ons sorgeloos ons kuns ten toon kon stel aan mense en ander kunstenaars wat soos ons dink," sê hy. Volgens hom kry hulle nou meer erkenning en is bekend aan 'n breër gemeenskap. "Ons besef daar is 'n groter gemeenskap en dit skep vir ons die geleentheid om met ander kunstenaars saam te werk."

Vir eers wil die duo soveel moontlik optree. "Ons korttermyn-doelwit is om soveel *gigs* te doen as wat ons kan.



*Die Bom en die Ster, vierdeplekweners, meen hulle het kameraadskap by Ruk en Rym gevind.*

**“DIT HET NET WEER  
GEWYS DAT AFRIKAANS  
NIE 'N MUSIEKGENRE IS  
NIE, MAAR 'N TAAL, EN  
MET DIE TAAL WORD  
DAAR MUSIEK IN ELKE  
GENRE GESKEP.”**



*Just Mia, derdeplekwenner, sê Ruk en Rym was vir haar 'n magiese ondervinding.*

“Om ons naam in die openbaar te kry en om mense bloot te stel aan ons musiek. Op die lang termyn beoog ons om 'n vollengte album op te neem.”

Cudwill-hulle is nie een oomblik spyt dat hulle aan Ruk en Rym deelgeneem het nie. “Dit is 'n wonderlike plek vir kameraadskap. Dit is een ding wat ons huis toe gevat het: Ons is nie alleen in hierdie musiekreis wat ons aanpak nie.”

Angie Gallagher, assistentregisseur van Ruk en Rym, meen die kompetisie het nou sy kinderskoene ontgroeï en die toekoms lyk blink.

“Johan se nalatenskap word verder verruim deur die kompetisie se sukses. As iemand wat self in die alternatiewemusieklandskap gewoek het – Johan was deel van die alternatiewemusiekgroep Volkspeler – het hy 'n gaping gesien wat *Taalgenoot* trots is om te vul.

“Dat die kompetisie 'n nuwe golf innoverende musiek in Afrikaans teweegbring, maak ons opgewonde oor die dinge waarna musiek liefhebbers nog kan uitsien. Hou hierdie ruimte dop en onthou hierdie name.” **T**

**DEUR JACQUES MYBURGH  
FOTO'S: ANDRÉ BADENHORST**


# Kunshande

## GEVAT IN DIE BOLAND





Om jou naam of handelsmerk met die ATKV te verbind, soos die [Breytenbach-sentrum](#) in Wellington se Bôrdienghuisteater gedoen het, is soos om deur 'n tradisieryke kultuurfamilie aangeneem te word ...



Op die Breytenbach-sentrum se tuisblad lees jy onder meer: "Dit gaan om die sluiting van vennootskappe op absoluut deursigtige en gelyke grond."

Dit is die uitgangspunt waarop die amptelike same-werkingsooreenkoms tussen die ATKV, die Breytenbach-sentrum en die ATKV-Bôrdienghuisteater,

in die hartjie van Wellington, van stapel gestuur is. As naamborg vir die volgende drie jaar (van Augustus 2024) gee die ATKV 'n geldinspuiting aan die Breytenbach-sentrum, waar die ATKV-Bôrdienghuisteater geleë is.

Die Breytenbach-gesin het gedurende die 1950's op die perseel gewoon. Die twee jongste seuns, wyle Cloete en Breyten, het gebly in die deel wat nou die Bôrdienghuis is. Breyten se slaapkamer was

waar die intieme verhoog van die ATKV-Bôrdienghuis nou staan. Dié gerestoureerde teater is op 'n reënerige aand in 2009 ingewy.

## 'n Lekker gesprek

Die nuus van die samewerking tussen die ATKV en die Breytenbach-sentrum is tydens die Erfenisdagviering op 24 September in Wellington aangekondig. Die gehoorlede het vermoedelik eers gebraaï voordat hulle later die aand met 'n glasië Bolandse wyn om die tafels van die ATKV-Bôrdienghuis vergader het om na die lewendige paneelbespreking "Hoe leef jy jôu Afrikaans?" te luister.

Die gesprek is gelei deur dr. Lindie Koorts, geskiedkundige en biograaf van die Universiteit van Pretoria (UP).

Die deelnemers – emeritus professor Hein Willemse van die departement Afrikaans en Nederlands by die UP en dr. Amanda Swart, verbonde aan die departement onderwys en sosiale wetenskappe by CPUT in Wellington – het saam met die jonge Mpumi Rakhudu oor hul pad met Afrikaans gesels.

Mpumi, 'n matriekleerder aan die Afrikaanse Hoër Seunskool in Pretoria, het die gehoor by die ATKV-Redenaarskompetisie se nasionale eindronde aan sy voete gehad. Sy toespraak met die onderwerp, "Afrikaans, my geheime wapen in die bokskryt van die lewe", spog met meer as een miljoen sosialemediatrefslae en is duisende kere gedeel.

Die paneelbespreking het ➤

**“DIE ATKV AS NAAMBORG VAN DIE TEATER KRY VERHOOGDE SIGBAARHEID EN BLOOTSTELLING IN DIE BOLAND, SOWEL AS 'N RUIMTE WAAR DIE ATKV VAN SY EIE PRODUKSIES EN PROJEKTE KAN AANBIED.”**



ATKV-Redenaarswenner Mpumi Rakhudu en sy ma, Huli.



grootliks gehandel oor die sprekers se herkoms en hoe hul omgewing 'n rol speel in hul ervaring van Afrikaans, en hoe dit hul toekoms slyp. Daar is gekyk na die taal se geskiedenis, wat veel ouer is as 100 jaar, en die wyer, inklusiewe narratief van Afrikaans.

“Die narratief van Afrikaans moet bevraagteken word,” het Willemse gesê. “Ons moet kyk na 'n verskeidenheid geskiednisse van Afrikaans. Die dominante narratief het die ander narratiewe onderdruk. Dié vertel van een storie; dit word die storie van Afrikaans. In die proses



*Links bo, agter:*  
Louis Duvenage, voorsitter van die Breytenbach-kultuursentrum se direksie, Mercia Eksteen (ATKV-hoofbestuurder: kommunikasie), Mpumi Rakhudu, Sonél Brits (besturende direkteur van die ATKV-MSW) en dr. Lindie Koorts. Prof. Hein Willemse en dr. Amanda Swart sit voor.

*Links:* Almero Oosthuizen, ATKV-streeksbestuurder, stel die paneel bekend.

word die ander onderdruk. Hierdie arrogansie van een groep lei tot spanning in Afrikaans en maak dit armer."

Koorts het die diskoers afgesluit met: "Kom ons hoor hoe klink die verhale, kom ons vind wat ons met mekaar gemeen het en kom ons leer uit mekaar se ervarings. Afrikaans is nie net wat ons doen nie, maar wat ons leef."

## Verhale van hoop en blydschap

"Die ATKV het hierdie driejaar-vennootskap met die Breytenbach-sentrum en Bôrdienghuisteater om 'n spesifieke doel gesluit," sê Gerrie Lemmer, uitvoerende hoof: kultuur van die ATKV.

"'n Gemeenskapsteater dra by tot die verwerkliking van 'n nuwe wêreld. Dit is die ATKV se visie en missie om ook deur middel van die kunstegemeenskap sosiale kohesie te bevorder. Die Bôrdienghuisteater gee vir die ATKV 'n tuiste om juis dit te doen. Rolspelers van verskillende gemeenskappe kry die geleentheid om verhale wat nie die nuus en kolly haal nie te kan vertel.

"Dit gee ons ook 'n platform om verhale van hoop en blydschap te vertel. Die ATKV het vir baie jare die lewe van mense uit verskeie gemeenskappe geweldig verryk. Ons glo dat die vennootskap ons nog 'n platform gee om hierdie baie belangrike doelwit te bereik."

Louis Duvenage, voorsitter van die Breytenbach-kultuursentrum se direksie, sê hy en die sentrum is baie dankbaar.

"'n Naambord verteenwoordig 'n samewerkingsooreenoms. Dit is 'n voorreg vir die Breytenbach-sentrum, meer spesifiek die Bôrdienghuis, om hom met die ATKV te assosieer.

"Die Breytenbach-sentrum is 'n klipvissie en die ATKV 'n kulturele dolfyn. In ons onderhandelinge het ek van die begin af gevoel dat ons onafhanklikheid gerespekteer word. Dis vir ons geweldig belangrik. Dit laat ons trustees toe om onafhanklik te dink, en dit laat ons toe om ons visie en missie na te streef. Die ATKV was nie voorskriftelik nie; ons respekteer mekaar se onafhanklikheid, maar weet dat ons kan saamwerk.

"Al wat ek sê is: Wié wát ook sê, wáár ook, by die ATKV-Bôrdienghuis by die Breytenbach-sentrum sal ons Afrikaans praat. Die aard van die borgskap is vir 'n substansiële bedrag oor 'n driejaar-tydperk. Sedert Covid kon ons nie meer 'n uitvoerende bestuurder bekostig nie. Die ondersteuning laat ons toe om te begroot en te beplan, 'n laag verf te verf en 'n nuwe deeltydse bestuurder oor die volgende 12 maande aan te stel."

## Gedeelde belange

Almero Oosthuizen, ATKV-streeksbestuurder: Boland en Karoo, meen die ATKV neem as't ware dié sentrum en teater onder sy vlerk. "Die ATKV bied ondersteuning aan die Breytenbach-sentrum om op volhoubare wyse geleenthede en projekte aan te bied wat ook in pas is met die visie en missie van die ATKV. Die ATKV as naamborg

van die teater kry verhoogde sigbaarheid en blootstelling in die Boland, sowel as 'n ruimte waar die ATKV van sy eie produksies en projekte kan aanbied."

Die teater word deur Jeannine du Frene bestuur en het in 2023 nie minder nie as 40 vertonings en 27 boekbesprekings van die Breytenbach-boekklub aangebied. Daar was ook wysheid-en-wyn-kuieraande en 'n kwartaallikse filosofiekafee onder leiding van Lamé Ebersöhn.

Dit is ook die tuiste van die Alma Nel-dramaskool, wat 'n ou bekende in ATKV-toneelgeledere is.

"Hierdie is alles geleenthede en projekte wat met die ATKV resoneer," bevestig Almero. "Hierdie borgskap sluit die naamborgskap in vir die Bôrdienghuisteater, sowel as die Akkoordtent (hooftent) tydens die jaarlikse Tuin van Digtters-fees. Die samewerkingsooreenoms bied ook geleentheid vir twee organisasies met baie raakpunte om binne die gemeenskap van Wellington saam te werk aan projekte.

"Aangesien die sentrum as maatskappy sonder winsbejag hoofsaaklik afhanklik is van borgskappe, gaan hierdie borgskap die sentrum ook help om broodnodige herstelwerk en instandhouding te doen.

"Die behoefte by enige projektebestuurder is dat daar volhoubaarheid moet wees. Hierdie ooreenoms bring volhoubaarheid binne bereik." **T**

**DEUR MARZAHN BOTHA  
FOTO'S: WILLEM MULDER**

# VOORDELE VAN A

Met 'n magdom ledevoordele soos spesiale promosies, vakansie-afslag en 'n gratis tydskrif maak dit sin om 'n ATKV-lid te word. Maar die grootste wenner bly die Afrikaanse taal en kultuur, wat danksy jou bydrae 'n hupstoot kry!

m

aak vas jou sitplekgordel!

Die ATKV wil jou as gewaardeerde (of toekomstige!) lid op 'n avontuur neem. Kom ons noem dit "die A tot Z van

ledevoordele".

As mede-avonturier stel jy nie net die ATKV in staat om die Afrikaanse taal en kultuur deur middel van verskeie projekte te bevorder nie, maar jy gaan verras wees oor die voordele wat jy in jou rugsak gaan steek.

## A is vir AFRIKAANS

In die harwar van ons besige lewe gebeur dit min dat jy jou skoene kan uitskop en ontspan. Tussen werk, jou geliefdes en ander verpligtinge deur bly belangrike dinge soms agterweë – soos jou passie vir Afrikaans. As mede-ATKV-reisiger kan jy rustig wees



# TOT AMPER Z!

in die wete dat die ATKV namens jou die Afrikaanse taal en kultuur op nasionale vlak bevorder en aan jou die geleentheid bied om in die pret te deel! By die ATKV is ons ernstig daarvoor om Afrikaans uit te bou en 'n omvattende kultuurtuiste te bied.

## B is vir BOEKBOHAAI

As jy lief is vir Afrikaans sal ons verbaas wees as jy nie ook lief is vir boeke nie. Jy kry dalk nie altyd tyd om in boekwinkels rond te snuffel of selfs te lees nie, maar danksy Boekbohai, in samewerking met [Exclusive Books](#), kry ATKV-lede 'n geskenkbewys wat hulle aanlyn en in die winkel kan gebruik. Exclusive Books is 'n Tjiengelieng-vennoot. Van tyd tot tyd is daar ook spesiale promosies.

## C is vir CASI

Misdaad bly 'n deel van die statistieke. Met die [Casi-app](#) is hulp net die druk van 'n knoppie (ook op jou slimfoon of -horlosie) weg. Sodra die toep geaktiveer word

stuur dit jou ligging na al die naaste gewapende-reaksie-eenhede, sowel as hul 24-uur-bevelsentrum, wat dadelik hulpverleners van die nodige inligting kan voorsien.

Teen slegs R35 (BTW ingesluit) per persoon per maand vir ATKV-lede bied Casi bekostigbare persoonlike beveiliging, padbystand en mediese hulp op enige plek. Daarby maak Casi vir elke nuwe lid 'n skenking aan die ATKV-Woekerfonds. Verder verkry elke ATKV-lid wat hierdie spesiale aanbod en die toepassing benut ook toegang tot AA-voordele en mediese steun. 'n Maksimum van ses begunstigdes kan teen 'n verlaagde tarief bygevoeg word.

## J is vir JA

[JA](#) (Jou Afrikaans) bied 'n platform vir Afrikaanse rolprentmakers om met hul rolprente, reekse, dokumentêre, kortprente en ander vermaakidees te spog. Boonop is al die inhoud in Afrikaans. Verlang jy na goue oues soos *Trompie*, *Skooldae*, *Konings* en *Agter elke man*? Dan sal jy klassieke reekse soos dié, nuwe produksies en vele meer hier kan verslind. ATKV-lede kry 30% afslag op 'n jaartekening. JA ploeg 50% van sy inkomste terug in onder meer die skep van nuwe produksies. ➤



## K is vir KOMMUNIKASIE

Ja, Dricus du Plessis is reg, hulle weet nie wat ons weet nie. By die ATKV hoef jy nooit te wonder nie; hier word jy altyd ingelig gehou. Ons maandelikse elektroniese nuusbrieff, [Nuusgenoot](#), verseker dat jy op die hoogte bly van ATKV-gebeure, terwyl [Taalgenoot](#), ons bekroonde kwartaallikse glanstydskrif, 'n diepteblik bied op sake wat jou raak.

## P is vir PERSONEELSKEMA

Al die voordele van ATKV-lidmaatskap is nou beskikbaar in die korporatiewe sfeer. Met die ATKV se nuwe personeelskema kan besighede ook die vrugte van ATKV-lidmaatskap pluk. Sluit vandag jou besigheid en personeel by die ATKV aan! Afhangende van die aantal personeellede op die skema word 'n persentasie van die ledegeld as krediet gehou vir gebruik by enige van die ATKV se sewe spogoorde vir onder meer konferensies en spanbougeleenthede.

## R is vir RUS

In hierdie geval is dit nie die rus wat jy by een van ons oorde kan kry nie, maar eerder 'n salige gerustheid dat die ATKV ook jou en jou naasbestaendes se belange op die hart dra. Met bekostigbare begrafnisdekking en 15%-afslag op begrafnisdienste by [Avbob](#) as individu of vir jou en jou gesin (tot vyf kinders) is dit een ding minder waaroor jy jou hoef te bekommer. In samewerking met [Capital Legacy](#) spaar ons jou naastes ook die frustrasie en moontlike chaos wat gepaardgaan met afsterwe sonder 'n testament. Te danke aan jou lidmaatskap kwalifiseer jy vir 'n gratis testament en 'n spesiale produk teen 'n verlaagde tarief wat die boedelkoste dek.

## S is vir SELFOONNETWERK

Die ATKV se eie selffoonnetwerk is 'n splinternuwe en uiters bekostigbare diens waarby jy baat sal vind. Nou kan jy onder meer jou data en lugtyd op een plek bestuur; data en lugtyd na geliefdes stuur; en jy het eksklusiewe toegang tot die beste databondels. Die ATKV-selffoonnetwerk se grootste vennote is MTN en megsApp. Die diens beloof aansienlik laer tariewe, en sekere pakkette se data is oordraagbaar. Gebruikers se bestaande selffoonnommer kan oorgedra word.

## T is vir TJIENGELIENG

Tjiengelieng word toegeken aan ATKV-lede wat 'n buitengewone bydrae lewer tot die uitbou van ons missie en visie, veral vir aktiewe betrokkenheid by ATKV-takke. Tjiengelieng is R1 500 vir 'n aktiewe taklid en jy kan dit by die oorde of Exclusive Books bestee, of aan die Woekerfonds skenk.

## V is vir VAKANSIE

Wat is nou beter as om vakansie te hou? En nie sommer enige vakansie nie, maar 'n heerlike wegbreek by een van die ATKV se sewe [oorde](#). Het jy geweet as lid kwalifiseer jy vir afslag? Om tariewe sakpas en mededingend te maak, is daar vir ATKV-lede 'n spesiale liddariefstruktuur. Maak sommer nou reeds 'n plan en bespreek jou volgende vakansie. As lid is jy ook geregtig op voorkeurbesprekings by enige van ons oorde.

## V is OOK vir VERSEKERING

Motor- en huisinhoudversekering kom nuttig te pas as sake skeefloop. Premies word op die lid se risikoprofiel gegrond. 'n Persentasie van die premie word aan die ATKV terugbetaal en vir projekte gebruik. As jy jou premies vir 12 maande betaal, kwalifiseer jy vir "vakansierande" (wat 'n vorm van Tjiengelieng is).

## W is vir WYN

Die [Diemersfontein-wynlandgoed](#) is al sedert 1942 'n ikoon in Wellington. Wat begin het as 'n plaas waar die familie kon uitspan, is nou die tuiste van Diemersfontein se wyn van wêreldgehalte, plattelandse gasvryheid en 'n plek waar #weesdieverskil uitgeleef word. As lid kan jy kwalifiseer vir promosies en ook afslag om daar tuis te gaan. **T**

**DEUR REZA CLIFFORD**

Vir nog inligting, stuur 'n e-pos na [vennotenavrae@atkv.org.za](mailto:vennotenavrae@atkv.org.za).

As jy by die ATKV wil aansluit, besoek [www.atkv.org.za/sluit-aan/](http://www.atkv.org.za/sluit-aan/).

Ledegeld is R125 per maand of R1 350 per jaar.



# BLY DIÉ SOMER SO KOEL SOOS 'N KOMKOMMER.

Moenie dat kommer oor jou besittings jou somerpret bederf nie.  
Kry eerder Auto&General Motor- en Huisinhoudversekering deur die  
ATKV en geniet jou gate uit!



**AUTO&GENERAL MOTOR-  
EN HUISINHOUDVERSEKERING**

**Auto&General**



**0860 28 28 69**



# 'N WEGBREEK KORT DUSKANT KAAPSTAD

[ATKV-Goudini Spa](#) se helende water en mooi omgewing bied rus vir 'n oorwerkte gemoed, terwyl die talle doendinge verseker dat geen vakansieganger verveeld sal wees nie ...

In die hartjie van die Bolandse berge, omring deur skilderagtige wingerde, lê ATKV-Goudini Spa, waar jy kan kies en keur tussen 'n verskeidenheid prettige aktiwiteite om jou naweek of vakansie onvergeetlik te maak. Dit is die ideale bestemming vir enigiemand wat hunker na 'n wegbreek net sowat 'n uur se ry van Kaapstad.

Of jy op soek is na 'n rustige vakansie met of sonder die kleinspan, 'n avontuur in die Bolandse berge of net 'n kans om die natuur te verken, ATKV-Goudini Spa bied al die afgelope 31 jaar nie net sy mineraalbaddens nie, maar 'n perfekte kombinasie van ontspanning, avontuur en natuur.

## GESELLIGE GESINSVAKANSIES

Loop jy naby die swembad rond, hoor jy kort-kort die lag van kinders wat in en om die water speel. Die waterglybaan is 'n gewilde trekpleister, maar die borrelbaddens, tennissbane, speletjieskamer met potspel, die vlugbalbaan, minigolf en die staproetes staan nie 'n enkele tree terug nie. Die meeste van die swembaddens is verhit, so al is daar 'n byt in die lug, kan gesinne heerlik ontspan ➤



by die onderdakswembad of een van die verhitte buitelugswembaddens.

ATKV-Goudini Spa het verskeie selfsorgakkommodasie-opsies beskikbaar. Gesinne kan kies tussen die Badsberg-vyf- en sesbed-eenhede, sesbed-Bolandhuise, die sesbed-Slanghoek-villas, vier- tot sesbed-rondawels, vyfbed-Tulbagh-woonstelle of een van die 60 kampeerstaanplekke.

As daar nie braaivleis op die spyskaart is nie, is daar 'n gelisensieerde restaurant, geriefswinkel en selfs Halaal-gesertifiseerde watertand-wegneemetes om die hongerpyne mee te stil.

Tydens skoolvakansies word daar 'n propvol program vir oud en jonk aangebied. Van karaoke tot kulkuns en verskeie kompetisies soos 'n braai-uitdaging, 'n gladiator-uitdaging en selfs 'n potspeluitdaging bied geleenthede waarin besoekers hul staal kan toon.

## KONFERENSIES

Met ATKV-Goudini Spa se verskeidenheid selfsorgakkommodasie, vermaak en ontspanningsgeriewe sal selfs die kieskeurigste kursusganger gelukkig wees.

Die oord se konferensielokale kan tot 800 konferensiegangers huisves met

sewe verskillende konferensielokale om van te kies. Dit is die perfekte wegbreek – weg van die gewoel van die stad, maar naby genoeg om jou volgende korporatiewe geleentheid daar te hou. Luukse, aanpasbare pakkette sorg dat jou werknemers altyd gemotiveer en gewaardeer sal voel.

Met pragtige uitsigte oor die Breedevallei is ATKV-Goudini Spa uiteraard ook die ideale keuse vir 'n huweliksonthaal sonder weerga.

## PERFEKTE PLEK VIR PAARTJIES

Die rustige atmosfeer en pragtige berge en omgewing bied 'n sonderlinge agtergrond om nuwe romantiese herinnerings te skep. Een van die groot attraksies vir paartjies wat ATKV-Goudini Spa besoek, is die toeganklikheid van 'n wye reeks wynplase.

Tydens oestyd kan jy van die luukse Slanghoek-villas selfs die duiwe ruik wat gepars word, so naby is die oord aan die wynplase

geleë. Vir 'n bietjie saligheid kan jy en jou geliefde gaan vir 'n massering of ander behandeling by die spa of net rustig wees in die borrelbad. Gaan doen dan 'n staproete in die Bolandse berge om weer asem te skep.

Rustigheid, romanse en avontuur is jou voorland wanneer jy weer 'n draai by ATKV-Goudini Spa maak.

## Nabygeleë doendinge

### KAROO WOESTYN NASIONALE BOTANIESE TUIN

Hierdie tuin lê aan die voet van die Hexrivier-bergreeks met 'n verskeidenheid woestynagtige en semi-woestynagtige plante. Daar is ook 'n groot versameling vetplante. Besoek die tuin veral in die lente wanneer die vygies blom, en as jy gelukkig is, loop jy dalk een van die skilpaaie raak. Daar is verskeie staproetes en selfs 'n braille-roete waar jy gedigte kan geniet met die hulp van jou slimfoon.

[sanbi.org/gardens/karoo-desert/](http://sanbi.org/gardens/karoo-desert/)

### KLEINPLASIE- LEWENDE OPELUGMUSEUM

Dié museum stel die leefwyse van die landbougemeenskap van 1690 tot 1900 ten toon. Elke gebou word gewy aan 'n landbousektor van die Wes-Kaap en hier kan 'n mens sien hoe die boere in daardie jare tabak gerol, kerse gemaak, brood gebak het in die buite-oond, seep gekook en witblits gestook het!

### BOSJES

Bosjes is 'n familieplaas bekend vir sy kapel se argitektuur en skilderagtige tuine. Gaste kan die asemrowende tuine en restaurant besoek, 'n staptog deur die Boombrug onderneem, vir 'n spa-behandeling gaan of verskeie soorte wild op die staproetes besigtig.

[bosjes.co.za](http://bosjes.co.za)



### AQUILA-WILDSPLAAS-EN-SPA

Beleef 'n tipiese Afrika-safari op Aquila se 10 000 ha-reservaat tussen die Langeberg en Outeniquaberge. Aquila, gevestig in 1999, was die eerste wildreservaat in die Wes-Kaap waar 'n mens weer die Groot Vyf kon sien.

[aquilasafari.com/](http://aquilasafari.com/)

### CERES ZIPLINE

Geniet die opswelling van adrenalien as jy met hierdie oefieslaaid gly! Dit is voorheen al die beste glykabelbaan in Afrika genoem en bestaan uit agt glykabels wat oor 'n totaal van 1,4 km strek.

[ceresadventures.co.za/Our-Adventures](http://ceresadventures.co.za/Our-Adventures)

## Kelders te kies en te keur

**ATKV-Goudini Spa is die ideale basis om 'n reeks wynplase in die Breedevallei te besoek.**

- [Badsberg-wynkelder](#)
- [Slanghoek-kelder](#)
- [Du Toitskloof-wyne](#)
- [Jason's Hill- private kelder](#)
- [Breëland Marais-familielandgoed](#)
- [Bergsig-wynlandgoed](#)
- [Botha-kelder](#)
- [Belle Rebelle-kelder](#)
- [Merwida-wyne](#)
- [Opstal-wyne](#)
- [Kirabo-wyne](#)
- [Du Preez-landgoed](#) **T**

**DEUR MARTIE SWART  
FOTO'S: VERSKAF**



**JOU WEGE REEK PARADYS  
IN DIE BERGE!**



**KOM GENIET...**

- AKSIE, AVONTUUR, SKOOLTOERE EN SPANBOU TUSSEN DIE BERGE
- KAMP-SONDER-BRIEKE TUSSEN DIE BERGE
- VAKANSIEPARADYS
- BESIENSWAARDIGHED
- SPROKIESTROUES

**DIE KEUSE IS WAARLIK JOUNE!**

# BLOKRAAI

## Voltooi & wen

|                         |                       |                       |              |                            |                           |                 |                        |                        |                    |                         |                      |                       |                             |                         |                       |                    |                  |
|-------------------------|-----------------------|-----------------------|--------------|----------------------------|---------------------------|-----------------|------------------------|------------------------|--------------------|-------------------------|----------------------|-----------------------|-----------------------------|-------------------------|-----------------------|--------------------|------------------|
| Gewilde ontbytgebak     | Van A tot Z rangskik  | Faam                  |              | Agteruitverstelling        | Aanvallende Lineêre las   |                 | 1006 vir Caesar        | Skarnierende deksel    |                    | Span dit voor die perde | Ciabatta of baguette | Onmatig drank gebruik | Maermeries                  |                         | Eenparig              | Wysvinger          | Kruieaftreksel   |
|                         |                       |                       |              |                            |                           |                 |                        |                        |                    |                         |                      |                       |                             |                         |                       |                    |                  |
| Nóg warm nóg koud       |                       |                       |              | As gevolg van Antw. asb.   |                           |                 |                        | Swarttee, — Grey       |                    |                         |                      |                       | Ná emme                     |                         |                       |                    |                  |
| Karfabriek in Modena    |                       |                       |              |                            |                           |                 |                        | Wandelpad langs strand |                    |                         |                      |                       |                             |                         |                       |                    |                  |
|                         |                       |                       |              |                            |                           |                 | Sig-waarde             | Kaal                   | Met die vuis slaan | Onwelvoeglike           |                      |                       |                             |                         |                       |                    | 5 200 weke       |
| Beenbeskermers          |                       | Kyk-kassie            |              |                            | Vinnig padgee             |                 |                        |                        |                    | Aanleplek               |                      |                       |                             |                         | Tina Turner se eks    |                    |                  |
| Afdrukke                |                       | Dieselfde             | Steur-arbeid |                            | Wreed-aard Hooggel.       |                 |                        |                        |                    | Nie uitgespreek nie     |                      |                       |                             |                         |                       |                    |                  |
|                         |                       |                       |              | Retoriese vraag; wat sê —? |                           |                 |                        |                        |                    | Spinnerak               | Maaltye              |                       | Eskadron Dit is so, waarlik | Vis in koue berg-strome |                       | Wat so genoem word |                  |
| Knorpot                 |                       |                       |              |                            |                           |                 |                        |                        | Vermoënd           |                         |                      |                       |                             |                         | Kode-woord vir L      |                    | Vóór iets anders |
| Lang dele aan trourokke |                       |                       |              |                            |                           | Hewige vrees    | Stiffie in 'n hooimied |                        | Woord-aflers       |                         |                      |                       |                             |                         |                       |                    |                  |
| Uitgerek                |                       |                       |              |                            |                           |                 |                        | Belustige Houtstof     |                    |                         |                      |                       |                             |                         |                       |                    |                  |
|                         |                       |                       |              |                            | Helde-digte               | Vinnig hardloop |                        |                        |                    | Chroniese huid-siekte   |                      | Teenoor-gewer         |                             |                         |                       |                    |                  |
| Skor                    |                       | Plant verwant aan uie |              | Inwoners van Seeland       | Onge-manierde vent        |                 |                        |                        |                    | Ná Jan.                 |                      | Spies                 |                             |                         |                       |                    |                  |
| Baie droë               | Laspos Op baie plekke |                       |              |                            | Vroulike bees by abattoir |                 |                        |                        |                    |                         |                      |                       |                             | Uitspan met tent        | Loopvoël in Australië |                    | Stempel          |
|                         |                       |                       |              |                            | Nieu-Ndl.                 | Vorder          |                        |                        |                    | Vastrap Filemon         |                      | Vleis-etende papegaai |                             |                         |                       |                    |                  |
| Die maak van somme      |                       |                       |              |                            |                           |                 | Steler                 |                        |                    |                         |                      | Manlike bokke         |                             |                         |                       |                    |                  |
|                         |                       |                       |              | Ikeys of Wits              |                           |                 |                        | Arabiese vors          |                    |                         |                      |                       | Huidige klere-smaak         |                         |                       |                    |                  |
| Streel Petrol-pedale    |                       |                       |              |                            |                           |                 | Dawe-rende geluid      |                        |                    |                         |                      | Spel beoefen          |                             |                         |                       |                    |                  |

E-pos die antwoord van die leidraad, jou naam, van, fisiese adres, posadres en selfoonnommer na taalgenoot@atkv.org.za. Maak seker dat Taalgenoot Blokraai jou onderwerpslyn is. Die kompetisie sluit 31 Maart 2025. Een leser staan die kans om 'n boekpak ter waarde van R1155 te wen. Voltooi die blokraai en stuur jou antwoord voor 1 April 2025 om *Onrus op Steynshoop* van Ingrid Winterbach, *Misfit* van Chase Rhys, *Die kataritiese metode* van Jaco Fouché en *Die Waterplek: Gabriëllie* van Carina Stander te wen. B's en V's geld.

**Ontsyfer die letters in die sirkels om die volgende te kry: "Musiekinstrument met klawers, ses rye knoppe en 'n blaasbalk."**





# OM JOU LEWE MET 'N PLANK TE SLAAN

DEUR  
FOURIE ROSSOUW

**'n** Paar jaar gelede het 'n gladdebek-bouer ons gelos met 'n hek waarvan die planke skeefgetrek en verf afgedop het ná die eerste reën. 'n Mens sien mos net raak

wat op jou voorgrond is, dus vang my oog elke huis met 'n mooi hek in die oprit, in kontras met ons lelike een.

Mettertyd trek die planke een vir een los. Waai die ligste briesie deur my tuin, swaai die planke soos rugbykouse aan 'n wasgoedlyn. Ek het verskeie pogings aangewend om die skewe planke vas te skroef, maar elkeen laat die hek nog meer na 'n hoenderhok lyk.

Uiteindelik is die aankoop van nuwe planke my voorland. Dié wat my ken, sal weet dat ek nie juis bekend is om my houtwerkvernuf nie. Vir maande krap ek kop oor hoe om die projek aan te pak.

Hoe maak ek dat elke skroefie mooi in lyn met die ander planke s'n is? Lank het dié eenvoudige vraag met my kop gesmokkel; totdat 'n vriend my vertel het van 'n "storiestok".

"Dis waarmee jy die projek begin," verduidelik hy terwyl ons voor my hek staan, elkeen met 'n glas wyn in die hand. "Jy maak vir jou 'n plank met die gate op die regte plekke geboor. Van daar gebruik jy daardie plank as die maatstaf vir al die ander planke."

Die volgende dag haak ek 'n waentjie en ry na die houtwinkel.

'n Uur of wat later laai ek 50 splinternuwe planke in my motorhuis af. Geld wat stom is, maak reg wat krom is. Met 'n gehuurde saag maak ek my storiestok volgens maat. Ek boor twee gaatjies aan die koppenent en een in die middel. Nou is my storiestok gereed vir die res van die planke.

"Aan die begin bou jy die hek, later bou dit jou," sê 'n afgetrede houtwerkonderwyser my toe ek hom van my projek vertel. Teen die tyd dat ek by die laaste plank kom, is ek en my storiestok soos tang en draad; bout en moer; splinter en duim.

Met die merk van elke gaatjie het die projek met my "gepraat",

want soos met die planke, só ook met die lewe.

Plank ná plank en gat ná gat word die grein en kwaste van my eie storie blootgelê. Van naderby lyk die prentjies uniek, maar tree ek terug om die geheelbeeld te beskou, dan sien ek patrone wat herhaal word.

Ons almal leef met 'n storiestok. Dis die sjabloon vir jou lewe en die lens waardeur jy na die wêreld kyk. Ongelukkig is nie alle storiestokke gelyk nie; en nie elke lewensplank gesaag dat hy mooi pas nie. Sommer vroeg in die merk, saag en boor van die planke het ek besef dat ek 'n paar foute met my storiestok gemaak het.

Vandaar moes ek korrekatief te werk gaan om die flaters in die storiestok nie oor te dra na die res van die planke nie.

Tussen Maandag se gejaag, Woensdag se gefuif en Sondag se melankolie deur leef ons dikwels onbewus. Dan krap ons kop oor ons stukkende verhoudings, slegte gesondheid, futlose geloofslawe en gebreekte gemeenskappe.

Christus roep ons tot 'n herbelyning en gee vir ons die Goeie Nuus as storiestok. Dis meer as net 'n korreksie op 'n gaatjie of twee met potlood en liniaal.

Dis die weggooi van die skeefgetrekte planke en die optel van die kruis. Aanvanklik lyk dit soos 'n plank wat deur die bouers afgekeur is, maar mettersyd kyk ons op ons lewenspad terug en sien hoe die lyne van 'n gekruisigde lewe in dieselfde rigting as Hy loop. **T**

**KKNK**  
AL DIE IETSE



**1 tot 6 April 2025 • Oudtshoorn**  
Openingskonsert en aandmark op 31 Maart 2025.



Program beskikbaar by **kknk.co.za** en kaartjies by Webtickets.

HET JAN MARAIS  
NATIONALE FONDS



**nati**  
NASIONALE AFRIKAANSE TEATER-INITIATIEF

NETWERK  
**24**

**Checkers**  
beter en beter

# TAAALGENOOT



GRAB A TEDDY  
**CRANES**  
OF TOYS AND MORE

Get Me Out Of Here!